

**DORPSONDERNAAM:
'N KULTUURHISTORIESE ONDERSOEK
NA DIE
DAMBOUERSGEMEENSKAP
WAT AAN DIE EINDE
VAN DIE 19DE EEU
OP TAFELBERG ONTSTAAN HET**



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
Magister in Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van
Stellenbosch

Studieleier: Dr M Burden
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Departement Geskiedenis

Maart 2011

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Maart 2011

Opsomming

Tafelberg is een van die wêreld se bekendste natuurbakens. Die berg speel al langer as 'n halfmiljoen jaar 'n rol in menslike kultuurbedrywighede. Die water wat vanaf Tafelberg vloei, het in 1652 tot die ontstaan van Kaapstad gelei. In die eerste 240 jaar van die stad se bestaan tot 1891 is alles moontlik gedoen om die water wat aan die noordekant teen die berg afvloei, ten beste te benut.

In 1891 is begin om ook die berg se water wat onbenut suidwaarts vloei vir die stad se gebruik aan te wend. Dié proses om Tafelberg se water maksimaal tot die beskikking van die stad te stel, het oor 'n tydperk van meer as sewe dekades gestrek en het die konstruksie van damme, tunnels en pypleidings ingesluit. Twee damme is aan die einde van die negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu in die Disastroom ten ooste van die bo-punt van Kasteelspoort gebou. Die bouwerk aan die Woodhead-dam het in 1892 begin en het tot 1897 geduur. Die konstruksie aan die Hely-Hutchinson-dam is net ná die voltooiing van die Woodhead-dam van stapel gestuur en is in 1904 voltooi.

Die dambouers is as 'n gemeenskap in die omgewing van die dambouterreine gevestig. Die akkommodasie het uit stewige en tydelike wonings bestaan. Die wonings het nie 'n eenheid gevorm nie, maar is verspreid in die nabyheid van die konstruksiewerk opgerig. Die meeste van die geboue is na afhandeling van die bouwerk gesloop en net vier wonings bestaan vandag nog. 'n Kenmerk van die akkommodasie was dat die blanke en swart werkers apart gehuisves is. Die dambouers se agtergrond was baie uiteenlopend. Sommige van hulle was hoogs geskoolde vakmanne van Brittanje, terwyl die meeste ongeskoolde arbeiders swart mense van die Oos-Kaap was. Die res van die werkspan het uit mense van Kaapstad en die omgewing bestaan. Die getal werkers op die berg het baie gewissel. Die grootste getal werkers wat op een tydstip betrokke was, het 470 beloop.

Inligting oor die bergbewoners se materiële kultuur, byvoorbeeld hul kleredrag, lewensmiddele en vergoeding, en geestelike kultuur, onder meer godsdienste, kommunikasie en vryetydsbesteding, word in dié ondersoek ontleed.

Fragmente van die dambouers se kulturele nalatenskap word in die Waterwerke Museum by die wal van die Hely-Hutchinson-dam bewaar. Dié uitstalling van implemente en toerusting is baie ongeorden en verwaarloos. Dit is noodsaaklik dat die museum na 'n doeltreffender gebou in die omgewing skuif sodat behoorlik eer betoon kan word aan die mense wat in moeilike omstandighede 'n onontbeerlike diens aan Kaapstad gelewer het.

Summary

Table Mountain is one of the world's most well-known natural landmarks. For more than a half million years the mountain played a role in human cultural activities. The water flowing off Table Mountain resulted in the establishment of Cape Town in 1652. During the first 240 years of the city's existence until 1891, everything possible was employed to make the most of the water cascading down the northern slopes of the mountain.

In 1891, the city commenced with the utilising of the mountain's water running southwards to waste. This course of action to maximise the supply of water from Table Mountain to the city, extended over a period of more than seven decades and included the construction of dams, tunnels and pipelines. Towards the end of the nineteenth century and at the beginning of the twentieth century, two dams were built in the Disa Stream to the east of Kasteels Poort's upper end. The construction work on the Woodhead Dam commenced in 1892 and continued until 1897. Building operations on the Hely-Hutchinson Dam started shortly after the completion of the Woodhead Dam and was concluded in 1904.

The dam builders were settled as a community in the vicinity of the construction sites. The housing comprised permanent as well as temporary structures. The dwellings did not form a unit, but were scattered in the proximity of the construction terrains. The majority of the structures were demolished after the completion of the work. Only four dwellings still exist today. A feature of the accommodation was the separate housing for the white and black workers. The dam builders' backgrounds were very diverse. Some of them were highly skilled artisans from Britain whereas the majority of the untrained labourers were black people from the Eastern Cape. Also included in the work force, were people from Cape Town and environs. The number of workers on the mountain varied to a high degree. The largest number at any stage totaled 470.

Information on the mountain dwellers' material culture, for example their clothing, foodstuffs and compensation, and spiritual life, for example religion, communication and leisure-time activities, is analysed in this study.

Fragments of the dam builders' cultural heritage is preserved in the Waterworks Museum next to the wall of the Hely-Hutchinson Dam. The exhibition of implements and equipment is disorganised and neglected. The transfer of the museum to another more efficient building in the area is vitally important in order that proper justice can be done to the dam builders who rendered an essential service to Cape Town in difficult circumstances.

Opgedra aan my vrou, Roanne, vir haar ondersteuning, en my kleindogter, Millie, vir haar inspirasie.

'n Spesiale woord van dank en waardering gaan aan dr Matilda Burden vir haar waardevolle raad en leiding.

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	1
1 Tafelberg	6
1.1 Van die wieg tot die graf	8
1.1.1 Geboorteplek	8
1.1.2 Trouplek	8
1.1.3 Woonplek	8
1.1.4 Sterfplek	10
1.1.5 Begraafplek	10
1.2 Geboude strukture	10
1.2.1 Bosbou	11
1.2.2 Godsdiens	11
1.2.3 Landbou	12
1.2.4 Monumente en gedenktekens	12
1.2.5 Mynbou	14
1.2.6 Toerisme	14
1.2.7 Verdediging	16
1.2.8 Vervoer	17
1.2.9 Waterwese	18
1.3 Ontspanning	19
1.3.1 Bergklim	19
1.3.2 Grotverkenning	21
1.3.3 Hengel	21
1.3.4 Jag	21
1.3.5 Sport	21
1.3.6 Stap	22
1.3.7 Vermaak	23
1.4 Woord- en visuele kuns	23
1.4.1 Humor	23
1.4.2 Legendes	25
1.4.3 Lirieke en gedigte	25
1.4.4 Naamgewing	26
1.4.5 Publikasies	27

1.4.6	Reklame	27
1.5	Natuurkundigheid	28
1.5.1	Astronomie	28
1.5.2	Fauna en flora	28
1.5.3	Geologie	29
1.5.4	Meteorologie	30
2	Watervoorsiening	31
2.1	Die eerste 24 dekades	33
2.1.1	Die Hollandse tydperk	33
2.1.2	Die Britse era	34
2.2	Tonnels en damme	35
2.2.1	Woodhead- en Apostel-tonnells	37
2.2.2	Pypleiding oor Kloofnek	38
2.2.3	Woodhead-dam	41
2.2.4	Hely-Hutchinson-dam	43
2.2.5	'n Kabellugspoor en 'n Skotse lokomotief	46
2.2.5.1	Kabellugspoor	46
2.2.5.2	Skotse lokomotief	50
3	Bergtuiste: die ontstaan van 'n dorpie	52
3.1	Woonplek	53
3.1.1	Bestaande en gesloopte woonplekke	55
3.1.1.1	Bestaande woonplekke	55
3.1.1.2	Gesloopte woonplekke waarvan die ligging bekend is	57
3.1.1.3	Gesloopte woonplekke waarvan die ligging nie bekend is nie	59
3.2	Werkplek	60
3.3	Inwoners	61
3.3.1	Thomas Stewart	62
3.3.1.1	Woodhead-dam	63
3.3.1.2	Hely-Hutchinson-dam	64
3.3.1.3	Verering en verslegtende verhouding	64
3.3.2	Blanke inwoners	65
3.3.2.1	Britse werkers	66
3.3.2.2	Werkers van Kaapstad	67

3.3.3	Swart inwoners	68
3.3.3.1	Oos-Kaap	68
3.3.3.2	Skiereiland	69
3.3.4	'Boys', 'coloured' en 'Hottentots'	69
3.3.5	Beskikbaarheid van werkers	70
3.3.5.1	Redes vir tekort	71
3.3.5.2	Werwingsaksies	72
3.3.5.3	Druk op Stewart	73
3.4	Inwonertal	74
3.4.1	Stewart se verslae	74
3.4.2	Ander bronne	76
3.5	Sewe dekades in vergetelheid	76
4	Berglewe: materiële kultuur	77
4.1	Huisvesting	77
4.1.1	Woonplekbelewenis	79
4.1.2	Geboubesonderhede	80
4.1.3	Bykomende huisvesting	81
4.2	Diensvoorwaardes	84
4.2.1	Aansoeke	84
4.2.2	Betaling van vergoeding	84
4.2.3	Indiensopleiding	85
4.2.4	Mediese versekering	85
4.2.5	Reistoelaag	85
4.2.6	Taakbeskrywing	86
4.2.7	Uitdienstreding	86
4.2.8	Werktyd	86
4.3	Kleredrag	87
4.3.1	Foto-ontleding	87
4.3.2	Swart werkers se kleredrag	87
4.3.3	Uniforme drag	89
4.3.4	Ontspanningsdrag	89
4.4	Lewensmiddele	91
4.4.1	Bergwinkeliers	92
4.4.2	Middagete	93
4.5	Vergoeding	94

4.5.1	Individue se verdienste	95
4.5.2	Vergelyking	96
4.5.3	Koopkrag	96
4.6	Vervoer	97
4.7	Weer	97
4.8	Werkplekomstandighede	98
4.8.1	Stewart se verslae	98
4.8.2	Koerantverslae	99
4.8.3	Werkpret	101
5	Berglewe: die nie-tasbare	103
5.1	Buitewêreldbekouing	103
5.1.1	Buitewêreld se siening	104
5.1.1.1	Ongeërgdheid	104
5.1.1.2	Erkenning / negering	104
5.1.1.3	Ywerige bergbesoekers	105
5.1.2	Bekouing jeens die buitewêreld	109
5.2	Natuurskending	110
5.3	Personeelsake	113
5.3.1	Onbetroubaarheid	113
5.3.2	Ongemagtigde optrede	115
5.3.3	Pligsversuim	116
5.3.4	Werkers se diere	117
5.3.5	Werkersdispute	118
5.4	Rassisme	118
5.4.1	Rassisme in die werkplek	118
5.4.2	Buitewêreld se bekouing	119
5.4.3	Die Kloofstraat-voorval	120
5.5	Gesondheid	122
5.5.1	Botsende sienings	122
5.5.2	Inperking	125
5.5.3	Vrees in Kaapstad	126
5.6	Ongevalle	127
5.7	Kommunikasie	127
5.7.1	Telefoondiens	128
5.7.2	Poskantoor	128

5.7.3	Kommunikasiegapings	129
5.8	Taal	129
5.9	Godsdienst	130
5.10	Vryetydsbesteding	132
5.10.1	Algemene ontspanning	132
5.10.2	Whiskey	133
5.10.3	Farmer se vertellings	133
5.10.3.1	Faithful Brookes	133
5.10.3.2	Wildekate	134
6	Evaluering	135

LYS VAN ILLUSTRASIES

Figuur

1	Tafelberg vanuit die noordnoordooste gesien	6
2	A Die Woodstock-grot	9
	B Pearson se graf	9
	C 'n Troue op die berg	9
	D 'n Moslem-graf	9
3	A Jarman-gedenkplaat en ruïne	11
	B Klipwal in Nurseryrafyn	11
4	A Kramat op Seinheuwel	12
	B Kramat teen Woodkrans	12
5	A Maclear-baken	13
	B Smuts-gedenkplaat	13
	C Oorlogsgedenkteken	13
	D Bronsplaas, embleem gesteel	13
6	A Die vier stelle kabelkarre	15
	B Uitstalling by onderste kabelstasie	15
7	A King's-blokhuis	16
	B Queen's-blokhuis	16
	C Prince of Wales'-blokhuis	16

	D	Seinstasie-fondament	16
8	A	Bridle Path	18
	B	Tafelbergpad	18
	C	Pad vanaf Kampsbaai	18
	D	Trolliespoor teen die berg uit	18
9		'n Lugfoto van Tafelberg met die vyf damme	19
	A	Alexandra-dam	19
	B	De Villiers-dam	19
	C	Victoria-dam	19
	D	Hely-Hutchinson-dam	19
	E	Woodhead-dam	19
10	A	'n Vrou klim berg	20
	B	Per motor die berg uit	20
	C	'n Voorblad	20
11	A	'n Toestroming	24
	B	Gereed vir die loting	24
	C	Twee Oseane-marathon	24
	D	Sokker in Kaapstad	24
12	A	Die Mons Mensae-konstellasie	29
	B	Protea Cyneroides	29
	C	Die oranjebors-suikerbekkie	29
13		Die reënwatervloei vanaf Tafelberg	32
14	A	Tafelberg se strome	34
	B	Wagenaer-reservoir	34
	C	Hurling-swaaipomp	34
15		Tafelbergse waterwerkprojekte vir Kaapstad tussen 1887 en 1961	36
16		Die begin- en voltooiingsdatums van die projekte	37
17	A	Onderkant die Woodhead-tonnel se uitlaatbek	39
	B	Die uitlaatbek in 1894	39
	C	Die datum 1891	39
	D	Die Apostel-tonnel se uitlaatbek	39
18	A	Die pype word gelê	40
	B	Mocke-reservoir	40
	C	Luguitlaatgebou	40
19	A	Gedenksteenlegging	42

	B	Onderkant die wal	42
	C	Die laaste steen	42
20		Die besonderhede van die nuwe dam	44
21		Die steen wat in 1900 gelê is	45
22		'n Voorstelling van die vervoerroete	47
23	A	Per kabellugspoor die berg uit	49
	B	Oorblyfsel op Klein Kasteel	49
	C	Boonste stasie	49
	D	Ruïne, boonste stasie	49
	E	Die ruïne uit die kloof gesien	49
24	A	Stoomkrag op die berg benut	50
	B	Op die eertydse spoorlynroete	50
25		'n Voorstelling van die woonplekuitleg	54
	A	Die Kaapprovinsie Bergklub-gebou	54
	B	Die Bergklub van Suid-Afrika-gebou	54
	C	Die Padvindersgebou	54
	D	Die Opsigtershuis	54
	E	Die Stone House	54
	F	Die Shelter	54
26		Gesloopte wonings waarvan die presiese ligging nie bekend is nie	54
	A	Huisvesting vir blankes	54
	B	Akkommodasie vir swart mense	54
27	A	Die Kaapprovinsie Bergklub-gebou	56
	B	Die Bergklub van Suid-Afrika-gebou	56
	C	Die Padvindersgebou	56
	D	Die Opsigtershuis	56
28	A	Die Stone House	58
	B	Kaart van 1897	58
	C	Die ruïne	58
	D	Opsigtershuis	58
	E	Oorblyfsels van telefoonkonneksie	58
29	A	Die Shelter	59
	B	Die Dance Floor	59
30		Fondamente van ongeïdentifiseerde geboue	60
31		Werkplekgeboue	62

	A	Sinkplate met baksteenmuur vervang	62
	B	Enigste bewaarde werkgebou	62
	C	Bouery aan die Hely-Hutchinson-dam in volle gang	62
32		Stewart op die Pipe Track	64
33		Advertensies in die <i>Cape Times</i>	68
	A	(09/03/1895:3)	68
	B	(29/03/1895:2)	68
34		Gegewens uit Stewart se verslae oor die werkergetalle op die berg	75
35		Bladsy 16 van die <i>Cape Argus Weekly Edition</i> van 18 April 1894	78
36		Die inlaatwal in die Valley of the Red Gods	82
37		Tente by die damwal	82
38		'n Pondok op Tafelberg	83
39		Swart werkers by hul eiegemaakte pondokke	83
40		Dambouers op Tafelberg	88
41		Geklee vir ontspanning	88
42		Swart werkers ontspan by hul pondokke	90
43		Advertensie oor winkel	90
44		Kos word op die berg voorberei	94
45		'n Vergelyking van vergoeding	96
46		'n Weerhaan op die berg	97
47		Harde arbeid op die berg	100
48		Werkers staan op die kloof se rant	106
49	A	Vermaak tydens die seremonie	107
	B	By die boonste kabellugspoorstasie	107
	C	Die plegtigheid	107
50		Gaste sit aan vir die noenmaal by die Hely-Hutchinson-dam	108
51		Die steengroef aan die oostekant van die Woodhead-dam	111
52		Die klipbrekery ten weste van die Hely-Hutchinson-dam	111
53	A	Die steengroef wes van die Woodhead-dam	112
	B	Rotsblokke ten weste van die Hely-Hutchinson-dam	112
	C	Die ligging van die steengroewe	112
	D	Die klipbrekery aan die oostekant van die Woodhead-dam	112
54		Stewart se brief aan die stadsklerk	121
55		'n Toiletstruktuur by die Woodhead-damwal	124
56		Die poskantoorstempel op Tafelberg	128

57	Die brief van die Anglikaanse Kerk	131
58	Die lokomotief in die museum	137
59	Buite-uitstalling verwaarloos	137
60	Dorpsondernaam-roete	138

INLEIDING

On the plateau at the top of Kasteels Poort a minor township came into being, since the workmen lived on the mountain for several years (Burman 1991:41).

Bostaande sin uit die pen van die Kaapse natuur- en geskiedskrywer Jose Burman het regstreeks tot hierdie studie aanleiding gegee. Die sin, een van twee terloopse verwysings na die bergdorpie in Burman se omvattende boek oor Tafelberg, *The Table Mountain Book*, het dié navorser, 'n ywerige Tafelberg-stapverkenner, aangespoor om meer inligting oor die gemeenskap op die berg te bekom. Die aanvanklike soeke na inligting het gegroei tot 'n volwaardige akademiese studie.

Probleemformulering

Tafelberg is een van Suid-Afrika se grootste nasionale bates – in die woorde van Jan Smuts, gewese eerste minister van die Unie van Suid-Afrika: [...] *its natural beauty and unique setting [...] should be symbolic of our civilisation itself [...]* (Hey 1994:3). Dié wêreldberoemde berg is tans in 'n wedloop gewikkel om as een van die moderne era se sewe nuwe natuurwonders aangewys te word (Breytenbach 2010a:3). Die berg is eerstens beroemd weens sy vorm en ligging, maar ook weens die uitsonderlike flora wat daar aangetref word as deel van die Kaapse fynbosstreek (Pauw & Johnson 1999:15) en die miskleed wat daarvoor vorm wanneer die suidoostewind waai. Die kabelspoor wat in 1929 aangebring is (*Cape Times* 5/10/1929:15), het sedertdien gesorg dat miljoene toeriste die berg besoek, bo en behalwe die stappers en bergklimmers wat hom aandurf.

Dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan: watter direkte rol het die berg gespeel in die geskiedenis van die ontwikkeling van Kaapstad? Bogenoemde hoedanighede dra op sigself by tot die lok van besoekers na die stad, wat op sy beurt die ekonomie en sodoende die groei van die stad stimuleer, maar dit is 'n meer indirekte invloed. Dit spreek vanself dat die berg 'n groot invloed sou hê op die fisieke uitleg van die stad, want hy lê letterlik in die pad van ontwikkeling direk na die suide.

Voorts is een van die grootste faktore by die ontwikkeling van 'n dorp of stad die beskikbaarheid van water. En dit is hierin wat Tafelberg 'n onmiskenbare groot rol gespeel het om water op te vang en vir menslike gebruik aan te bied. Dit het egter vir die inwoners van Kaapstad 'n hele twee en 'n halfeeu geneem om daardie aanbod ten beste te benut deur opgaardamme bo-op die berg te bou.

Nadat die aanvanklike prikkel tot 'n voorafstudie gelei het, het die volgende navorsingsvrae daaruit voortgevloei: Waarom is daar so min bekend oor die watervoorsiening aan Kaapstad vanaf Tafelberg? Hoeveel mense weet van die dorpie wat op die berg ontstaan het tydens die dambouery? Het die koms van die "vreemdelinge" uit ander gebiede na die Kaap, soos byvoorbeeld die ingenieurs uit Skotland en die Xhosa-werkers uit die Oos-Kaap, enige blywende invloed op die Kaap gehad? Hoe het hulle geleef daar bo op die berg? Hoe het hulle mekaar se kulture ervaar? Hoe het hulle probleme oorkom? En bowenal: het die dorpie 'n naam gehad?

Die kompleksiteit wat ontstaan wanneer verskillende kulture bymekaargebring word op 'n onherbergsame, moeilik bereikbare terrein, gekonfronteer met uiterste weersomstandighede en hoogs vermoeiende werk, is van die probleme wat hierdie studie wil ondersoek.

Doel van ondersoek

Die oorkoepelende doel van die studie is om die kultuurbelewenis van die dambouers na te vors en te analiseer. Die besondere doelwitte wat hieruit voortspruit, is onder meer:

- ❑ Om die rol van watervoorsiening aan Kaapstad en aktiwiteite wat daaruit voortgevloei het, na te gaan.
- ❑ Om 'n analise uit te voer van die strukture wat vir die dambouers se verblyf op die berg ingerig is.
- ❑ Om 'n ontleding te doen van hoe die dambouers op kulturele wyse hulle by bogenoemde omstandighede aangepas het.

Terreinafbakening

Wat die geografie betref, het die vraag by die aanvang van die studie ontstaan of Tafelberg 'n berg op sy eie is en dus afsonderlik bespreek moet word, en of Leeukop en Duiwelspiek onlosmaakbaar van Tafelberg staan en dus saam onder die loep moet kom. 'n Skrywer soos Eric Rosenthal (gd:11) beskou dit as drie losstaande, afsonderlike berge, terwyl Burman meen dat die drie pieke al van vroegste jare af as een berg beskou is (1991:11). Laasgenoemde mening word deur die oorgrote meerderheid van skrywers oor die onderwerp gehuldig en geld ook vir dié navorsing. Die studie handel oor watervoorsiening aan Kaapstad,

en die boubedrywighede wat terselfdertyd op die berg plaasgevind het om water aan Wynberg te voorsien, is dus nie ingesluit nie.

Die kern van die studie dek die tydperk vanaf 1892 tot 1904, die tyd waarin die betrokke damme gebou is. Hoofstukke 1 en 2 verskaf egter agtergrond en konteks wat oor 'n baie langer tydperk strek.

Die tematiese benadering is om die materiële en nie-materiële kultuuraspekte te ontleed. Enkele temas wat normaalweg hierby ingesluit sou wees, is egter nie van toepassing nie, soos byvoorbeeld opvoeding.

Begripsverklaring

Die betekenis van twee woorde wat in amptelike bronne verskyn en in dié navorsing vermeld word, word hier toegelig. Die betekenis van die woord "hut" word verskillend deur Engels- en Afrikaanssprekendes geïnterpreteer. Engels verwys byvoorbeeld na 'n gebou op Tafelberg as die "Mountain Club Hut", bedoelende 'n stewiggeboude struktuur soos 'n huis, terwyl Afrikaans die betekenis van *huisie* of *pondok* daaraan heg. Om dié verwarring by te lê, word die Engelse woord "hut" in dié navorsing met "gebou" vertaal. "Navvies" is 'n woord wat nie baie bekend in Suid-Afrika is nie en word as 'n verouderde Britse woord beskryf wat grondwerker, slootgrawer of padwerker beteken (Du Plessis ea 2005:1080). In hierdie studie verwys dit na swart arbeiders.

Nog woorde wat gereeld in amptelike dokumente oor die dambouprojekte verskyn, is "Kaffir" en ook die spelling "Kafir" (US JSGB 60/13:239; UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Dié kwetsende en neerhalende terme word soms in die studie direk aangehaal om die rassebeskouing van die betrokke tyd weer te gee.

Navorsingsmetodiek en evaluering van bronne

Die navorsingsmetodiek het op vyf aktiwiteite berus. Die eerste aktiwiteit het 'n literatuurstudie van nie-argivale publikasies behels. Buiten vir die voorafvermelde boek van Burman, is onder meer *Camps Bay - an illustrated history* deur Gwynne Schrire, *The Mountain* deur Douglas Hey en *Table Mountain to Cape Point* deur Carrie Hampton en Andrew McIlleron nagegaan. Die inligting oor die navorsingsonderwerp is egter baie karig en beslaan in die meeste gevalle net een sin. Die tweede aktiwiteit was die persoonlike bekendmaking van die navorsingsonderwerp aan individue en gehore. Individue met wie onderhoude gevoer is om vas te stel waar inligting moontlik bekom kon word, is onder

andere Anneke Schaafsma, bibliotekaresse, JS Gericke Biblioteek, Universiteit van Stellenbosch; Arne Singels, raadgewende ingenieur, Grootmaatwatervoorsiening, Kaapstad; en Jaco van der Merwe, hoofargivaris van die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddienste (WKAR). Dié gesprekke was almal baie vrugbaar omdat dit tot die opspoor van verskeie nuttige bronne aanleiding gegee het. Voorts is op 20 Julie 2009 op uitnodiging van Willem Fransman, voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde, 'n praatjie oor die tesis by die gilde se jaarvergadering in Bellville-Suid gelewer. 'n Opsomming van die tesis is ook in 2009 op die webblad van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch geplaas. Die praatjie en web-blootstelling het geen inligting opgelewer nie.

Die derde aktiwiteit was die reklamerings van die tesis deur middel van die media. Radio-reklamerings het bestaan uit 'n onderhoud wat die joernalis Christine Wessels van *Radiosondergrense* (RSG) oor die tesis gevoer het en wat op 24 Junie 2009 in die program *Befonk* uitgesaai is. Dagblad-reklamerings het die publiserings van 'n artikel met die titel "Tafelberg se kleed" op 12 Desember 2009 in *By*, bylae tot *Die Burger*, behels. Dié reklamerings het tot baie navraes aanleiding gegee, maar het min inligting opgelewer.

Die vierde aktiwiteit het argivale navorsing behels. In die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddienste in Kaapstad is 'n verskeidenheid van amptelike dokumentasie nagegaan, soos byvoorbeeld die notules van die Kaapstadse Munisipaliteit se Waterwerke-komitee vanaf Oktober 1892 tot einde 1905. Dié dokumente het baie inligting opgelewer ten opsigte van offisiële verwysings na die dambouprojekte. Foto's vir gebruik in die studie is in die argief se foto-versamelings gevind.

Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NBSA) in Kaapstad is benut vir berigte en advertensies wat tussen 1890 en 1905 in die *Cape Times* en die *Cape Argus* verskyn het. Dit het baie inligting opgelewer, veral wat foto's en illustrasies betref. By die Universiteit van Kaapstad se biblioteekafdeling Manuscripts & Archives, Harry Oppenheimer Instituut (UK MA) is spesifiek gefokus op 'n versameling koerantknipsels van Thomas Stewart, hoof van die dambouery, en 'n lêer bekend as die Terence Timoney Papers. Timoney was 'n waterwerke-amptenaar wat in die laaste deel van die twintigste eeu navorsing oor die dambouprojekte gedoen het. Knipsels van joernaliste se berigte oor besoeke aan die berg het waardevolle inligting opgelewer. Die knipsels van die Oktober/November 1899-uitgawe van die *Cape Church Monthly* bevat byvoorbeeld inligting oor die haglike toestande op die berg. Die Timoney-lêer het baie inligting, maar bronverwysings ontbreek in baie gevalle.

By die JS Gericke Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch (US JSGB) is die bykans volledige versameling jaarblaai van die Bergklub van Suid-Afrika asook dokumente in die

Africana-afdeling nagegaan. Die jaarblaaie bevat onder meer die dambouherinneringe van 'n gewese werker, William Farmer van Kloofnek, Kaapstad. Die Africana-dokumente het waardevolle besonderhede ten opsigte van rassevooroordele opgelewer. Die Waterwerke Museum, geleë langs die wal van die Hely-Hutchinson-dam op Tafelberg, bevat 'n uitstalling van meestal implemente en toerusting wat deur die dambouers gebruik is. Dit is nie 'n museum in die ware sin van die woord nie omdat die voorwerpe in die baie beperkte ruimte ongeorden uitgestal word en in baie gevalle nie beskryf word nie.

Wat die vyfde aktiwiteit – ondersoek ter plaatse – betref, is altesame sewentien staptogte teen en op die berg gedurende 2009 en 2010 onderneem om inligting te verkry en foto's te neem. Buiten die staptogte is die dambouterrein op 15 September 2010 op uitnodiging van die afdeling Grootmaatwatervoorsiening van die Stad Kaapstad per voertuig besoek. Tydens die ondersoek ter plaatse is broninligting in die praktyk nagegaan. Daarbenewens is inligting bekom wat waarskynlik nog nooit voorheen gepubliseer is nie, soos byvoorbeeld die vasstelling van waar die dambouerswoning Stone House geleë was.

Struktuur

In hierdie studie vorm foto's 'n essensiële ondersteunende rol om die inligting te verduidelik en toe te lig. Dit is onder meer noodsaaklik vir oriëntasie en om belangrike elemente van die materiële kultuur te illustreer. Foto's word ook aangewend om vergelykings te tref tussen die stand of voorkoms van plekke en artefakte net meer as 'n honderd jaar uitmekaar. Dit is, sover vasgestel kon word, die grootste versameling van kultuurhistoriese foto's wat nog ooit in 'n dokument oor Tafelberg verskyn het. Die enigste oorblywende gebou uit die damboutydperk by die Hely-Hutchinson-dam en die ligging van die ruïnes van die dambouerswoning Shelter is, sover bekend, nog nooit voorheen in enige ander publikasie met foto's geïllustreer nie. Tensy anders vermeld, is al die foto's in dié tesis geneem deur of in die besit van WJ Beukes.

Die gebrek aan illustrasies in bronne het daartoe gelei dat illustrasies spesifiek vir hierdie studieprojek saamgestel is om onderwerpe te verduidelik. In al die gevalle is 'n onderwerp op grond van inligting uit bronne met lyne, pyle, letters en woorde op 'n bestaande skets of foto uiteengesit.

HOOFSTUK 1

TAFELBERG

Tafelberg is deur die jare al op verskeie wyses met bewondering beskryf, onder meer as een van die wêreld se bekendste en geliefste bakens. Dit word bestempel as 'n unieke natuurwonder vanweë die verskeidenheid van flora in 'n majestueuse omgewing wat getuig van uitsonderlike prag (Hey 1994:3). Die berg word saam met Kaapstad ook beskryf as waarskynlik die skouspelagtigste plek in die wêreld (Lourens 1998:5), as Afrika se beroemdste natuurbaken (Rosenthal gd:11) en as die simbool van Suid-Afrika (Burman 1991:7). Die profiel van die berg wat internasionaal as 'n skilderagtige mirakel erken word, dien volgens 'n ander beskrywing al eeue lank as 'n bron van byna mistieke inspirasie vir besoekers. Selfs diegene wat in die skadu van die berg woon en werk, kan die krag daarvan aanvoel (Pauw & Johnson 1999:9).

Jan Smuts, destydse eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, het Suid-Afrikers versoek om Tafelberg te beskou as [...] *among our most sacred possessions, part not only of*



Figuur 1: Tafelberg vanuit die noordnoordooste gesien met Duiwelspiek (A) aan die noordoostekant en Leeukop (B) aan die noordwestekant daarvan geleë. Inlas: die vorm van Tafelberg.

the soil, but of the soul of Africa. Smuts het voorts verklaar dat die berg inderwaarheid [...] *the greatest monument of South Africa* [...] is asook [...] *our national temple, our Holy of Holies* (WKAR 3/CT 4/1/11/207:G7/1/28). Die berg is ook vergelyk met Nelson Mandela, oud-president van die Republiek van Suid-Afrika, omdat dit standvastigheid bied (Van der Heever 2009:1).

Tafelberg is op 8 Februarie 1957 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar (WKAR 3/CT 4/1/11/487:G23/46/1) en het in 1998 deel van die Tafelberg Nasionale Park geword wat van Seinheuwel tot Kaappunt strek (Oosthuizen 2008:4). In 2004 is die berg as deel van die Kaapse Fynbosblommeryk tot 'n natuurlike wêrelderfenisgebied verklaar (Bonthuys 2004:4). Die kollig val tans in die jaar 2010 sterk op Tafelberg wat deurgedring het na die eindronde van 'n internasionale kompetisie om die sewe nuwe natuurwonders van die wêreld aan te wys (Breytenbach 2010a:3).

Tafelberg is geleë in die stad Kaapstad, hoofstad van die Wes-Kaap, een van nege provinsies van die Republiek van Suid-Afrika. Die berg met die wêreldbekende plat boonste oppervlak wat bo Kaapstad uittoon (figuur 1), is aan die noordoostekant met Duiwelspiek (figuur 1A) verbind en aan die noordwestekant met Leeukop (figuur 1B). Die woonbuurte Schotschekloof, Tamboerskloof, Tuine, Oranjezicht, Vredehoek, Zonnebloem en Woodstock is aan die noordekant van Tafelberg geleë. Die berg bestaan ook uit twee "bene" of "wortels van 'n maaltand" wat suidwaarts strek en nie opvallend sigbaar van die noordekant af is nie. Dié vorm van Tafelberg word in die inlas in figuur 1 verduidelik. Die syfer 1 in die inlas dui die Kaapstadse middestad se ligging aan die noordekant aan en 2 die plat kruin. Die syfer 3 toon die een "been" aan wat as die Twaalf Apostels bekend staan en aan die westekant deur die woongebiede Kampsbaai, Bakoven en Llandudno begrens word. Die oostelike "been", gemerk 4, word begrens deur woonbuurte wat vanaf Rondebosch in die noorde tot Constantia in die suide strek. Dié vorm van Tafelberg word breedvoerig in figuur 13 geïllustreer.

Tafelberg oefen al vir meer as 'n halfmiljoen jaar 'n invloed uit op menslike kultuurbedrywighede in die omgewing. Die berg het alles voorsien wat vir mense se oorlewing nodig is - van skuilplek, kos en vars water tot weiveld en hout. Dit word bereken dat mense uit die Vroeë Steentydperk reeds sowat 700 000 jaar gelede by Tafelberg gelewe het. Omtrent 2 000 jaar gelede het Khoi-Khoi-herders hulle by die berg gevestig. Dit was ook Tafelberg wat die eerste Portugese seevaarders aangetrek het met die belofte van skuiling teen hewige storms. Die berg was vir die vroeë reisigers 'n onfeilbare koersbaken. Dit was ook die berg met sy helder strome wat die plek van Jan van Riebeeck se nedersetting bepaal het, asook Kaapstad se vorm en groei. As 'n prominente landmerk het die berg 'n spirituele

betekenis en het dit aanleiding gegee tot baie mites en legendes (Harrison ea 1997:42-43; Oberholster 1972:36-37).

Navorsers ag die invloed van Tafelberg op die mensdom se kultuurbedrywighede so hoog dat hulle meen die geskiedenis van Suid-Afrika sou baie anders gewees het as die berg nie bestaan het nie (Harrison ea 1997:42-43). Vir hierdie studie is 'n omvattende verskeidenheid van literatuur oor Tafelberg bestudeer en tientalle kilometers te voet op en teen die berg afgelê om inligting ter plaatse in te samel. Ná die verwerking van al die inligting kan die volgende standpunt van die navorser JJ Oberholster onderstreep word: *In grootsheid, natuurskoon en simboliek is Tafelberg as monument onoortroffe* (1972:36).

1.1 VAN DIE WIEG TOT DIE GRAF

Die kultuurhistoriese betekenis van Tafelberg is vasgelê in onder meer die mensdom se lewensverloop van die wieg tot die graf. Mense is al op die berg gebore, is daar getroud, het daar gewoon, het daar gesterf en is daar begrawe.

1.1.1 Geboorteplek

Sover vasgestel kon word, is een geboorte op Tafelberg geboekstaaf. Dié geboorte was op 29 Mei 1929 toe die vrou van die kabellugspoor se bouvoorman, Vernon Hendrickse, die lewe aan 'n dogter geskenk het (Burman 1991:156-157).

1.1.2 Trouplek

Tafelberg is 'n gewilde plek vir oorsese toeriste om in die eg te tree. Talle maatskappye, soos Weddings Abroad van Kaapstad, spesialiseer daarin om huweliksplegtighede op die berg te reël (figuur 2C).

1.1.3 Woonplek

Talle mense het deur die jare weens uiteenlopende redes Tafelberg hul woonplek gemaak. Onder hulle was byvoorbeeld sommige Khoi-Khoi-mense wat sedert 1657 op plase langs die Liesbeek gewerk het en hulle gaandeweg na die afgeleë dele van Tafelberg teruggetrek het (Hey 1994:9,12). Die Sweedse botanis Anders Sparrman het in die sewentigerjare van die agtiende eeu verslag gedoen oor die aanwesigheid van wegloopslawe teen die berg en dat hy byna deur 'n groep van hulle beroof is (Forbes 1975:72-73). Drosterslawe het in 1797 in 'n grot aan die voorkant van Tafelberg gewoon en diegene wat daar verbygestap het, gemolesteer (Diesel-Reynolds 1926:65).



Figuur 2: A: Die Woodstock-grot; B: Pearson se graf; C: 'n Troue op die berg; D: 'n Moslem-graf.

Nog permanente bewoners van die berg was gevangenes wat aan die einde van die negentiende eeu as werkers by bebossing betrokke was. Die King's-blokhuis is volgens 'n verslag van 28 Februarie 1893 verander [...] *with iron sheds to accommodate a party of 30 convicts* (WKAR AGR 131:F553). Tussen 1892 en 1904 het honderde werkers van die dambouprojekte op die berg gewoon (sien hoofstukke 3 tot 5).

Individue het ook as Tafelberg-bewoners bekendheid verwerf. Een van hulle was Joshua Penny, 'n Amerikaner wat van 'n Britse skip gedros het en aan die einde van die negentiende eeu veertien maande lank in 'n grot in Fountainravyn gewoon het (Crump 1958:24-29). 'n Afgetrede Sweedse matroos het rondom 1900 in 'n grot teen Kloofkrans gewoon (Bergklub-

jaarblad 1903:38). Nog 'n bewoner was as Blinkwater Johnny bekend. Hy het van 1912 tot omtrent 1927 in 'n grot langs Blinkwaterkloof gewoon (Crump 1945:46-47). Vandag leef die naam van die berg voort in die bestaan van sosiaal-verstote dakloses, die sogenaamde Bergies, teen die berghange (Hey 1994:12). In 'n ondersoek ter plaatse op 21 April 2010 is vasgestel dat 'n aantal mense in die Woodstock-grot (figuur 2A) teen Duiwelspiek woon. Een van die grotbewoners (met pyl aangedui) is besig om vuurmaakhout aan te dra.

1.1.4 Sterfplek

Talle mense het deur die jare die tydelike met die ewige op Tafelberg verwissel. Verskeie verslae daaroor is geboekstaaf en 'n aantal daarvan word vervolgens vermeld. In 1679 het sewe matrose van die Hollandse skip Pylfwaard die berg uitgestap. Drie het nooit teruggekeer nie omdat hulle waarskynlik deur wilde diere soos leeus opgevreet is (Diesel-Reynolds 1926:70). Volgens 'n verslag van 5 Desember 1902 is 'n munisipale werker op die berg deur 'n kollega vermoor (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:34). In 1904 is 'n blomplukker dood nadat hy teen 'n krans afgeval het (*Cape Argus* 14/01/1904:6). Die lewe van talle rotsklimmers is ook geëis. In 1963 is bekend gemaak dat dertig klimmers in die voorafgaande sewe dekades teen die berg verongeluk het (Katz 1963:18-19).

Berigte oor stappers se sterfgevalle teen en op Tafelberg het ook gereeld in die pers verskyn. Aan die einde 2009 en begin 2010 was daar binne 'n paar weke drie berigte oor sulke ongevallen. 'n Lyk is op 10 Desember 2009 op 'n rotslys teen Tafelberg gevind (Schoeman 2009:1). 'n Persoon het op 17 Januarie 2010 aan die voorkant van die berg na sy dood geval (Breytenbach 2010b:4) en op 22 Februarie 2010 is berig oor 'n stapper wat weens hitte langs Platteklipravyn dood is (Breytenbach & Potgieter 2010:1).

1.1.5 Begraafplek

Heelwat Moslem-gelowiges is deur die jare teen die berg begrawe – onder meer in Platteklipravyn en teen die hang van Woodbastion bokant Bakoven (figuur 2D). Die oorblyfsels van Kaapstad se eerste Moslem-begraafplaas teen Seinheuwel is in 1929 in die pers beskryf (Burman 1991:106; Du Plessis 1972:20-22). Figuur 2B toon die graf van die eerste kurator van die Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin, HHW Pearson, teen die oostelike hang van die berg.

1.2 GEBOUDE STRUKTURE

Die mensdom se opvallendste kultuurhistoriese nalatenskap op en teen Tafelberg is geboude strukture. Dié strukture sluit nie net die twee prominente kabelstasies in nie, maar ook onder meer damme, murasies en gedenktekens.

1.2.1 Bosbou

Bosboubedrywighede het daartoe gelei dat talle geboude strukture opgerig is. Een van dié geboue was die woonhuis van Frank Jarman, die hoofbosbouer wat in 1893 op die berg gestasioneer is om bebossing te behartig. Volgens 'n kaart van daardie jaar het die huis, geleë teen die oostelike hange van Duiwelspiek, uit 'n slaapkamer, kantoor en bergplek bestaan (WKAR AGR 747:B2705; Burman 1991:58). In 'n ondersoek ter plaatse (21/09/2009) is bevind dat net 'n deel van 'n klipmuur (figuur 3A1) en 'n stuk fondament (figuur 3A2) van die huis nog behoue gebly het.



**Figuur 3: A: Jarman-
gedenkplaat en ruïne;**

**B: Klipwal in
Nurseryrafyn.**



'n Gedenkplaat is in November 1904 teen die muur aangebring. Die woorde daarop lui: *In memory of forester Frank Jarman, who from 1893 to 1902, had charge of the forest work which covered this wind-swept mountain with trees. He left here for similar work at Elgin on the mountains opposite, and died as the result of an accident. On the wall of this house which he built, and in which he lived, this tablet is placed [...]. He found these barren stony slopes tree-less; he left them covered with forest.*

Nog bosbou-aktiwiteite wat tot 'n geboude struktuur aanleiding gegee het, het aan die bo-punt van Nurseryravyn aan die oostekant van Tafelberg plaasgevind. Hier is in die negentigerjare van die negentiende eeu verskillende bome geplant om die invloed van hoogte op hulle te bepaal (Hey 1994:117-119). In 'n ondersoek ter plaatse is op 'n vervalde klipwal (figuur 3B) afgekom wat vermoedelik die wal van 'n leidam is wat tydens die kwekerybedrywighede daar gebruik is.

1.2.2 Godsdiens

Die kramatte teen Tafelberg is deel van die Islam se "heilige sirkel van graftombes" in die Kaapse Skiereiland (Du Plessis 1972:20,22). Die Dargan Kramat met die graftombe van Sayed Muhammad Hassen Ghaibii Shah (figuur 4A) is op Seinheuwel geleë en die kramatte van onder andere Sayed Jaffar (figuur 4B) kom teen die hange van Woodkrans voor.



Figuur 4: A: Kramat op Seinheuwel; B: Kramat teen Woodkrans.

1.2.3. Landbou

Plase, soos onder meer die Van Breda-landgoed en Oranjezicht, is sedert die sewentiende eeu teen die hange van Tafelberg aangelê (Lückhoff 1951:10,14,51). In 'n ondersoek ter plaatse is op verskeie oorblyfsels van klip- en grondmure in die omgewing afgekom.

1.2.4 Monumente en gedenktekens

Tafelberg se aansien as monument word geïllustreer deur die bewoording op die grafsteen van Pearson. Dit lui: *If ye seek his Monument look around*. Buiten Tafelberg self en die King's-blokhuis wat in 1938 tot monument verklaar is (Oberholster 1972:26), kom verskeie ander monumente en gedenktekens op die berg voor.

Voorbeelde hiervan is drie kultuurhistoriese bakens wat naby mekaar aan die oostelike kant op die hoofafel van die berg te sien is. Een van hulle is Maclear-baken (figuur 5A), 'n klipstapel op die hoogste punt (1 087 meter) van Tafelberg. Die bewoording van die gedenkplaat teen die drie meter hoë baken lui: *Hierdie klipstapel is in Desember 1844 as peilbaken deur sir Thomas Maclear (1794-1879) opgerig in sy opmeting vir die kontrolering en uitbreiding van die abbé De la Caille se meridiaanboog. Dit is gerestoureer met die oog op die honderdjarige herdenking op 14 Julie 1979 van Maclear se dood. As 'n sterrekundige by die Koninklike Sterrewag het hy 'n begin gemaak met die geodetiese opmeting van Suid-Afrika.*

Sowat tien meter ten noorde van Maclear-baken is 'n natuurlike amfiteater in die rotse. Smuts het gereeld daarheen gestap en soms mense daar toegespreek. 'n Gedenkplaat (figuur 5B) ter ere van Smuts is in die amfiteater aangebring. Op 17 Desember 1952 is berig dat *Lang toue mans, vroue en kinders [...]* die vorige dag in digte mis teen die hange van Tafelberg uitgeklim het om die onthulling van die Smuts-bronsplaat by te woon (WKAR 3/CT

4/1/11/482:G23/39). Die woorde op die plaat lui: *Jan Christiaan Smuts – 1870 – 1950. His life was gentle, and the elements so mixed in him that nature might stand up to all the world – this was a man.* Aan die oostelike kant van die amfiteater is 'n oorlogsgedenkteken (figuur 5C) opgerig ter nagedagtenis aan die lede van die Bergklub van Suid-Afrika wat in die Eerste Wêreldoorlog gesneuwel het. Smuts het dié bronsplaat op 25 Februarie 1923 onthul (Anson-Cook 1965:11; Smuts 1952:261-262).

Die Rhodes-Gedenkmonument teen die oostelike hang van Duiwelspiek is op 5 Julie 1912 ingewy (WKAR 3/CT 4/1/11/477:G23/20). Altesame 49 trappe verby die beelde van 'n ruiter te perd en agt leeus lei tot by 'n borsbeeld van Rhodes. Die woorde bo die beeld lui: *To the spirit and life work of Cecil John Rhodes who loved and served South Africa 1853 1902.* Die volgende woorde verskyn op die voetstuk: *The immense and brooding spirit still shall quicken and control living. He was the land and dead his soul shall be her soul.*



Figuur 5: A: Maclear-baken; B: Smuts-gedenkplaat; C: Oorlogsgedenkteken; D: Bronsplaat, embleem gesteel.

Die aanbring van 'n bronsplaat en ook 'n embleem van die Historiese Monumentekommissie ter herdenking van die verklaring van Tafelberg tot 'n nasionale gedenkwaardigheid is op 26 Junie 1961 afgehandel (WKAR 3/CT 4/1/11/487:G23/46/1). 'n Ondersoek ter plaatse op 17 Desember 2009 het aan die lig gebring dat die plaat en embleem gesteel is. Figuur 5D dui die rots aan die onderpunt van Platteklipravyn aan waar dit uitgesny is.

1.2.5 Mynbou

Tafelberg het onder mynboubedrywighede deurgeloopt. Leeukop was byvoorbeeld teen die einde van die negentiende eeu gewild onder goudsoekers. 'n Goudmynmaatskappy is in 1887 in die lewe geroep en 'n skag van sowat 50 meter is gegrawe (De Beer 1987:21).

'n Kwarteeu later, in 1912, is 'n tinmyn teen Duiwelspiek bedryf. Volgens 'n koerantberig is vyf klipbrekers op die terrein gebruik en was die mynskag 60 meter diep (*Cape Argus* 16/01/1912:6).

1.2.6 Toerisme


Toerisme het aanleiding gegee tot die prominentste geboude strukture op en teen Tafelberg – die boonste en onderste kabelstasies en die kabelspoor wat hulle verbind. Die gedagte van vervoer na die top van die berg het in die sewentigerjare van die negentiende eeu ontstaan toe spoorwegbouwerk aan die Kaap begin is. Planne is voorgestel vir 'n tandratspoor teen die berg uit, maar die Anglo-Boereoorlog het dié voorstelle in die kiem gesmoor. In 1913 het inwoners van Kaapstad oorweldigend gestem ten gunste van 'n kabellugspoor vanaf Oranjezicht teen Platteklipravyn uit. Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het egter 'n stokkie voor dié plan gesteek (*Cape Times* 5/10/1929:15; Hey 1994:28).

Ná die oorlog is 'n besluit geneem om 'n lugspoor aan die voorkant van die berg op te rig. Dit is op 4 Oktober 1929 in gebruik geneem. Die volgende dag is soos volg daarvoor berig: *At a quarter to three yesterday afternoon, the Table Mountain Aerial Cableway, one of the longest single-span cableways in existence, was opened [...].* Mense het in groot groepe in Adderleystraat gestaan en gekyk hoe [...] *the as yet unfamiliar cars glide up Table Mountain* (*Cape Times* 5/10/1929:15; Hey 1994:28).

Vier stelle kabelkarre (figuur 6A) het deur die jare diens gedoen. Die eerste stel is tot 1958 gebruik, die tweede tot 1974 en die derde stel tot 1997. Die huidige stel is op 4 Oktober 1997 in gebruik geneem (Harrison ea 1997:53; Hey 1994:30). Die teenswoordige kabelkarre se voorgangers word by die onderste kabelstasie uitgestal (figuur 6B).

Miljoene mense is deur die jare met die kabelspoor teen die berg uit en die gewildheid van dié toeriste-atraksie neem voortdurend toe. Dit het byvoorbeeld dertig jaar sedert die opening van die spoor geduur voordat die miljoenste kabelkarryer in 1959 die berg uit is (Harrison ea 1997:53). In die volgende 49 jaar – van 1959 tot 2008 – het 18 miljoen mense dié vervoermiddel benut. Die 20 miljoenste besoeker is op 25 Maart 2010 die berg uit (Cloete 2010:6). Van die bekende besoekers wat al só vervoer is, is die Britse koningsgesin in 1947 en die Ierse dramaturg George Bernard Shaw (Harrison ea 1997:52-53; Rosenthal gd:91).

Buiten die kabellugspoor het Tafelberg ook 'n tweede baie gewilde toeriste-aantreklikheid, die Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin. Kirstenbosch word beskou as die grootste tuiste van fynbos in die land. Rhodes het die gebied in 1895 gekoop. Met sy dood in 1902 het hy sy hele Grootte Schuur-landgoed, wat die latere Kirstenbosch ingesluit het, aan die Suid-Afrikaanse nasie nagelaat met 'n beperking op vervreemding. Die Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin het op 6 Mei 1913 sy beslag gekry toe die Parlement besluit het om 'n stuk grond hiervoor beskikbaar te stel (Compton 1930:5).



Figuur 6: A: Die vier stelle kabelkarre (Harrison ea 1997:52-53); B: Uitstalling by onderste kabelstasie.



Figuur 7: A: King's-blokhuis; B: Queen's-blokhuis; C: Prince of Wales'-blokhuis; D: Seinstasie-fondament.

1.2.7 Verdediging

Tafelberg, Duiwelspiek en Leeukop is vir die verdediging van die Kaap aangewend. Verskeie strukture getuig vandag nog hiervan. Tydens die Eerste Britse Besetting van 1795 tot 1803 is drie blokhuse teen Duiwelspiek gebou - Queen's-, Prince of Wales'- en King's-blokhuis. Tafelbaai en Valsbaai is vanaf laasgenoemde te sien en dit is dus destyds as seinstasie tussen die twee baaie gebruik (Oberholster 1972:26). King's-blokhuis (figuur 7A) is steeds in 'n goeie toestand, maar Queen's-blokhuis (figuur 7B) en Prince of Wales'-blokhuis (figuur 7C) het heeltemal vervalde geraak.

Leeukop het ook 'n rol in die verdediging van die Kaap gespeel. Die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie het 'n permanente uitkykpos op dié berg gehad met 'n vlagpaal op die toppunt. Die seinman het in Kloofnek, in daardie tyd bekend as Vlaggemans Kloof, gewoon. 'n Baksteengebou het tot die sewentigerjare van die negentiende eeu in die kloof bestaan as woonplek van die seinmanne. In September 1821 is 'n nuwe vlagpaal op Seinheuvel opgerig

en teen ongeveer 1878 is 'n seinstasie daar gebou. Die aankoms van skepe is van daar met vlae en metaalballe bekend gemaak. Nadat seinwerk teen ongeveer 1950 in onbruik verval het, het die stasie 'n ruk lank as restaurant gedien voordat dit gesloop is (Murray 1964:101-102). In 'n ondersoek ter plaatse is op die fondament van die stasie naby 'n moderne kommunikasietoring afgekom (figuur 7D). 'n Blokhuis het tot die einde van die negentiende eeu in Kloofnek bestaan, want op 28 Oktober 1893 is 'n versoek gerig dat dié gebou moes dien as huisvesting vir gevangenes wat brandpaaie teen Tafelberg gemaak het (WKAR AGR 201:F1398).

1.2.8 Vervoer

Die mensdom het ook met padbouwerk sy stempel op die berg afgedruk. Een van dié paaie is die Bridle Path wat vanaf Constantianek vir sowat 8 kilometer tot by die Hely-Hutchinson-dam strek. In argivale bronne word daar op 9 Februarie 1893 na dié pad verwys toe aansoek gedoen is om dit waar nodig te wysig of te verbreed [...] *to convey material in considerable quantities from Cape Town to the Works at the Upper Gorge [...]* (WKAR LND 1/437:L4423).

Die roete was aanvanklik 'n ruitepad teen die berg op. Die ontstaan daarvan is waarskynlik aan die oprigting van die boomkwekery in Nurseryravyn te danke. Op 'n 1897-kaart van Tafelberg word die pad beskryf as 'n "New path to Table Mountain" (WKAR M4/859; Van Zyl 1997:3). In ander bronne word daar op 14 September 1910 na die roete as die "Mule Track" verwys en op 11 Mei 1911 na "bridle path" (WKAR 3/CT 4/1/1/117:E202/1). In 'n ondersoek ter plaatse (2010) is bevind dat die pad, 'n enkelbaan, in 'n goeie toestand is. Figuur 8A toon die pad teen Spilhausrif. Dit is nie oop vir openbare verkeer nie. Die pad aan die voorkant van die berg is in 1929 met die opening van die kabellugspoor amptelik as die Tafelbergpad in gebruik geneem (*Cape Times* 5/10/1929:15). Dié dubbelbaanteerpad van sowat 6 kilometer loop teen die hang van Duiwelspiek dood (figuur 8B). 'n Enkelbaanpad met 'n gedeeltelike sementoppervlak strek vanaf Kampsbaai tot teen die hang van Posternbastion (figuur 8C). Dit is nie 'n openbare pad nie.

'n Spoorlyn vir trollies is aan die begin van die twintigste eeu vanaf die terrein van die huidige Kirstenbosch gebou om voorraad bo-op die berg te kry vir die bou van die Wynberg-damme. Dit was 'n dubbelspoorlyn – die een trollie met ballas het teen die berg afgekom terwyl die ander een opgegaan het. Die oorspronklike dryfkrag is deur twee perde verskaf wat by die boonste eindpunt al om 'n konka geloop het. Die perde is later deur masjinerie vervang (Crump 1941:69-70). Figuur 8D toon die spoor teen die berg uit. Die onderskrif by die foto lui: *The Trolley Track. Built by John Delridge for the construction of the De Villiers reservoir, completed in 1910* (UK MA BC1430 H32T).



Figuur 8: A: Bridle Path; B: Tafelbergpad; C: Pad vanaf Kampsbaai; D: Trolliespoor teen die berg uit (UK MA BC1430 H32T).

1.2.9 Waterwese

Die fisieke gevolge van die omvattende kultuurhistoriese bedrywighede om Tafelberg se water vir menslike gebruik in Kaapstad en die omgewing van die berg aan te wend, is steeds oral teen en op die berg te sien. Talle geboude strukture, nog in gebruik of in verskillende fases van verval, illustreer die groot omvang van die waterprojekte. Vyf damme is tussen 1892 en 1910 gebou om water aan Kaapstad en Wynberg te voorsien. Die damme se ligging word in figuur 9 geïllustreer. Die damme is Hely-Hutchinson (figuur 9D) en Woodhead (9E) wat aan Kaapstad water verskaf en Alexandra (9A), De Villiers (9B) en Victoria (9C) wat vir watervoorsiening aan Wynberg gebou is (Burman 1991:37-43; Hey 1994:17-19; NBSA AF.1988-42:8,11,15). Die waterverskaffing vanaf Tafelberg aan Kaapstad word volledig in hoofstuk 2 bespreek.



Figuur 9: 'n Lugfoto van Tafelberg (NBSA AF.1998-42) met die vyf damme. Die rigting noord word in die boonste linkerhoek aangedui. A: Alexandra-dam; B: De Villiers-dam; C: Victoria-dam; D: Hely-Hutchinson-dam; E: Woodhead-dam.


1.3 ONTSPANNING

Tafelberg, die unieke ontspanningshart van Kaapstad, word beskou as [...] *a playground furnished by nature* (Hey 1994:15). Daarom het mense deur die jare die berg benut om van die stad se bedrywighede te ontsnap en binne loopafstand in die rustige natuur te ontspan.

1.3.1 Bergklim

Tafelberg is bekend as die geboorteplek van bergklim as sport in Suid-Afrika. Die Bergklub van Suid-Afrika het deur die jare 'n groot rol gespeel om dié tipe ontspanning te bevorder en te beveilig. Die klub is in 1891 as die Bergklub in die lewe geroep na aanleiding van 'n voorval twee jaar vantevore toe 'n groep stappers van die berg gered moes word. Die naam is in 1910 na die Bergklub van Suid-Afrika verander. Die klub se jaarblaai en joernale is 'n belangrike bron van inligting oor die kultuurgeskiedenis van Tafelberg. Figuur 10C is die voorblad van 1907 se jaarblad.

Een van die klub se eerste take was om sorg te dra dat ervare gidse aangestel is om stappers teen die berg uit te neem. Kort ná die stigting van die klub is berig dat agt bevoegde mans, almal Kaapse Moslems wat die berg baie goed geken het, hiervoor aangestel is (Anson-Cook 1965:3; Burman 1991:104-106). Die klub se klubhuis op Tafelberg is op 16 Desember 1905 amptelik geopen (Bergklub-jaarblad 1905:50). Talle nuwe bergklimroetes teen Tafelberg is deur die jare deur lede van die klub vir ander lede en die publiek oopgestel. In 1905 het vyftig sulke roetes reeds bestaan. Twee jaar later is vermeld dat nog sewe roetes bygekom het en in 1909 is na nog 2 nuwe roetes verwys (Bergklub-jaarblad 1907:45; Travers-Jackson



Figuur 10: A: 'n Vrou klim berg (Bergklub-jaarblad 1903:17); B: Per motor die berg uit (Rosenthal gd:45); C: 'n Voorblad (Bergklub-jaarblad 1907).

1909/1910:87-88). In 1903 is verwys na [...] *Lady Climbers on Table Mountain* (Bergklub-jaarblad 1903:13-19; figuur 10A).

1.3.2 Grotverkenning

Grotverkenning was nog altyd 'n gewilde manier van ontspanning teen die berg. Die Bergklub het reeds in 1909 'n opname van die berg se grotte gemaak. Die grotte, bekend as die Wynberggrotte, is in die bergrug ten noorde van Oranjekloof geleë. Dit strek parallel met die lengte van die rug op 'n gemiddelde diepte van 40 meter. Van die individuele grotte se name is "The Spiral Staircase" en "Pluto's Hall" (Weerts & Robertson 1909/1910:74-75).

1.3.3 Hengel

Hengel was blykbaar 'n gewilde vorm van ontspanning op die berg. So byvoorbeeld het die sekretaris van landbou op 30 Oktober 1907 verklaar dat goedkeuring verleen is vir die vang van forelle in die munisipale reservoires op die berg (WKAR PAN 83:K18/9).

1.3.4 Jag

Jag kom gereeld ter sprake in kultuurhistoriese dokumentasie oor Tafelberg. Die Franse reisiger Francois le Vaillant het byvoorbeeld in 1783 'n aasvoël op die berg geskiet en gebraaï. Dit het egter so sleg geruik en gesmaak dat hy dit nie kon eet nie (Diesel-Reynolds 1926:76). Nog 'n verwysing na jag op die berg het op 16 September 1892 voorgekom toe die departement van landbou 'n aansoek om dassies te skiet, afgekeur het (WKAR AGR 29:G74). Op 8 Mei 1925 is die stadsklerk van Kaapstad ingelig dat twee mans met vuurwapens en honde teen Tafelberg gewaar is (WKAR 3/CT 4/1/5/121:B536/5).

1.3.5 Sport

Twee amptelike wedlope vind teen en op die berg plaas. Die Tafelberg 16 Km-wedloop strek vanaf Constantianek tot by die Heli-Hutchinson-dam en terug. Die Drie Pieke-wedloop behels dat die deelnemer binne 14 uur tot op die hoogste punt van Duiwelspiek, Tafelberg en Leeukop draf en elke keer terugkom na Groentemarkplein, Kaapstad voordat hy of sy die volgende piek aandurf. Dié wedloop word aangebied ter herdenking van CW Schneeberger wat in 1897 op een dag heen en weer na al drie kruine gedraf het. Die eerste amptelike wedloop is in 1997 gehou, 'n eeu na Schneeberger se poging (Drie Pieke-pamflet: 2009). Die navorser het die Drie Pieke-wedloop twee keer met sukses voltooi en beskik oor 'n permanente nommer vir die Tafelberg 16 Km-wedloop ná die voltooiing van 5 wedlope.

1.3.6 Stap

Talle mense het deur die jare Tafelberg vir ontspanning uitgestap om die natuur en die uitsig van bo af te bewonder. Die Portugese edelman Antonio de Saldanha was volgens aantekeninge in 1503 die eerste persoon van Europese afkoms wat die berg te voet uit is. Dié eerste staptog was egter nie vir ontspanning nie, want De Saldanha is die berg uit om vas te stel of hy al om die Kaap van Storms gevaar het (Burman 1991:9,12).

Van Riebeeck se Dagregister meld nie dat hy ooit Tafelberg uitgeklim het nie, maar hy het egter dikwels sy amptenare die berg uitgestuur. Op 29 September 1652, byna ses maande ná Van Riebeeck se aankoms aan die Kaap, het die eerste amptelike staptog teen die berg uit plaasgevind. Byna driehonderd jaar na De Saldanha, in 1797, is die eerste vrou van Europese afkoms, lady Anne Barnard, tot bo (Diesel-Reynolds 1926:67; Hey 1994:15; Oberholster 1972:37).

Een van die bekende Tafelberg-stappers was Smuts. Hy het sowat 300 keer die berg uitgestap en net een keer die kabellugspoor gebruik toe hy in 1947 saam met die koningsgesin afgery het. Sy gunstelingroete van Kirstenbosch tot Maclear-baken is na hom genoem en staan as die Smuts-pad bekend (Hey 1994:120; Smuts 1952:401).

Platteklipravyn aan die voorkant van die berg is die gewildste staproete. Ander populêre staproetes is die Pipe Track – 'n voetpad al langs 'n Kaapstadse waterpypleiding – en Kasteelspoort aan die westekant, Nursery- en Skeletonravyn aan die oostekant, die Kontoerpad teen die noordelike en oostelike hange en Bridle Path. Bo-op die berg is daar talle staproetes tussen die boonste kabelstasie in die weste en Maclear-baken in die ooste (Harrison ea 1997:4-5,18-19). Die Hoerikwaggo-roete strek vanaf Kaapstad oor Tafelberg tot by Kaappunt (Rolston 2010:1). Staproetes loop ook teen Duiwelspiek en Leeukop uit. Twee kettings is teen die oostelike kranse van Leeukop aangebring om stappers te help. Dié kettings is al lank deel van Leeukop, want verskeie verwysings daarna kom voor, onder meer in 'n munisipale brief van 19 April 1912 (WKAR 3/CT 4/2/1/1/123:1032/111).

Talle pogings is deur die jare aangewend om die veiligheid van stappers op die berg te verseker. So byvoorbeeld het die owerheid op 12 Februarie 1892 'n versoek van die Bergklub ontvang aangaande [...] *real danger* [...] *on the upper plateau in case a party* [...] *is surprised by the South East Blow*. Die Bergklub se voorstel dat 'n baken aan die bo-punt van Platteklipravyn opgerig word om stappers te help, is goedgekeur (WKAR LND 1/373:L5801). Op 19 Januarie 1893 het die Bergklub verlof by die owerheid gevra om twee roete-aanwysings op die berg op te rig omdat dit [...] *of immense service in guiding mountaineers* [...] sou wees (WKAR LND 1/466:L6792).

In 1909 is 'n Skotse herdershond op Tafelberg gered nadat die hond se baas na sy dood geval het. Die Bergklub het na aanleiding hiervan gewaarsku dat [...] *on no account, should dogs be taken up those climbs* (Bergklub-jaarblad 1909/1910:4).

1.3.7 Vermaak

Pret en plesier het ook deel uitgemaak van Tafelberg se benutting deur die mensdom. Die koerant *Cape Argus* het daarop aanspraak gemaak dat hy die eerste groot gebeurtenis van die Unie-jubileum in 1960 in Kaapstad aangebied het. Dit was die "£1000 Tip-to-Top Contest" wat behels het dat deelnemers [...] *by ingenious methods of transport of their own choosing* [...] die roete vanaf Kaappunt tot Maclear-baken moes aandurf. £500 van die prysgeld was op die spel vir die deelnemer wat met die [...] *most meritorious performance* [...] vorendag gekom het. Die wenner was twee studente wat 'n dubbelbed teen die berg uitgestoot het. Hulle het op die bed oornag. 'n Ander inskrywing was 'n ossewa met 'n span osse (WKAR 3/CT 4/1/11/104:G5/47/15; Muir 1975:24).

Mense het deur die jare op allerlei wyses teen die berg probeer uitkom. Dirk Gysbert van Reenen word beskou as die eerste persoon wat Tafelberg te perd uitgery het. Dit was rondom die jaar 1800. In 1829 het James Holman dieselfde gedoen. Wat merkwaardig ten opsigte van laasgenoemde is, is dat Holman blind was. Al die ritte te perd is uit 'n oostelike rigting vanaf die huidige suidelike voorstede aangepak. In 1928 het AP Cartwright met 'n Austin-motor die bo-punt van die berg bereik (figuur 10B) (Burman 1991:21; Rosenthal gd:45).

1.4 WOORD- EN VISUELE KUNS

Tafelberg is ongetwyfeld een van die natuurverskynsels op aarde waarna die meeste in die woord- en visuele kuns verwys word. Dié verwysings kom voor in van humor en liedjies tot volksang en reklame.

1.4.1 Humor

Die humor ten opsigte van Tafelberg vind gestalte in onder meer spotprente. Voorbeelde van laasgenoemde is figuur 11A waar die toeloop na die sokkerkompetisie vanaf Tafelberg waargeneem word en figuur 11B waar Tafelberg vir die wêreld sokkerbekerloting "gedek" is.



Figuur 11: A: 'n Toestroming (*Cape Argus* 4/12/2009:16); B: Gereed vir die loting (*Mail & Guardian* 6/12/2009:14); C: Twee Oseane-marathon (Twee Oseane-pamflet: 2010); D: Sokker in Kaapstad (Stad Kaapstad-pamflet: 2010).

1.4.2 Legendes

Verskeie legendes het ontstaan as gevolg van Tafelberg se treffende vorm en romantiese assosiering (Rosenthal gd:121). Die Duiwel is van die vroegste tye af op die een of ander manier met Tafelberg in verband gebring. In 1672 is na die spits langs Tafelberg verwys as Duiwelsberg omdat die wind daar verantwoordelik was vir [...] *horrible roaring and growling* [...]. In 1691 is vermeld dat die berg Duiwelsberg heet [...] *omdat hij so baje kwaad doen* [...].

Die verhaal van Van Hunks en die Duiwel se rookstryd speel ook teen Duiwelspiek af. Dié rokerij het glo aanleiding gegee tot Tafelberg se Kleed, die wolklaag wat op die berg gevorm word wanneer die suidoostewind daaroor waai (Grobelaar 1981:596-597). Die suidoostewind staan ook as die Kaapse Dokter bekend omdat hy volgens die skrywer Boerneef [...] *dan kwansuis die Kaap sou skoonwaai en reinig van alle kieme en siektes en ongeregtigheid* (1965:14-15).

'n Xhosa-sprokie oor Tafelberg lui dat toe Quamata, die kind van Tixo (die Songod) en Djobela (die Aardgodin), die wêreld geskep het, die Groot Seedraak hom uit jaloesie aangeval het in 'n poging om die skeppingswerk te verhinder. Quamata is in die aanval verlam. Djobela het hom probeer help deur vir beskerming magtige reuse op die 4 hoeke van die wêreld te skep. Die Groot Seedraak het die reuse ná talle gevegte doodgemaak. Djobela is toe versoek om die reuse in berge te verander sodat hulle selfs in hul dood kan help om die wêreld te bewaak. Die grootste reus, Umlindiwelingizinu, is in Tafelberg – ook bekend as die Wagter van die Suide – verander (Harrison ea 1997:21).

Nog 'n legende in verband met Tafelberg is dat die agtiende-eeuse storieverteller Von Münchhausen op 'n tog rondom die wêreld Tafelberg se top afgeskiet het om Duiwelspiek te vorm. 'n Verdere legende lui dat Antje Somers, 'n man in vroueklere, teen die hange van Tafelberg gewoon het. Hy het verbygangers aangeval, hulle van hul klere beroof en nakend agtergelaat (Rosenthal gd:121,123-124).

1.4.3 Lirieke en gedigte

Tafelberg is ook in lirieke van liedere verewig. 'n Voorbeeld hiervan is die digter CP Hoogenhout se *Waar Tafelberg begin* wat soos volg lui:

*Waar Tafelberg begin tot ver in die Transvaal, Woon één verénigd
volk, één algemene taal, 'n Volk voorheen misken, 'n*

Volk voorheen gesmoord, Maar nou beroemd, geeerd in Oos, Wes, Suid en Noord.

Nog 'n voorbeeld is *Waar ou Tafelberg se kop* van die digter PJ Kloppers en waarvan die eerste paar reëls lui:

*Waar ou Tafelberg se kop deur die wolke steek, tot waar die Lim-
popostroom deur die bergwal breek; waar oor uitgestrekte veld
rol die ossewa: Daar is my Vaderland, my Suid-Afrika* (De Villiers ea 1961:13-14;46-47).

Een van die talle gedigte oor Tafelberg is 'n weergawe deur DPF getiteld *Table Mountain* wat in 1895 gepubliseer is. Die eerste twee en laaste twee reëls van dié gedig lui:

*'Tis is not of Alpine peaks which reach and pierce the clouds,
Which everlasting snow in solemn mystery shrouds;
[...]
'Tis is not of these I sing, I choose the homelier theme,
'Tis grand old Table Mountain, majestic and serene* (Bergklub-jaarblad 1895:13).

Die digter Boerneef verwys na Tafelberg as die "Ouboet":

*Van al my land se Tafelberge
is daar vir my maar twee
dis die Tafelberg by Boplaas
en sy Ouboet by die see [...]* (1977:94).

1.4.4 Naamgewing

Naamgewing ten opsigte van Tafelberg is 'n weerspieëling van die gevoelsuitdrukking van die gemeenskap of politieke mag wat aan die Kaap in beheer was. Selfs die naam Tafelberg is hiervolgens gegee. Die Khoi-Khoi-mense het aanvanklik die naam Hoerikwaggo ("Berg by die See") aan die berg gekoppel (Harrison ea 1997:43). De Saldanha het in 1503 die berg tot Tafelberg gedoop (Diesel-Reynolds 1926:67). Op 5 April 1652 meld Van Riebeeck in sy Dagregister: [...] *sagen wij, Gode loff, 't lant van Cabo de Boä Esperance, namentlijk den Taffelberg [...]* (Oberholster 1972:36,37).

Duiwelspiek was in die eerste helfte van die sewentiende eeu onder Engelse seevaarders as King Charles Mount bekend. Die vroeë Hollandse koloniste het dit Windberg genoem. Daarna word daar verwys na Duivels Klip, Duivels Kop en Duyvelsberg. In 1809 is na die piek verwys as [...] *the Devils Mountain [...]*. Leeukop was eers bekend as De Leeuenberg en was verdeel

in Het Hoofd, De Rug, De Bil en De Knie. Seinheuvel was ook bekend as Vlaeberg en later onder Engelse invloed as Lion's Rump (WKAR CO 3873:250; Du Plessis 1973:90,130,171).

Die westelike deel van Tafelberg het tydens die Hollandse era as die Gewelberge bekend gestaan. Dié naam is onder Engelse invloed na die Twelwe Apostles verander. Sommige navorsers kan nie laasgenoemde naam verklaar nie omdat daar meer as twaalf bergspitse is wat as "apostels" gereken kan word. Ander navorsers meen egter dat die volgende twaalf spitse tot die naam gelei het: Porcupine, Jubilee, Barrier, Valken, Kasteel, Postern, Wood, Spring, Slangolie, Corridor, Grootkop en Separation (Du Plessis 1973:95-96; Hey 1994:107).

'n Naamsverandering van 'n kloof in die Twaalf Apostels is vir die doel van hierdie studie nagevors. Hieruit blyk dit dat op 2 Februarie 1895 in 'n brief van die Kaapstadse stadsklerk gesê is dat [...] *draining towards Stinkwaterskloof should be included* [...] (WKAR LND 1/495:L7636). In 1903 en 1905 is daar in die Bergklub se jaarblaai verwysings na "Stinkwater Ravine" (1903:38; 1905:8). Veertig jaar later is in 'n artikel verklaar dat 'n persoon met die naam Blinkwater Johnny vanaf 1912 in die kloof gewoon het (Crump 1945:46-47).

Daar word dus vermoed dat die kloof se naam tussen 1905 en 1912 van Stink- na Blinkwater verander het. Geen amptelike verwysing na die naamsverandering is opgespoor nie. 'n Publikasie aan die begin van die 21ste eeu werp egter lig op die rede vir die naamsverandering. Hierin word gemeen dat die kloof sy aanvanklike naam gekry het as gevolg van die stank van die verrottende seegras waar dit in die see uitmond. Die naam is in die lig van [...] *Victorian gentility and sensibility* [...] verander (Schrire 2003:61).

1.4.5 Publikasies

Talle publikasies oor Tafelberg het al die lig gesien. Buiten *The Table Mountain Book* (Burman 1991) het boeke met algemene inligting oor die berg verskyn, onder meer *Absa Table Mountain* (Harrison ea 1997), *Table Mountain – a Natural History* (Pauw & Johnson 1999), *Table Mountain Classics* (Lourens 1998), *The Mountain* (Hey 1994) en *The Story of Table Mountain* (Rosenthal gd).

1.4.6 Reklame

Tafelberg word dikwels in reklameveldtogte gebruik. So is die berg tydens die Van Riebeeck-Fees in 1952 altesame 92 nagte lank deur 21 spreiligte verlig. Tydens die Unie-Jubileumviering in 1960 is die berg 6 nagte verlig (WKAR 3C/T 4/1/11/104:G5/47/15). Talle

instansies gebruik 'n afbeelding van Tafelberg in hul logo, soos byvoorbeeld die Twee Oseane-marathon (figuur 11C) en die stad Kaapstad (figuur 11D).

1.5 NATUURKUNDIGHEID

Die natuurkundigheid van Tafelberg het in die mens se kultuurgeskiedenis beslag gekry in onder meer die bestudering daarvan (byvoorbeeld flora en geologie) en die praktiese ervaring daarvan (byvoorbeeld meteorologie).


1.5.1 Astronomie

Die wetenskaplike kultuurgeskiedenis van Tafelberg is in die ruimte verewig. Die berg is die enigste natuurverskynsel op aarde waarna 'n sterrekonstellasie genoem is. Dié konstellasie is Mons Mensae (Latyn vir Tafelberg) wat bestaan uit sterre wat 'n beeld van die berg vorm (figuur 12A1) en die Groot Magellaanse Wolk (figuur 12A2) wat Tafelberg se Kleed verteenwoordig (Fairall 2002:16).

1.5.2 Fauna en flora

Tafelberg se flora en fauna word as 'n lewende monument beskou wat die wonder van biodiversiteit betref. Die berg is geleë in 'n gebied wat oor een van die wêreld se grootste konsentrasies van unieke plant- en dierelewe beskik. Tafelberg se flora word onderverdeel in fynbos-, woud- en renosterveldplantegroei. Fynbos bestaan uit proteas, erikas en riete (Pauw & Johnson 1999:9,11,15,17). Een van die proteas, die koningsprotea of *Protea Cyneroides*, is Suid-Afrika se nasionale blom (Butchart 1996:109, figuur 12B). Nog 'n bekende Tafelbergse blom is die rooi disa, 'n orgidee wat as die Trots van Tafelberg en die blom van die gode bekend staan (Hey 1994:59).

Talle botaniste is deur die jare deur die Kaapse blommaryk na Tafelberg gelok. Onder hulle was die Sweed Carl Thunberg wat in 1772 in die Kaap aangekom het en as die vader van die Kaapse botanie beskou word. Nog 'n besoeker was die Engelsman William Burchell wat vanaf 1810 talle plantspesies teen die hange van Tafelberg versamel het (Pauw & Johnson 1999:26-27). Tafelberg se flora het deur die jare nie net in navorsing 'n kultuurhistoriese rol gespeel nie, maar ook in onder meer kosmaak en gesondheid. Die vroegste nedersetters het die suikerbos (*Protea Repens*) byvoorbeeld intensief as vuurmaakhout gebruik. Die plant se soet nektar is ook versamel, aanvanklik as 'n versoeter, maar later as 'n algemene medisyne met die naam bossiestroop (Burman 1991:93).



Figuur 12: A: Die Mons Mensae-konstellasie (Fairall 2002:16); B: Protea Cyneroides (koningsprotea) (Butchart 1996:109); C: Die oranjebors-suikerbekkie (Butchart 1996:67).

Wat die fauna betref, was die hange van Tafelberg vroeër die tuiste van talle van die groter diersoorte. Soos die gebied ontwikkel het, is baie van die diere geskiet of noordwaarts verdryf. Die laaste leeu is in 1802 op Tafelberg geskiet, elande het in 1840 verdwyn en jagluiperds het tot 1870 oorleef. Van die diersoorte wat tans op die berg te vind is, is die Kaapse grysbok, klipdassie, Kaapse berggreënpadda, pofadder en Kaapse kobra. In teenstelling met die plantegroei beskik Tafelberg nie oor 'n groot verskeidenheid van endemiese voëlsoorte nie. Van die bekendste voëls is die dubbelkraag- en die oranjebors-suikerbekkie (figuur 12C) en die Kaapse suikervoëltyjie (Harrison ea 1997:36,40-41).

1.5.3 Geologie

Die asemrowende vorm van Tafelberg en die verskeie rotsformasies wat deur die jare geologies tot stand gekom het, het al talle navorsers en gewone lede van die publiek sprakeloos gelaat. Die uitstaande deel van Tafelberg bestaan uit 'n blok harde, gekraakte sandsteen wat op 'n voetstuk van graniet rus. Saamgepers tussen die sandsteen en graniet is die Graafwater-formasie, 'n dun laag sagte sliestein. Aan die noordekant word die graniet deur Malmesbury-skalie begrens wat Seinheuwel en die voetheuwels van Duiwelspiek vorm (Pauw & Johnson 1999:29). Van die baie bekende rotsformasies op en teen Tafelberg is Crocodile Rock, Castle Rock en Blinkwater Needle.

1.5.4 Meteorologie

Tafelberg is [...] *vir die landbouer en visser 'n weerglas, want donker wolke oor hom uit die noordweste het reën gebring, maar sy wit Tafelkleed met 'n helder lug sterk wind, want dit was die onmiskenbare teken van die suidoos. 'n Helder oop berg in die winter voorspel 'n pragtige frisse en in die somer 'n snikhete dag* (Oberholster 1972:37). Dié aanhaling illustreer hoe 'n groot invloed Tafelberg weerkundig op die daaglikse lewe van Kapenaars uitoefen.

Die berg se ligging lei daartoe dat die westelike en noordelike kante in 'n reënskaduwee geleë is en die oostelike en suidelike kante in die winter baie reën kry. Die rede is omdat die heersende noordwestewind in die winter die westelike en noordelike hange van Tafelberg tref, styg en oor die berg waai. Dit kondenseer in 'n wolk en die reën sak aan die oostelike en suidelike deel uit. In die somer styg die heersende suidoostewind teen die berg op en vorm wolke wat oor die kruin waai en aan die noordekant afrol – Tafelberg se kleed. Die kleed presipiteer vog hoewel daar nie reën val nie. Dit lei daartoe dat plante geil groei aan die boonste oostelike hange en op die kruin, waar dit andersins nie moontlik sou gewees het nie (Pauw & Johnson 1999:32-35). Die eerste twee reënmeters op Tafelberg is in Junie 1881 by Disa Head en Waai Kopje opgerig (Woods 1894:36).

Die heersende winde se verwoestende krag het daartoe gelei dat Van Riebeeck sy koringverbouingspogings vanaf Tafelvallei na die windbeskutte gebied langs die Liesbeek moes verskuif het. 'n Praktiese voorbeeld van die wind se invloed op menslike bedrywighede teen en op die berg is dat die kabellugspoor parallel met die rigting van die twee heersende winde opgerig is. Die spoor word gesluit as die wind te sterk waai (Hey 1994:8-9,28-29). Sneeu het deur die jare ook op Tafelberg geval. 'n Sneeustorm wat die berg op 13 September 1919 getref het, is volledig in 'n joernaal van die Bergklub van Suid-Afrika beskryf (Ross 1919:90).


HOOFSTUK 2

WATERVOORSIENING

Tafelbaai het reeds sedert die vyftiende eeu as 'n vasmeerplek vir skepe gedien, onder meer vanweë die water wat vanaf Tafelberg daarheen vloei. Die bemanning van daardie Europese skepe het die eerste blik van Tafelberg met 'n gejuig begroet omdat dit buiten vir 'n verposing op land ook die aanwesigheid van water beteken het. Die water van die berg sou later net so 'n belangrike rol in die ontstaan en ontwikkeling van Kaapstad speel. Dit het immers daartoe gelei dat Kaapstad langs dié berg aangelê is en nie aan Saldanhabaai met sy veilige ankerplek, maar 'n gebrek aan water nie (Harrison ea 1997:43-45,47; Hey 1994:10; NBSA AF.1998-42:2).

Die unieke vorm van Tafelberg bepaal hoe water daarvandaan na Kaapstad en die omliggende gebiede vloei. Figuur 13 dui die vorm van die berg aan - 'n omgekeerde U of 'n maaltand. Dié vorm lei daartoe dat net die reën wat voor aan die noordekant teen die berg val na Kaapstad vloei (figuur 13A). Dit beteken voorts dat die owerhede ná die grondlegging van Kaapstad vir byna twee en 'n halfeeue lank magteloos moes toekyk hoe die oorgrote meerderheid van Tafelberg se reënval onbenut met die Disastroom (figuur 13F) in Oranjekloof (figuur 13G) suid in die rigting van Houtbaai wegvloei.

Die illustrerende verduideliking van die watervloei in figuur 13 op 'n Tafelberg-kaart van 1897 is opgestel op grond van ondersoek ter plaatse na aanleiding van 'n toespraak oor die watervloei op en teen Tafelberg deur Thomas Stewart, die ingenieur wat die leidende rol in Kaapstad se watervoorsieningsprojekte gespeel het (sien 3.3.1). 'n Berig oor dié toespraak het op 1 September 1893 in die *Cape Times* verskyn. Die verduideliking is voorts ook gegrond op dieselfde kaart (inlas: figuur 13) wat op 17 April 1899 in dieselfde koerant verskyn het met die opvanggebied van die watervloei na Houtbaai daarop aangedui. Stewart het die watervloei patroon soos volg verduidelik: Die reën wat bo-op die berg val, vloei in alle windrigtings. Teen die noordelike hang af (figuur 13A) vloei dit na Tafelbaai en teen die oostelike hang noord van die Wynbergheuwel af (B) na die Liesbeek en uiteindelik ook na Tafelbaai. Tussen die Wynbergheuwel en Constantianek vloei dit af (C) in die Dieprivier wat in Valsbaai uitmond. Teen die westelike hang af (D) vloei dit in verskillende klowe na die see. Die grootste deel van die reënwater – dié wat in 'n gebied van sowat 720 hektaar op die Tafelbergplato (E) en teen die hange van Oranjekloof (G) val – vloei met die Disastroom (F) suidwaarts na die see (UK MA BC1421 J8.1:13). Op die inlas word die grenslyne van die Disastroom se neerslaggebied op die kaart met pyle aangedui.



Figuur 13: Die reënwatervloei vanaf Tafelberg (kaart: WKAR M4/859). Inlas: Die neerslaggebied bo-op Tafelberg (*Cape Times* 17/04/1899:5).

Die mensdom se voortdurende pogings om die voorafvermelde watervloei patroon vanaf Tafelberg ten beste vir Kaapstad te benut, word duidelikheidshalwe in twee onderskeibare tydperke verdeel. Die eerste tydperk, genoem "Die eerste 24 dekades", strek van 1652 tot 1891 en behels die pogings om die water vanaf die voorkant van Tafelberg aan te wend. Die tweede tydperk se titel is "Tonnels en damme" en beslaan die era sedert 1891 toe ook die Disastroom se water vir die stad benut is.

2.1 DIE EERSTE 24 DEKADES

Drie noordvloeiende waterstrome vanaf Tafelberg is die oorheersende elemente in die eerste 240 jaar van watervoorsiening aan Kaapstad. Dié strome word in figuur 14A aangedui en is die Silwer- (1) en Platteklipstroom (2) bokant Vredehoek en Oranjezicht wat by 3 saamvloei om die Varsrivier te vorm (Burman 1991:30; ondersoek ter plaatse). Dié 24 dekades van waterverskaffing vanaf die voorkant van Tafelberg word duidelikheidshalwe in twee periodes verdeel. Die eerste periode behels die Hollandse tydperk tot die einde van die agtiende eeu waartydens op die bou van kanale en damme toegespits is en die tweede is die Britse era tot 1891 toe onder meer ysterpype gelê en pompe opgerig is.

2.1.1 Die Hollandse tydperk

Die Hollandse tydperk van onafgebroke heerskappy tot 1795 word oorheers deur planne en optrede om te verseker dat water vir plaaslike verbruik en vir voorsiening aan besoekende skepe beskikbaar was (Harrison ea 1997:43-45,47; Hey 1994:10; NBSA AF.1998-42:2-3). Hoe belangrik die watertoevoer was, blyk onder meer daaruit dat Van Riebeeck hom kort ná sy aankoms in 1652 verlustig het [...] *in al die helder waterstroompies wat die land so vrugbaar maak* [...] (Böeseken 1974:72).

Die Varsrivier se water is ekstensief in die Kompanjiesuine aangewend vir die produksie van vrugte en groente vir die gemeenskap en skeepsbemanning. Onder meer is 'n reservoir gebou waarvan die oorblyfsels in die Goue Akker-kompleks in Kaapstad te sien is (figuur 14B; ondersoek ter plaatse). Die bewoording op die inligtingsplaat by die reservoir lui: *Hierdie ruïnes is al wat oorbly van 'n reservoir wat in 1663 onder toesig van Zacharias Wagenaer, die tweede Kommandeur aan die Kaap, gebou is om die watervoorraad vir seilskepe te verbeter. Dit is in 1975 tydens bouwerk ontdek en word in die oorspronklike plek bewaar. Die reservoir wat van klip en baksteen gebou is, is opgerig in die loop van die Varsrivier wat van Tafelberg na die see gevloei het. Die reservoir was 45 x 15 m, met 'n volume van ongeveer 700 m³. 'n Veiligheidsmuur wat 1 m hoog was, het dit omring. Die matrose het met vier stappe die water bereik om hul vate te vul. 'n Houtsluis deur by die ingang van die sluiskanaal het die*



**Figuur 14: A: Tafelberg se strome; B: Wagenaer-reservoir (NBSA AF.1998-42:1);
C: Hurling-swaaipomp.**

watervlak gereguleer. Die sluiskanaal is met hout en 'n hoop grond bedek, vir addisionele versterking teen die waterdruk.

Getrou aan hul Hollandse afkoms het die nedersetters die stroom van die berg weggelei in kanale of gragte, soos byvoorbeeld Heerengracht en Buitengracht wat as straatname in die stad voortleef. Saam met die gragte is houtpype - uitgeholde boomstompe verstewig met ysterringe – aangelê om die water te lei (NBSA AF.1998-42:2). Tafelberg is beskryf as 'n natuurlike kondensator wat met sy strome aan die behoeftes van die vroeë setlaars voldoen het ten opsigte van huislike verbruik, leiwater [...] *or for the revival of European memories with the open canals which with their bordering trees, added to the beauty of the streets* (UK MA BC1421 J8.1:6).

2.1.2 Die Britse era

Ná die Tweede Britse Besetting van 1806 is die houtpype deur ystertype vervang en die gragte vir riolering aangewend. In 1811 is 'n reservoir aan Hofstraat gebou. By van die fontein in die stad is swaaipompe opgerig (Harrison ea 1997:43-45,47; Hey 1994:10; Shorten 1963:336). Een van dié pompe, die Hurling-swaaipomp, kan op die hoek van Sir


George Grey- en Princestraat besigtig word (figuur 14C). Verskeie argivale verwysings na dié pomp kom voor. Op 12 Julie 1907 het die stadsingenieur byvoorbeeld die herstel van die pomp aanbeveel terwyl op 19 Mei 1912 opdrag gegee is dat die pomp opgeknop en geverf moet word (WKAR 3/CT 4/2/1/1/47:1173/9, 4/2/1/1/123:1043/1).

In 1840 het die munisipaliteit van Kaapstad die verantwoordelikheid van watervoorsiening van die regering oorgeneem terwyl die waterverbruik in die stad voortdurend toegeneem het. Die munisipaliteit het dadelik begin om 'n aantal klein reservoirs te bou en om elke stroompie en spruit teen die berg ten volle te benut. 'n Groot reservoir, die Molteno-dam, is in 1881 voltooi (NBSA AF.1998-42:4-5). Die water van Tafelberg het buiten om die groot dors van Kaapstad te les ook 'n rol gespeel in die beligting van die stad. Die water het naamlik oor turbines by die Molteno-dam geloop waarmee elektrisiteit aan die stad verskaf is (UK MA BC1421 J8.1:15).

Kommer oor watervoorsiening aan die stad is gereeld in koerante geopper. So is byvoorbeeld op 4 Julie 1887 in 'n brief in die *Cape Argus* beweer dat [...] *Cape Town is very badly supplied with water* [...]. Bykomende druk op die stad se waterverskaffing is volgens dié brief veroorsaak deur verbeterde masjinerie wat in stoomskepe gebruik word: [...] *the boilers of which now require less coal but consume more water* [...] (UK MA BC1421 J8.1:4). Die belangrikheid van voldoende watervoorsiening aan die stad word verder geïllustreer deur 'n koerantberig van 30 Maart 1900 waarvolgens die Kaapstadse burgemeester Thomas Ball hom soos volg uitgelaat het: [...] *if there is one thing going to make the city, it is an abundant supply of pure water* (UK MA BC1421 J8.4:14).

2.2 TONNELS EN DAMME

Hoewel die Molteno-dam voldoende opbergruimte aan Kaapstad verskaf het, was daar 'n onvoldoende watervloei om die opgaarspasie ten volle te benut. Daarom is toe besluit om die water van Tafelberg wat as die Disastroom suidwaarts wegvloei, vir Kaapstad aan te wend. Die projek om die berg se wegvloeiende water vir die stad in te span, is in 1887 van stapel gestuur toe werk aan die Woodhead-tonnel begin is. 'n Nuwe era in watervoorsiening aan Kaapstad het in 1891 aangebreek toe die tunnel in gebruik geneem is. Die stad is vir die eerste keer van water voorsien wat andersins ongebruik verlore sou geraak het. Verskeie waterwerkprojekte – onder meer twee damme en 'n beter tunnel – sou daarna tot 1961 aangepak word om dié nuwe metode van waterverskaffing aan Kaapstad ten volle aan te wend.



Figuur 15: Tafelbergse waterwerkprojekte vir Kaapstad tussen 1887 en 1961 (Google Earth Cape Town Map: 1998-2010). Inlas: 'n Skets van die projekte (WWM Tafelberg).

Figuur 15 dui die Tafelbergse waterwerkprojekte aan wat oor 'n tydperk van 74 jaar vanaf 1887 tot 1961 voltooi is. Die illustrerende uiteensetting in die figuur is opgestel op grond van ondersoek ter plaatse na aanleiding van inligting verkry uit Burman (1991:23,37-45), Harrison ea (1997:15), Hey (1994:16-19), Lourens (1998:103,116-117), NBSA (AF.1998-42:6-8) en UK MA (BC1430 Timoney Papers:1). (Die lyne wat die watervloei in figuur 15 aandui, is net ter illustrasie en nie bedoel om die presiese ligging daarvan weer te gee nie.)

Die projekte is in chronologiese volgorde: Woodhead-tonnel (A), Pypeleiding na Kaapstad (B), Mocke-reservoir (C), Woodhead-dam (D), Hely-Hutchinson-dam (E), watersuiweringsaanleg (F) en Apostel-tonnel (G). Die groen gedeelte van B dui die pypeleiding aan wat in onbruik geraak het nadat die Apostel-tonnel voltooi is (sien 2.2.1). Die inlas by figuur 15 is 'n skets van die projekte wat in die Waterwerke Museum uitgestal word. Die direkte afstand vanaf Kaapstad tot by die Hely-Hutchinson-dam is sowat 5,5 km, maar die roete vanaf dié dam soos die water met die stroom en in pype na Kaapstad vloei, is sowat 10,5 km (UK MA BC1421 J8.6:72). Die begin- en voltooiingsdatums van die konstruksiewerk aan die voorafvermelde projekte word in die tabel in figuur 16 weergegee. (Die inligting ten opsigte van die datums is verkry uit dieselfde bronne wat vir figuur 15 aangewend is.)

Projek	Begin	Voltooi
Woodhead-tonnel	1887	1891
Pypeleiding langs Twaalf Apostels oor Kloofnek na Molteno-dam	1887	1891
Woodhead-dam	1892	1897
Hely-Hutchinson-dam	1897	1904
Apostel-tonnel	1960	1961

Figuur 16: Die begin- en voltooiingsdatums van die projekte.

2.2.1 Woodhead- en Apostel-tunnels

Die werk aan die Woodhead-tonnel vanaf die Disastroom deur die Twaalf Apostels tot in Slangoliekloof het op 20 Augustus 1887 begin en is in Maart 1891 voltooi. Die idee vir so 'n tunnel is reeds in 1858 deur Patrick Fletcher, 'n staatslandmeter, geopper. In 1876 is dit aanbeveel deur John Gamble, 'n hidrologiese ingenieur. Die tunnel is 700 meter lank en die water het deur twee pype daarin gevloei. Dit is deur die Kaapstadse burgemeester John Woodhead geopen, na wie dit ook genoem is (Burman 1991:39-45; Crump 1946:9; Hey 1994:16-19; Kench 1988:31; NBSA AF.1998-42:8; UK MA BC1430 Timoney Papers:1).


Die werk aan die tunnel is volgens die *Cape Times* van 2 Januarie 1892 aanvanklik deur kontrakteurs begin, maar is later deur die munisipaliteit oorgeneem. Die oorspronklike tender het £20 000 bedra, maar die uiteindelijke koste was £40 000 (UK MA BC1421 J8.1:2). Die tunnelwerkers is in klipgeboue langs die Disastroom geakkommodeer. Die onderskrif van 'n foto van dié huise lui: *Miners houses at SE end of Tunnel* (UK MA BC1430 H32T). Dié geboue is later afgebreek en geen oorblyfsel daarvan kon in 'n ondersoek ter plaatse (2010) opgespoor word nie. Twee noodlottige ongelukke het tydens die werk aan die tunnel plaasgevind. Op 16 November 1887 is 'n arbeider, Samuel Milander, doodgeval deur 'n rots wat losgeskiet is. Op 4 Junie 1889 is John Graham, 'n voorman, dodelik beseer in 'n ontploffing in die tunnel (Crump 1946:48).

Die Woodhead-tunnel is sewentig jaar lank tot 1961 permanent gebruik. Omdat die bek van die tunnel in Slangoliekloof deur die jare erg deur gereelde rotsstortings beskadig is, is besluit om dit deur 'n nuwe tunnel te vervang. Werk aan die 1 300 meter lange nuwe tunnel, bekend as die Apostel-tunnel, het in 1960 begin en is op 14 Oktober 1961 voltooi. Dié tunnel begin 400 meter noord van die Woodhead-tunnel in Disakloof en eindig onderkant Posternbastion aan die suidwestekant van Kasteelspoort. Anders as by die Woodhead-tunnel, vloei die water in die tunnel self en nie deur pype nie (Hey 1994:16-19; Kench 1988:31). Figuur 17D toon die uitlaatbek van die Apostel-tunnel.


'n Ondersoek ter plaatse (2010) by die uitlaatbek van die Woodhead-tunnel het aan die lig gebring watter groot skade deur die jare deur rotsstortings aangerig is. Dit is onmoontlik om sonder bergklimtoerusting tot by die tunnelbek te klim. Die rede daarvoor is die aanwesigheid van los klippe en rotse in die omgewing en die beskadiging van die ysterleer waarmee vroeër tot daar geklim is. Figuur 17A toon die toneel onderkant die tunnelbek. Figuur 17B is 'n foto wat drie jaar ná die voltooiing van die tunnel geneem is. In figuur 17C is die datum 1891 (met die pyl aangedui) nog aan die bokant van die bek te sien. Die steen met die inskripsie "WOODHEAD TUNNEL" daarop in figuur 17B is waarskynlik deur vallende rotse afgeruk en lê nou iewers onder in die kloof onder die puin begrawe.

2.2.2 Pypeleiding oor Kloofnek

Saam met die Woodhead-tunnel is 'n pypeleiding vanaf die bek van die tunnel tot by die Molteno-dam in Kaapstad gebou. Die pypeleiding lê teen die hange van die Twaalf Apostels en strek oor Kloofnek na die stad. Figuur 18A toon werkers wat by die pypelegging betrokke was. Die pype is op verskeie plekke teen die Twaalf Apostels met pilare oor die klowe gestut. Die voetpad wat tydens die werkery al langs die pypeleiding vanaf Kloofnek tot die tunnelbek



Figuur 17: A: Onderkant die Woodhead-tonnel se uitlaatbek; B: Die uitlaatbek in 1894 (WKAR DRJ393); C: Die datum 1891; D: Die Apostel-tonnel se uitlaatbek.



**Figuur 18: A: Die pype word gelê (UK MA BC1430 H32T); B: Mocke-reservoir;
C: Luguitlaatgebou.**

gebruik is, het later die naam Pipe Track gekry (Burman 1991:144). Die pyle in figuur 18A dui dele van die Pipe Track aan. Die bouwerk aan die Mocke-reservoir (figuur 18B) as opgaarplek vir watervoorsiening aan die hoogliggende dele van Kaapstad het volgens die *Cape Times* van 24 Julie 1895 op 10 Junie 1895 begin (UK MA BC1421 J8.1:25). Op 31 Januarie 1896 het hoofingenieur Stewart verklaar dat die reservoir voltooi is (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:369-370,566,707).

In 'n ondersoek ter plaatse (2010) is vasgestel dat 'n steen in die muur van die reservoir die bewoording *Mocke Reservoir 1896* het. Die watersuiweringsaanleg op die pyleiding, geleë sowat 500 meter vanaf die Mocke-reservoir, is in 1938 in gebruik geneem. Kapenaars het voor dié ingebruikneming jare lank gekla oor die bruin water vanaf Tafelberg wat by hul krane uitgeloop het. Die kraanwater was toe helder danksy die aanleg (*The Engineer* 20/05/1938:557).

Dié deel van die pyleiding wat in 1961 met die ingebruikneming van die Apostel-tonnel in onbruik verval het (die groen gedeelte van figuur 15B), is net soos die Woodhead-tonneluitlaatbek erg deur die natuur beskadig (ondersoek in 2010). Stukke pyp wat deur rotsstortings uit hul oorspronklike posisie geruk is, lê oral in Slangoliekloof. Van die pype wat nog in hul posisie lê, is erg verroes. Figuur 18C toon 'n oorblyfsel van dié pyleiding: 'n luguitlaatgebou teen die hang van Posternbastion.



2.2.3 Woodhead-dam

Die Kaapse stadsvaders het gou besef dat die toevoer deur die Woodhead-tonnel gebreke het omdat baie min water in die somer in die Disastroom vloei. 'n Dam moes in dié stroom gebou word vir wateropberging sodat selfs in die somer reëlmatige watervoorsiening aan die tonnel verseker kon word (Burman 1991:39-45; Hey 1994:16-19). Die stadsraad se besluit oor 'n dam op Tafelberg is op 2 Januarie 1892 in 'n berig in die *Cape Times* bekend gemaak. Die werk sou onder die beheer van die munisipaliteit se afdeling Waterwerke uitgevoer word (UK MA BC1421 J8.1:2). Dit het daarop neergekom dat die munisipaliteit nie van kontrakteurs gebruik gemaak het nie, maar self die bouwerk aangepak het (NBSA AF.1998-42:6). Op 13 April 1892 is in die *Cape Times* berig dat die dam, volgens hoofingenieur Stewart, gebou gaan word op die plek waar Gamble dit in 1881 voorgestel het (UK MA BC1421 J8.1:3).

Teen die tweede helfte van 1892 was die voorbereidende werkery by die dambouterrein reeds in volle gang, volgens 'n berig in die *Cape Argus* van 13 Oktober 1892. Die werkers was besig om die terrein van die nuwe dam skoon te maak. Daar is ook met 'n steengroef begin. Werk aan die damwal het in Januarie 1893 begin (UK MA BC1421 J8.1:8,15). Die vrou van die bosbewaarder WH Fox het meer as vier dekades ná die bouery van die damwal in 'n ooggetuieverslag vertel dat toe hulle in 1893 by hul bosbouerswoning aan die bo-punt van Skeletonkloof ingetrek het, daar groot bedrywighede in die omgewing was omdat werk aan die dam reeds voluit aan die gang was (Crump 1941:69).

Die laaste steen is op 1 Mei 1897 gelê en die bouwerk aan die wal het dus vier jaar en vier maande geduur. Die fondament van die damwal is op soliede rots en is gebou van klip en beton. Die dam se waterkapasiteit is 995 000 kubieke meter, die wal is 248 meter lank en die maksimum hoogte is 38 meter. Dit is 17,4 meter breed by die basis. Die maksimum diepte van die water is 41 meter (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:796, 4/2/1/2/112/58:349/383; Kench 1988:31; NBSA AF.1998-42:1). Op 30 Maart 1900 het die *Cape Times* berig dat die koste van die dambouery £142 000 beloop het (UK MA BC1421 J8.4:14). Geen sterfgevälle of ernstige beserings is tydens die bou van die wal aangemeld nie (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

Soos met die tonnel, is die dam ook genoem na burgemeester Woodhead, maar dié keer het die naamgewing nie almal se goedkeuring weggedra nie. Op 22 Januarie 1897 het W Kitch op 'n stadsraadsvergadering voorgestel dat die dam as die "Woodhead Reservoir" bekend moet staan as gevolg van die eerste burger se groot rol in die projek. Raadslid T Ball het daarna 'n teenvoorstel ingedien dat die dam [...] *be known simply as the Table Mountain Reservoir* [...].



Figuur 19: A: Gedenksteenlegging (Cape Times Weekly Edition 06/06/1894:4); B: Onderkant die wal; C: Die laaste steen.

Die teenvoorstel is met 3 teen 2 stemme verwerp en Kitch se voorstel is daarna met 3 teen 1 aanvaar (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:810).

Die amptelike hoogtepunte tydens die bouwerk aan die Woodhead-dam was die lê van twee gedenkstene. Die eerste gedenksteen is op Saterdag, 2 Junie 1894 in die halfvoltooid damwal gelê. Die tweede gedenksteen was die laaste steen in die damwal en is op 1 Mei 1897 gelê. Die bewoording op die steen wat burgemeester Woodhead in 1894 gelê het, lui volgens 'n verslag oor die gedenksteenlegging soos volg:

Corporation of the City of Cape Town, 1894

John Woodhead, Mayor (Mayor 1886-7, 1888-9, 1893-4); J.G. Mocke, Deputy-Mayor (Mayor 1892-3); Councillors: J.C. Hofmeyr (Mayor 1878-9), T.J. O'Reilly (Mayor 1887-8), D.P. de V. Graaff (Mayor 1890-91, 1891-2), D.C. de Waal (Mayor 1899-90), W. Searle, H. Wilman, J. Garlick, J.B. Paterson, D. Robertson, G. Smart, T.E. Fuller, J.W. Attwell, H. Boalch, E.B.

Garland, W. Thorne, J. Fock.

Charles J. Byworth, Town Clerk; T.W. Cairncross, City Engineer.

This stone was laid by His Worship the Mayor, 2nd June 1894.

Thomas Stewart, Engineer (UK MA BC1421 J8.1:15).

Figuur 19A is 'n geïllustreerde weergawe van die voorafvermelde steenlegging wat in die *Cape Times Weekly Edition* van 6 Junie 1894 verskyn het. Die navorser het op grond van die besonderhede in die illustrasie probeer om die steen op te spoor. Figuur 19B toon die navorser tydens dié ondersoek ter plaatse (2010) onderkant die damwal. Lyn 1 toon die navorser se ooreenstemmende posisie op die foto ten opsigte van die illustrasie aan. Lyn 2 dui die ooreenstemmende plek aan waar die steen vermoedelik in die damwal is. Die poging om die steen met die blote oog vanaf die onderkant van die damwal waar te neem, het egter misluk omdat dit waarskynlik onder 'n dik moslaag bedek word.


Die laaste steen wat in 1897 gelê is, is wel opgespoor. Die steen (figuur 19C) is baie verweer en die bewoording is moeilik leesbaar: *The corporation of the City of Cape Town. This, the last stone of the dam, was laid by his worship the Mayor Sir John Woodhead JP on the first day of May 1897, being the year of the diamond jubilee of her most gracious majesty Queen Victoria.*

2.2.4 Hely-Hutchinson-dam

Die Woodhead-dam het nie Kaapstad se waterprobleme opgelos nie. Reeds voor die voltooiing van dié dam is die mening uitgespreek dat die wateropbergvermoë daarvan net vir

drie of vier jaar genoegsaam sou wees in die lig van die vooruitgang van Kaapstad en die gevolglike vraag na meer water. Die stad se waterverbruik het in die vyf jaar ná die ingebruikneming van die Woodhead-dam met meer as 200 persent toegeneem as gevolg van die beskikbaarheid van lopende water, die voltooiing van die hoofrioolstelsel en die bevolkingstoename weens die Anglo-Boereoorlog (UK MA BC1421 J8.4:14).

Selfs tydens die bou van die Woodhead-dam is reeds planne vir 'n volgende dam opgestel sodat die werk daaraan regstreeks ná voltooiing kon begin. In 1897 het Stewart, pas ná die ingebruikneming van die Woodhead-dam, verklaar dat werk aan 'n nuwe dam op die punt is om te begin (Crump 1941:70, 1946:9). Die inwoners van Kaapstad het aanvanklik in 'n stemming op 21 Januarie 1897 die bou van nog 'n dam verwerp, maar volgens die *Cape Times* van 21 Julie 1897 in 'n volgende stemming die aangaan van 'n lening van £112 000 vir die bouwerk met 1 255 teen 345 goedgekeur (UK MA BC1421 J8.1:38, 6:72). Die aanvanklike stemming teen die bou van die dam wat daartoe gelei het dat die damboutoerusting en masjinerie geberg is en nie direk na die nuwe terrein geneem is nie, het volgens 'n verslag van 7 Oktober 1904 tot 'n bykomende koste van sowat £3 000 aanleiding gegee (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1).



**Figuur 20: Die besonderhede van die nuwe dam
(*Cape Times* 06/05/1897:6).**



Figuur 21: Die steen wat in 1900 gelê is.

Twee koerantillustrasies van 1897 (figuur 20) werp meer lig op die kapasiteit en die ligging van die nuwe dam in vergelyking met dié van die Woodhead-dam. Die boonste illustrasie bevat tegniese besonderhede oor die damme. By die illustrasie word verwys na *Site of Proposed Dam [...] described in Mr Gamble's report of 1881* en *To Accompany Mr Stewarts report of Jan: 14th '97*. Die onderste illustrasie toon die nuwe dam se ligging (*Cape Times* 06/05/1897:6). Teen Februarie 1898 was die werk al goed op dreef en in Maart 1899 is die eerste klippe ingemessel (UK MA BC1421 J8.6:72). Op 2 Mei 1899 is in die *Cape Times* berig dat die bouwerk aan die nuwe dam goed vorder. 'n Deel van die verslag lui dat groot rotsblokke uit die berghange gekap word. Dit word met trollies na die damwal vervoer. Die indrukwekkende raamwerk van die damwal is al in posisie (UK MA BC1421 J8.4:7).

Die bosbouerswoning waarna in die vorige afdeling oor die Woodhead-dam verwys is, het in die slag gebly omdat dit in die nuwe dam se opgaargebied geleë was. Die *Cape Times* het op 27 Februarie 1899 hieroor berig en vermeld dat die woning die vorige week as gevolg van die dambouery afgebreek is. Dié woning was altyd volgens die berig 'n welkome rusplek vir honderde bergklimmers (UK MA BC1421 J8.4:5). In figuur 20 toon die bewoording "Rangers Cottage" (met pyl aangedui) waar dié woning geleë was.

Soos met die Woodhead-dam, is twee gedenkstone ook tydens die bou van die Hely-Hutchinson-dam gelê. Die eerste steen is op 29 Maart 1900 in die halfvoltooide wal gelê. Die steen van sowat twee ton bevat die volgende bewoording: *The Corporation of the City of Capetown. Thomas Ball, J.P., Mayor, 1898, 1898-99, 1899-1900; T.J. O'Reilly, Deputy Mayor, Mayor 1887-88; Councillors D. Robertson, A.R. McKenzie, W.H. Brown, G. Cunningham, W. Thorne, A. Pittman, J. Garlick, J.D. Mansfield, C. Hughes, R.C. Baker, F.L. St. Leger, C. Matthews, P.J. Bosman, J. Wyllie, J. Bartlett, E.H. von Witt, Chas. J. Byworth, Town Clerk; R.O. Wynne-Roberts, City Engineer. This Stone was laid by His Worship the Mayor, 29th*

March, 1900. Thomas Stewart, Engineer (UK MA BC1421 J8.4:14). Figuur 21 toon die steen in die damwal. Dit is baie verweer en is op plekke onleesbaar.

Op 22 Januarie 1904 het die Waterwerke-komitee kennis geneem daarvan dat die goewerneur van die Kaapkolonie, Walter Hely-Hutchinson, na wie die dam genoem is, die laaste steen op 5 Maart sal lê (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/4:12). Volgens 'n berig in die *Cape Times* van 7 Maart 1904 oor dié plegtigheid lui die bewoording op die steen soos volg: *Cape Town Waterworks. Hely-Hutchinson Reservoir. This, the last stone of the reservoir wall, was laid by His Excellency the Governor, the Hon Sir Walter F. Hely-Hutchinson, G.C.M.G., on the fifth day of March 1904. Thomas Stewart, M.I.C.E.* (UK MA BC1421 J8.6:72).

Op 6 Mei 1904 is die stadsraad ingelig dat die Hely-Hutchinson-dam vir alle praktiese doeleindes voltooi is (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/4:106). Die klipwal is 532 meter lank en die dam het 'n kapasiteit van 924 megaliter. Die boukoste het £190 000 beloop (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:349/383). Die dam het op 13 Junie 1904 vir die eerste keer oorgeloo (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1).

2.2.5 'n Kabellugspoor en 'n Skotse lokomotief

Tydens die bou van die Woodhead- en Hely-Hutchinson-damme is 'n kabellugspoor teen Kasteelspoort uit gebruik om boumateriaal en soms ook personeel en besoekers bo-op die berg te kry. Met die bou van laasgenoemde dam is 'n lokomotief en waens op 'n spoorlyn aangewend om die materiaal van die boonste kabelstasie tot by die bouterrein te vervoer.

Die roete van die kabellugspoor en die spoorlyn word by benadering in figuur 22 aangedui. Dié roete-illustrasie is opgestel op grond van inligting verkry uit argivale bronne (UK MA BC1430 Timoney Papers:1, BC1421 J8.4:15), asook ondersoekes ter plaatse. Die syfer 1 in figuur 22 dui die Hely-Hutchinson-dam se ligging aan en 2 dié van die Woodhead-dam. Die ander aanduidings in die illustrasie is 3 – onderste kabelstasie; 4 – kabellugspoorroete; 5 – boonste kabelstasie; 6 – spoorlynroete; en 7 – spooreindpunt.

2.2.5.1 Kabellugspoor

Die kabellugspoor is in 1893 vanaf net bokant Victoriaweg in Kampsbaai tot aan die bo-punt van Kasteelspoort gebou. Stewart het in 1894 in 'n verslag meer lig gewerp op die spesifikasies en oprigting van dié vervoermiddel. Volgens hom is die kabel, 3 753 meter lank en 3 ton swaar, op 26 en 27 Oktober 1893 in posisie gebring. Die materiaal het die vorige jaar uit Engeland aangekom en 'n Londense ingenieursmaatskappy het die kabellugspoor binne nege maande opgerig. Stewart het voorts aangevoer dat groot stukke rots in



Figuur 22: 'n Voorstelling van die vervoerroete (Google Earth Cape Town Map: 1998-2010).

Kasteelspoort en by die boonste stasie weggeskiet is om 'n lugbaan vir die kabelkar te bewerkstellig. Die lengte van die kabellugspoor, horisontaal gemeet, was sowat 1 627 meter en die vertikale hoogte van die onderste tot die boonste stasie sowat 670 meter. Dertien pilone is tussen die twee stasies opgerig waaraan die kabel gehang het. Die langste spanwydte tussen twee pilone was 455 meter. Volgens Stewart moes die oprigters die sterk Kaapse winde deeglik in aanmerking neem: *In order to enable the standards to withstand the hurricanes which frequently sweep through Kasteel Poort, the upper ones are bolted into the solid rock at their lower ends, and strongly guyed at their tops.* Stewart se verslag lui verder dat die eerste vrag op 1 Desember 1893 opgestuur is. 'n Retoerit het 25 minute geduur, ingesluit op- en aflaaityd. Negentien tot twintig ritte is in 'n werkdag van nege uur onderneem. 'n Normale vrag het sowat 500 kilogram geweeg. 'n Elektriese klok en 'n telefoon is vir kommunikasie tussen die boonste en onderste stasies gebruik (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

Nog gegewens oor die kabellugspoor is in onder meer koerantberigte nagevors. 'n Berig in die *Cape Times* van 26 April 1894 het byvoorbeeld gemeld dat gemiddeld sestien werkers daagliks by die kabellugspoor in diens was (UK MA BC1421 J8.1:14). Nadat die lugspoor vir die bou van die Woodhead-dam gebruik is, is dit op 14 Desember 1897 weer vir die bouwerk aan die Hely-Hutchinson-dam heropen (UK MA BC1421 J8.4:4). Op 17 Desember 1900 het die *Cape Times* berig dat vier mense op 'n slag in die kabelkar kon ry en dat die rit van bo tot by die onderste stasie nege minute geduur het (UK MA BC1421 J8.4:15). Volgens 'n verslag van 24 Julie 1903 het die lugspoor in die voorafgaande ses maande 381 vragte na bo vervoer (UK MA BC1421 J8.6:8). In 'n latere berig word genoem dat die kabellugspoor 'n identiese


weergawe was van die een wat gebou is om mense tot bo-op die Rots van Gibraltar te vervoer (*Die Burger* 12/05/1997:9).

Aan die begin van 1904 het die kabellugspoor se diens tyd ook tot 'n einde begin kom. Stewart meld in dié verband in 'n skrywe van 23 Januarie 1904 dat die kabelspoor net sekere tye van die dag gebruik word. Hy reageer op 'n aansoek om 'n kabelspoorpermit en verklaar dat dit die volgende oggend net tussen agt- en nege-uur en tussen elf- en twaalfuur gebruik sal word mits die weer dit toelaat (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:319/138).


Die kabellugspoor het die verbeelding van besoekers aan die berg aangegryp, te oordeel na ooggetuieverlae wat in argivale bronne opgespoor is. Een van dié verslae is op 20 Januarie 1896 in die *Cape Argus* gepubliseer. Die joernalis was besig om in Kasteelspoort af te stap ná 'n besoek aan die damboubedrywighede: [...] *I glanced up at the basket which was travelling mountainwards along the steel wire. There was a man in it, and, high as it was above me, I knew it was Mr. Stewart. The recognition was mutual. "Why don't you take a trip through the air?" he shouted. "Thanks," I replied, "I prefer the earth;" and so, whilst he flew upwards, as it were, on unseen wings, I pursued my laborious descent on Shanks's ponies, a bit weary and footsore, but with infinitely less risk of being thrown to pieces a thousand feet below* (UK MA BC1421 J8.1:25).


'n Berig van 2 Junie 1894 het dieselfde strekking en lui dat sommige van die mans met hul eie gewig in gedagte benoud na die breekrag van die kabels verneem het (UK MA BC1421 J8.1:15). Op 17 Desember 1900 verwys die *Cape Times* na twee besoekers aan die berg se ervaring met die kabellugspoor en meld dat hulle nie baie in hul skik was met die gedagte om hoog bo die grond te hang met net 'n kabel wat tussen hulle en die hiernamaals is nie (UK MA BC1421 J8.4:15).

Figuur 23A toon 'n passasier in die kabelkar. Die rotswande links op die foto is dié van Posternbastion. In 'n ondersoek (2010) is bevind dat die ruïne van die boonste kabellugstasie nog bestaan. Figuur 23C is 'n foto wat wys hoe die boonste stasie gelyk het toe dit in 'n werkende staat was. Figuur 23D toon die oorblyfsels van die stasie. Die verbindingspyl tussen figure 23C en 23D dui dieselfde bouwerk aan. Die onderste pyl in figuur 23C dui die begin van die spoorlyn aan. Die pyl in 26E dui aan hoe die ruïne vanuit Kasteelspoort se kloof lyk. Die enigste ander plek waar 'n oorblyfsel van die kabellugspoor opgespoor is, is op Klein Kasteel, 'n bergknots in Kasteelspoort waar een van die lugspoor se pilone aangebring was (figuur 23B). Pyl 1 wys na die oorblyfsel – 'n ysterpen in die rots. Pyl 2 wys na die sleepmerke op die rots wat vermoedelik deur die kabelkar se onderstel veroorsaak is.



Figuur 23: A: Per kabellugspoor die berg uit (UK MA BC1430:H32T); B: Oorblyfsel op Klein Kasteel; C: Boonste stasie (WKAR AG13729); D: Ruïne, boonste stasie; E: Die ruïne uit die kloof gesien.





Figuur 24: A: Stoomkrag op die berg benut (WWM); B: Op die eertydse spoorlynroete.

2.2.5.2 Skotse lokomotief

Gedurende die konstruksie van die Woodhead-dam is muile gebruik om waens met boumateriaal op 'n spoorlyn van die boonste kabelstasie tot by die bouterrein te trek. Vir die bou van die Hely-Hutchinson-dam is die muile deur 'n stoomlokomotief vervang. Op 26 Mei 1898 is verklaar dat 'n nuwe spoorroete van sowat 1 100 meter vanaf die kabelstasie na die nuwe dambouterrein aangelê is (UK MA BC1421 J8.6:4).

Stoomenjin no 826 is deur Andrew Barclay & Sons in Kilmarnock, Skotland gebou. Die ontwerp van die klein enjin het dit moontlik gemaak om dit uitmekaar te haal vir die skeepstog na Suid-Afrika, die ossewatog vanaf Kaapstad se hawe tot in Kampsbaai en die laaste deel van die tog per kabellugspoor of op 'n houtslee teen die berg uit, waar dit weer aanmekaargesit is. Die lokomotief het hoofsaaklik waens met sementsakke getrek (*Die Burger* 12/05/1997:9; Kench 1988:50; NBSA AF.1998-42:6; UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Die spoor en lokomotief word in die *Cape Times* van 17 Desember 1900 soos volg beskryf: *There is a narrow gauge railway running from the quarries to the head of Kasteel Poort, with a workmanlike little engine capable of putting in some very hard work* (UK MA BC1421 J8.4:15).

Figuur 24A toon die lokomotief in bedryf. 'n Ondersoek (2010) het aan die lig gebring dat die gewese spoorlynroete na die Hely-Hutchinson-dam nog duidelik waarneembaar is. Die spoorstawe self, die dwarslêers en alle ander materiaal wat gewoonlik met 'n spoorlyn verbind word, is egter verwyder. Figuur 24B toon 'n deel van die vroeëre spoorlynroete.

Nadat die lokomotief se diensyd op die berg in 1904 verstryk het, het dit vir langer as ses dekades op die berg gestaan sonder dat enige aandag daaraan gegee is. Dít blyk uit 'n verklaring van die stadsklerk op 12 April 1965 wat onder meer lui dat 'n voorstel ontvang is vir die restourasie van die lokomotief [...] *which has been standing in a shed near the ranger's house on the top of Table Mountain* [...]. Dié voorstel het behels dat die Crankhandle Club die lokomotief van die berg af bring, dit restoureer en in hul klubhuis uitstal, het die *Cape Times* op 22 April 1965 berig (WKAR 3/CT 4/1/11/490:G23/63). Die voorstel om die lokomotief berg-af te bring, is egter nie uitgevoer nie omdat dit uiteindelik 'n laaste rusplek gevind het bo-op die berg op die terrein waar dit diens gedoen het (sien hoofstuk 6).

HOOFSTUK 3

BERGTUISTE: DIE ONTSTAAN VAN 'N DORPIE

Tydens die bouwerk aan die Woodhead- en Hely-Hutchinson-damme het die dambouers as 'n gemeenskap in die omgewing van die bouterrein gewoon. Dié bergwoonplek het bestaan uit akkommodasie vir die werkers, kantoorgeriewe vir die senior personeel, geboue vir die boubedrywighede asook onder meer 'n winkel en 'n ontspanningsaal. Die getal werkers het oor die tydperk van dertien jaar vanaf 1892 (die begin van die bouery aan die Woodhead-dam) tot 1904 (die voltooiing van die Hely-Hutchinson-dam) baie gewissel en die gemeenskap het in sekere stadiums uit byna vyfhonderd siele bestaan.

Die eerste koerantverwysing na die ontstaan van die gemeenskap is, sover vasgestel kon word, 'n berig van 13 Oktober 1892 wat lui dat die werkers [...] *are busy erecting quarters for themselves and their fellows* [...] (UK MA BC1421 J8.1:8). Verskeie koerantverwysings het daarna gevolg. Op 24 November 1892 is byvoorbeeld in die *Cape Argus* berig dat tenders gevra sal word vir onder meer [...] *workmen's quarters* [...] (UK MA BC1421 J8.1:9). Die *Cape Times* van 17 Desember 1900 het soos volg daaroor berig: [...] *there exists in the valley between Kasteel Poort and the Skeleton Ravine a perfect little township, numbering some 400 souls* [...] (UK MA BC1421 J8.4:15).

Dit blyk uit bronne dat daar 'n tydperk van minstens agt maande tussen die bou van die twee damme verloop het, toe die terrein onbewoon was. Dié afleiding word gemaak uit 'n verslag van 7 Oktober 1904 waarin vermeld word dat al die personeellede ontslaan is toe die Kaapstadse belastingbetalers op 21 Januarie 1897 die voorstel vir die bou van die Hely-Hutchinson-dam verwerp het. Toe die bou van die dam in Augustus 1897 bekragtig is, het die werkers reeds elders in die land werk gekry en moes personeel opnuut gewerf word (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1). Werk aan die nuwe dam het stadig begin omdat dit 'n ruk lank nie moontlik was om genoeg werkers te vind nie (UK MA BC1421 J8.6:72). Dit blyk egter dat daarin geslaag is om van die voormalige werkers op te spoor, want volgens 'n koerantberig van 30 Maart 1900 het Stewart aangevoer dat heelparty van die voormanne wat by die Woodhead-dambouery betrokke was, ook by die nuwe dam werk (UK MA BC1421 J8.4:14).

Sommige werkers was by die bouery aan albei damwalle van die begin tot die einde betrokke, want 'n gepubliseerde verslag op 19 Oktober 1903 lui dat dit aangenaam was om te sien dat sommige mans wat sowat tien jaar gelede in diens getree het tot aan die einde hul kant gebring het (UK MA BC1421 J8.6:10). Dit blyk voorts dat die woonterrein se ligging

ná die voorafvermelde onderbreking nie verander het nie, want dit was volgens 'n verslag van praktiese belang dat die konstruksiewerk vanuit die bestaande woonplekke behartig kon word. Tydelike strukture wat tydens die bou van die Woodhead-dam in die opgaargebied van die nuwe dam opgerig is, is wel volgens 'n berig van die *Cape Times* van 25 Mei 1898 verskuif (UK MA BC1421 J8.4:4).


Aangesien geen uitlegplanne van die woon- en werkterreine in argivale bronne opgespoor kon word nie, is probeer om die uitleg daarvan op grond van geskrewe en fotografiese inligting asook ondersoek te plaats op te stel. Die oorgrote meerderheid van die geboue is ná afloop van die bouwerk gesloop en net vier wonings en 'n enkele werkgebou bestaan vandag nog. Die ligging van sommige van die gesloopte geboue kon deur die opspoor van hul fundamente vasgestel word. Die bestaande asook die gesloopte wonings waarvan die ligging bekend is, word in figuur 25 aangedui. Dit blyk uit dié illustratiewe samestelling dat die woonplekke op een uitsondering na wydversprei tussen die Woodhead-dam en die bo-punt van Kasteelspoort voorgekom het. Dit was voorts ook geleë aan beide kante van die spoorlyn (aangedui met die oranje lyn) wat vir ongeveer 'n kilometer vanaf die poort tot by die Hely-Hutchinson-dam gestrek het.

Die ligging van twee gesloopte woonplekke waarvan 'n illustrasie of foto beskikbaar is, kon nie vasgestel word nie. Dié woonplekke se ligging word by benadering in figuur 26 aangedui op dieselfde kaart as wat in figuur 25 gebruik is.


Die navorsing oor die identiteit van die bergbewoners is bemoeilik omdat amptelike naamlyste van die werkers nie in bronne opgespoor kon word nie. Die bronverwysings na individuele werkers het egter die poging in 'n mate vergemaklik om 'n voorstelling te maak oor wie die werkers was. Die inligting oor die getal inwoners was makliker bekombaar omdat gereelde verslae daaroor die lig gesien het.

3.1 WOONPLEK

Die woonplekke van die werkers het volgens die illustratiewe voorstellings in figure 25 en 26 nie 'n eenheid gevorm nie, maar is op vier verskillende terreine op die plato wes van die Woodhead-dam en net een terrein aan die oostekant ingerig. Volgens bronne wat later in dié hoofstuk vermeld word, is die senior blanke werkers in losstaande geboue aan die noordekant van die plato gevestig (figuur 25A-D). Die ander blanke werkers is in wonings aan die suidelike kant (figuur 25F) en die suidoostelike kant (figuur 26A) geakkommodeer en die swart arbeiders aan die westelike kant na aan die bo-punt van Kasteelspoort (figuur 26B). Een woonplek is aan die oostekant van die plato opgerig (figuur 25E).



Figuur 25: 'n Voorstelling van die woonplekuiteleg (Google Earth Cape Town Map: 1998-2010). A: Die Kaapprovinsie Bergklub-gebou; B: Die Bergklub van Suid-Afrika-gebou; C: Die Padvindersgebou; D: Die Opsigtershuis; E: Die Stone House (UK MA BC1430 H32T); F: Die Shelter (Bergklub-jaarblad 1997:108).



Figuur 26: Gesloopte wonings waarvan die presiese ligging nie bekend is nie. A: Huisvesting vir blankes (*Cape Argus Weekly Edition* 18/04/1894:16); B: Akkommodasie vir swart mense (UK MA BC1430 H32T).

Die blanke en swart werkers is apart van mekaar gehuisves. Dié afsonderlikheid van die werkers se woonplekke word deur verskeie argivale verwysings bevestig. Stewart meld byvoorbeeld op 20 Junie 1895 dat 'n aantal bestaande geboue behoorlik opgeknop moet word sodat dit as huisvesting vir die blanke werkers kan dien. Stewart verwys voorts in 'n verslag van 5 Februarie 1896 na die [...] *white men's quarters* [...] (US JSGB 60/13:98-99,261). In dieselfde maand, op 25 Februarie, vermeld Stewart wooneenhede wat deur die blanke werkers gebruik word (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:577). In 'n ander verslag word verwys na 'n deel van die wooneenhede wat aan die blanke werkers voorsien word (UK MA BC1421 J8.4:72). Ten opsigte van akkommodasie vir swart mense word byvoorbeeld in 'n berig op 24 Oktober 1894 verwys na 'n bykomende woonplek wat vir swart werkers beskikbaar gestel is (UK MA BC1421 J8.1:20).

Buiten vir die woonplekke is die strukture vir ontspanning ook aan afsonderlikheid gekoppel. So is verslag gedoen oor 'n ontspanningsvertrek vir die swart werkers wat in Augustus 1894 voltooi is, terwyl 'n vertrek vir gebruik deur die blanke mans beskikbaar gestel is (UK MA BC1421 J8.1:19). Farmer het bevestig dat [...] *both Europeans and Natives* [...] hul eie ontspanningsvertreke gehad het (Crump 1946:10).

3.1.1 Bestaande en gesloopte woonplekke

Die vier wonings wat behoue gebly het, word in 'n goeie toestand bewaar. Die gesloopte geboue waarvan die ligging bekend is, was stewige klipstrukture, terwyl sommige van die gesloopte wonings waarvan die ligging onbekend is, tydelike strukture was.

3.1.1.1 Bestaande woonplekke

Die vier bestaande wonings staan vandag as die Kaapprovinsie Bergklub-gebou (figuur 27A), die Bergklub van Suid-Afrika-gebou (figuur 27B), die Padvindersgebou (figuur 27C) en die Opsigtershuis (figuur 27D) bekend. Eersgenoemde drie geboue word as verblyf- en oornagplekke gebruik terwyl die Opsigtershuis onder meer as konferensieplek benut word.

Die Kaapprovinsie Bergklub-gebou is sedert die aanvang van die dambouery deur die geskoolde werkers en voormanne as woonplek gebruik (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Die geskoolde werkers wat hier tuisgegaan het, het as klipmesselaars by die damkonstruksie gewerk (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:86). Die klipmuurgewels van die gebou is behou, maar dit is geverf. Aan die westekant van die gebou is 'n losstaande klipmuur wat in sy oorspronklike vorm en kleur behou is (sien pyl in figuur 27A).

Sedert die begin van die bouery is Stewart en twee van sy personeellede in die gebou geakkommodeer wat later as die Bergklub van Suid-Afrika-gebou bekend sou staan. Die gebou het ook as 'n kantoor vir Stewart gedien (UK MA BC1421 J8.1:8, BC1430 Timoney Papers:1). Ná die voltooiing van die dambouprojekte is die gebou aan die Bergklub van Suid-Afrika beskikbaar gestel. Die klub het dit amptelik op 16 Desember 1905 as 'n byeenkom- en oornagplek in gebruik geneem (Power 1981:96-97). Die gebou het klipmuurgewels terwyl die res van die mure uit sinkplate bestaan.

Die Padvindersgebou het in 1893 as huisvesting vir die terreininspekteur en tydhouer gedien (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Aan die begin van 1894 was dit die bouklerk en tydhouer se woning (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:86). Die gebou het klipmure.

Die Opsigtershuis het sy ontstaan te danke aan Stewart wat op 'n vergadering op 15 November 1897 aansoek gedoen het vir die oprigting van 'n gebou as [...] *quarters for the caretaker of the Corporation Reservoirs*. Die aansoek is goedgekeur en daar is besluit dat die gebou aan Kasteelspoort se kant van die opvangsgebied opgerig moes word met 'n uitsig op die Woodhead-dam asook die nuwe dam (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:19-20). Dit het nie dadelik



Figuur 27: A: Die Kaapprovinsie Bergklub-gebou; B: Die Bergklub van Suid-Afrika-gebou; C: Die Padvindersgebou; D: Die Opsigtershuis.




gebeur nie, want eers in 1899 is verklaar dat die stewige klipgebou opgerig word (Crump 1941:71). Op 19 Januarie 1900 word in 'n komiteebesluit na die gebou as 'n "nuwe huis" verwys (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:113). Verskeie vertrekke is deur die jare aangelas (sien pyle in figuur 27D).

3.1.1.2 Gesloopte woonplekke waarvan die ligging bekend is

Die twee gesloopte woonplekke waarvan die ligging vasgestel kon word, is die Stone House (figuur 28A) en die Shelter (figuur 29A). Eersgenoemde is die enigste woonplek wat nie op die westelike plato geleë was nie. Dit was 'n klipwoning aan die oostekant van die Woodhead-dam waarin die raadgewende en residentingenieurs tydens die bou van die Hely-Hutchinson-dam gewoon het. Dié gebou het later volgens Stewart as die Stone House bekend gestaan (Crump 1946:10).

Die ligging van die Stone House is vasgestel danksy die inligting op 'n kaart van 1897 (figuur 28B) en die oorblyfsels van die gebou (figuur 28C) wat opgespoor is. Die ligging word met die rooi pyl op die kaart aangedui, net bokant die bewoording "Engineer's Quarters". Die oorblyfsels is op presies daardie plek, direk oos van die Woodhead-damwal, aangetref. Die Stone House word dikwels verkeerdelik as die Opsigtershuis vermeld. 'n Voorbeeld van so 'n fout is 'n onderskrif wat in die *Cape Argus Weekly Edition* van 19 Maart 1902 verskyn het, wat lui dat die mense op die foto (figuur 28D) hulle by [...] *the Engineer's house on the plateau* [...] bevind. Dit is foutief, want dit is nie die ingenieurs se huis (die Stone house) nie, maar die Opsigtershuis. Een bewys vir laasgenoemde is die foto (figuur 28E) wat in 2010 van die Opsigtershuis geneem is en die oorblyfsels toon van die telefoonisoleerknoppe wat in figuur 28D te sien is. Nog 'n bewys is dat die Stone House 'n stoepafdak gehad het soos dit in figuur 28A blyk en dat die stoep van die Opsigtershuis sonder 'n dak was (figuur 28D). Die voorafgaande twee bewyse dui dus onteenseglik daarop dat die huis in figuur 28D die Opsigtershuis is en nie die Stone House nie.

Die klipgebou wat in figuur 29A gesien kan word, was na alle waarskynlikheid 'n dambouerswoning omdat dit voorkom of dit oor 'n kombuis beskik het (sien pyl). Die foto van die gebou is in ongeveer 1909 geneem, sowat vyf jaar ná die voltooiing van die dambouprojekte toe die stadsraad die gebou as 'n skuilplek aan Tafelberg-stappers beskikbaar gestel het. Dit het daarna as die Shelter bekend gestaan. In 1916 is in 'n koerant gekla dat die gebou se dak in 'n storm afgewaai is en dat niks gedoen word om dit te herstel nie. Dit is aan die begin van die twintigerjare gesloop omdat dit volgens die munisipaliteit onbenut was. Die fondament van die gebou (figuur 29B) het ná die slooping as die Dance Floor bekend gestaan (Solomon 1998:109-111).



Figuur 28: A: Die Stone House (UK MA BC1430 H32T); B: Kaart van 1897 (*Cape Times* 06/05/1897:6); C: Die ruïne; D: Opsigtershuis (*Cape Argus Weekly Edition* 19/03/1902:17); E: Oorblyfsels van telefoonkonneksie.



Figuur 29: A: Die Shelter (Bergklub-jaarblad 1997:108); B: Die Dance Floor.

3.1.1.3 Gesloopte woonplekke waarvan die ligging nie bekend is nie

Verskeie ondersoekes ter plaatse is uitgevoer om die ligging van die gesloopte strukture in figuur 26A & B op te spoor. Ten opsigte van figuur 26A is die ondersoek van stapel gestuur op grond van 'n aanhaling wat op 7 Februarie 1895 in die *Cape Times* verskyn het: *The white men will be found [...] in a small hamlet of wood and iron buildings a short distance from the works on the left of the tram line leading to the aerial gear* (pp 22-23). Die pyl vanaf figuur 26A dui aan waar die terrein geleë is wat in die voorafgaande koerantaanhaling gemeld word. Die ondersoek in dié digbegroeide gebied het geen fundamente opgelewer nie.

Die ondersoek ten opsigte van figuur 26B is van stapel gestuur op grond van die inligting wat uit drie bronne verkry is. Die eerste bron lui dat die swart werkers verder as die blankes van die reservoir af gewoon het en dat 'n aantal strukture vir dié doel naby die bo-punt van Kasteelspoort opgerig is (UK MA BC1421 J8.1:22). Die tweede bron meld dat van die swart werkers verkies het om hul eie woonstrukture op te rig (UK MA BC1421 J8.1:23). Die derde bron is 'n onderskrif by die foto (figuur 26B) wat soos volg lui: *Native labourers. Note "Reds*

Gods" in the background (UK MA BC1430 H32T). Laasgenoemde is 'n verwysing na die Valley of the Red Gods, 'n kloof wat ten noorde van die bo-punt van Kasteelspoort geleë is. Die begin van die kloof is met 'n X gemerk. Die pyl vanaf 26B dui aan waar die gebied is wat in die voorafgaande bronne vermeld is. Geen fundamente kon in dié rotsagtige gebied opgespoor word nie.

Verskeie fundamente is egter in die area tussen bovermelde twee gebiede gevind. Dit is nie moontlik om te bepaal watter geboue op dié fundamente opgerig was nie. Drie van dié fundamente word in figuur 30 weergegee.



Figuur 30: Fundamente van ongeïdentifiseerde geboue.

Buiten vir die woonplekke is al die ander geboue wat met die inwoners se bedrywighede geassosieer word, soos byvoorbeeld 'n winkel en 'n kliniek (UK MA BC1430 Timoney Papers:1), ook sedertdien afgebreek. Verskeie bronne verwys na dié bouwerke. Op 24 Oktober 1894 is byvoorbeeld in die *Cape Times* berig dat 'n addisionele gebou opgerig is waarvan 'n deel as 'n kliniek gebruik word (UK MA BC1421 J8.1:17). 'n Voorbeeld van die talle verwysings na die winkel was aan die begin van 1894 toe dié gebou se versekeringswaarde vermeld is (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1:86).

3.2 WERKPLEK

Verskeie geboue is op die dambouterreine as werkplekke opgerig en heelwat verwysings daarna is gevind. So byvoorbeeld is daar volgens 'n verslag van Julie 1893 onder meer 'n klerkkantoor, sementskure, smidswinkel, messelaarskure, passerswinkels en timmermanswinkels by die Woodhead-projek opgerig. 'n Nuwe gebou is as 'n kruitmagasyn gebou (UK MA BC1421 J8.4:4).


Volgens 'n verslag van Julie 1894 is 'n klipstal gebou vir die muile wat by die projek gewerk het (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Op 25 Mei 1898 is in die *Cape Times* berig dat werk aan die oprigting van 'n nuwe sementstoor en smidswinkel begin is (UK MA BC1421 J8.4:4).

Geen foto van die Woodhead-dambouprojek se werkgeboue kon opgespoor word nie, maar 'n beskrywende foto van die Hely-Hutchinson-projek se konstruksiegeboue bestaan wel (*Cape Times Weekly Edition* 21/10/1903:7, figuur 31C). Dit blyk dat die geboue uit uiteenlopende groottes en vorms bestaan het en op een na was almal van sink. Die enigste klipgebou op die foto (aangedui met pyl 2) is ook die enigste gebou op die terrein wat behoue gebly het. Figuur 31B wys hoe die gebou in die jaar 2010 lyk. Die sinkgebou net agter die klipgebou (aangedui met pyl 1) staan op die plek waar die Waterwerke Museum vandag ingerig is. Dié gebou se sinkplate is egter sedertdien afgebreek en baksteenmure is in die plek daarvan gebou. Figuur 31A1 dui aan waar die sinkplate in die sement geanker was en figuur 31A2 die baksteenmuur.

3.3 INWONERS

Die dambouwerkers wat op die berg gehuisves is, was van uiteenlopende gemeenskappe afkomstig en hul skolingsvlak het baie verskil. Daar was byvoorbeeld aan die een kant hoogs opgeleide vakmanne van die Verenigde Koninkryk. Aan die ander kant was die meeste ongeskoolde arbeiders swart mense afkomstig van Oos-Kaapse gebiede soos Mount Fletcher en Butterworth. Hulle is aangevul deur werkers wat in Kaapstad en omgewing gewerf is. Die rasse-segregasie waarna in 3.1 verwys word, kom ook ter sprake by navorsing oor wie die inwoners was. Koerantberigte verwys deurgaans op 'n rassegrondslag na hulle. Daar word sonder uitsondering in werks- of akkommodasieverband verwys na die aantal blanke en swart werkers wat betrokke was. Voorbeelde van bronverwysings na werkers se ras is die woorde "natives" en "white" (US JSGB 60/13:98-99). Verwysings na "natives" en "European" kom in 'n dokument van 30 Augustus 1895 voor. Daarin word onder meer vermeld dat dertig bykomende "natives" nodig is as werkers op die berg (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1:465-466).

Nog voorbeelde van rasbenaming kom op 19 November 1902 voor toe na die blanke werkers op die berg as die raadgewende ingenieur se personeellede verwys is en op 23 April 1903 toe kennis gegee is van akkommodasie wat gereël is vir vier blanke mans wat by die residentingenieur moes kom werk (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/214). In amptelike dokumentasie word soms na swart werkers met die woorde "Kafirs" en "Kaffir" verwys (WKAR MOH-37:UCS) terwyl die woorde [...] *a native (a Kaffir* [...] op 6 Januarie 1896 genotuleer is (US JSGB 60/13:239). Min persoonlike besonderhede word in argivale bronne oor die lede van die berggemeenskap verstrekk. Die uitsondering is egter Thomas Stewart na wie as die hoof van die dambouprojekte talle kere verwys word. Stewart se besluite as hoof het uit die aard van sy senior posisie 'n groot invloed uitgeoefen op die lewe van die bergbewoners, blank én swart.



Figuur 31: Werkplekgeboue. A: Sinkplate met baksteenmuur vervang; B: Enigste bewaarde werkgebou; C: Bouery aan die Hely-Hutchinson-dam in volle gang (Cape Times Weekly Edition 21/10/1903:7).

3.3.1 Thomas Stewart

Thomas Stewart, Suid-Afrika se eerste raadgewende ingenieur, was nie net as hoof betrokke by die bou van die Woodhead- en Hely-Hutchinson-damme nie, maar ook by die oprigting van talle ander waterverskaffingsprojekte oral in Suider-Afrika. Stewart is op 30 Maart 1857 in Perthshire, Skotland gebore en het aan die Glasgow College of Science and Arts gestudeer. Ná sy studie is hy in 1882 gewerf om in Suid-Afrika as die assistent van die hidrologiese

ingenieur van die Kaapkolonie te kom werk. Binne die volgende paar jaar het hy op verskeie plekke in die kolonie by watervoorsienings- en besproeiingskemas betrokke geraak. In 1888 het hy uit die diens van die regering getree en 'n private praktyk begin (SABW Deel IV 1981:651).

Stewart was verantwoordelik vir die ontwerp en konstruksie van al vyf opgaardamme op Tafelberg en het as raadgewende ingenieur opgetree vir watervoorsiening en die wegdoen van rioolvuil ten opsigte van onder meer Kaapstad (Steenbras-projek), Johannesburg (Zuurbekom-projek) en Beira, Mosambiek. Tydens die Anglo-Boereoorlog was Stewart 'n majoor in die Royal Engineers en betrokke by die konstruksie van verdedigingswerke. Uit Stewart se huwelik met Mary Mackintosh Young is drie seuns gebore. Sewe jaar ná haar dood in 1921 is hy met Georgina Rees getroud. Hy het jare lank in Wynberg gewoon totdat hy op 23 Oktober 1942 oorlede is (SABW Deel IV 1981:651).

Wat sy persoonlike lewe betref, blyk dit uit die herinnering van 'n familielid dat Stewart 'n kortgebonde mens was. Volgens 'n kleinkind, Michael Stewart, was twee broers van Stewart ook by die dambouery betrokke. Hulle was al drie ywerige Padvinders en het baie tyd daaraan bestee om die berg te verken (Yeld 1997:15). Verskeie foto's is van Stewart geneem waar hy die waterwerke op die berg inspekteer, onder meer figuur 32 wat hom op die Pipe Track aandui.

3.3.1.1 Woodhead-dam

Op 2 Januarie 1892 is in die *Cape Times* berig dat die stadsraad besluit het om die dambouery op Tafelberg departementeel aan te pak onder die toesig van Stewart as die residensiële ingenieur. Stewart is gemagtig om kleiner kontrakte met die raad se goedkeuring aan te gaan (UK MA BC1421 J8.1:2). In 'n argivale bron van 5 Januarie 1894 is Stewart se titel vermeld as *Engineer of Works, Table Mountain Reservoir* (NBSA AF.1998-42:6; WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:87).

Terwyl Stewart by die Woodhead-dam betrokke was, het hy ook die Silwermyl-reservoir vir die gemeenskappe van Kalkbaai en Muizenberg ontwerp. Ander watervoorsieningsprojekte wat in dié tyd onder sy beheer geplaas is, was die Mocke-reservoir in Kloofnek en die uitbreiding van die watervoorsiening aan Groen- en Seepunt. Die versterking van sowat 20 meter van die Woodhead-tonnel het ook onder sy beheer gekom. Ná die voltooiing van die Woodhead-dam was Stewart betrokke by die ondersoek van watervoorsiening aan Steynsburg (UK MA BC1421 J8.1:24; WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:369,370,566,707).



Figuur 32: Stewart op die Pipe Track (UK MA BC1430 H32T).

3.3.1.2 Hely-Hutchinson-dam

Volgens 'n berig in die *Cape Times* van 23 Julie 1897 is Stewart ook aan die hoof van die bouery van die nuwe dam op Tafelberg aangestel. Op 7 Januarie 1898 word sy nuwe titel gemeld: *Engineer of the Works, Additional Storage Reservoir, Table Mountain*. Die eerste maandelikse verslag van Stewart oor die nuwe reservoir is op 13 Mei 1898 voorgelê.

Tydens die bouwerk aan die Woodhead-dam is Stewart op die berg geakkommodeer, maar met die bouery aan die Hely-Hutchinson-dam het hy in die stad gewoon en van daar die bouterrein besoek. Laasgenoemde word bevestig met onder meer 'n verslag van 8 Julie 1898 waarin Stewart verklaar dat hy nie sy verslag oor die dambouery kan voltooi nie omdat die telefoonverbinding na die berg vir twee dae buite werking was. Tussen 1896 en 1907 was Stewart ook aan die hoof van die drie damme - Victoria, Alexandra en De Villiers – wat op Tafelberg vir die munisipaliteit van Wynberg gebou is. Dié damme se water vloei in pype oor Constantianek na Wynberg (UK MA BC1421 J8.1:39; WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:147).

3.3.1.3 Verering en verslegtende verhouding

Hoë agting het vir Stewart se werkvermoë bestaan en hy is telkemale daarvoor vereer. Op 25 Maart 1895 is daar byvoorbeeld in munisipale dokumente soos volg na Stewart verwys: [...]

having regard to the extensive experience of that gentleman in his class of work [...]. Op 22 Maart 1897 is op 'n spesiale munisipale vergadering besluit om seshonderd pond te betaal aan Stewart bo en behalwe sy kontrakgeld [...] *that having regard to the valuable services rendered by Mr Thomas Stewart in the general management of the works, the engagement of men for the Departmental construction and the sending down of water [...]* (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:369,826).

Dit blyk dat die verhouding tussen Stewart en die stadsraad ná die voltooiing van die Hely-Hutchinson-dam egter baie versuur het. Dié verslegtende verhouding kom na vore in 'n briefwisseling tussen Stewart en die stadsklerk oor eersgenoemde se addisionele vergoeding vir sy dienste met die bou van die dam. Stewart het byvoorbeeld in 'n brief van 7 Oktober 1904 verklaar dat die voorsiening van arbeid tydens die dambouery nie deel van sy ooreenkoms met die stadsraad uitgemaak het nie. Hy was desnieteenstaande self betrokke by feitlik alle reëlings ten opsigte van die verkryging van arbeid. Stewart het voorts vermeld dat die regulasies wat ten opsigte van die pes op die berg ingestel is, die werkklas op hom baie laat toeneem het. Stewart het sy bykomende bedrag op drieduisend vyfhonderd ghienies gestel. Dit blyk dat dié bedrag te hoog vir die stadsraad was, want op 22 Junie 1905 het die waarnemende stadsklerk berig dat Stewart nie die stadsraad se tjek vir eenduisend ghienies as bykomende vergoeding wou aanvaar nie. Stewart het op 7 Augustus 1905 die stadsklerk in kennis gestel dat die bedrag heeltemal onvoldoende was. Besonderhede oor die uiteinde van dié onverkwiklike situasie kon nie in argivale bronne opgespoor word nie (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1).

In 1932, vyftig jaar ná Stewart se koms na Suid-Afrika, het toonaangewende plaaslike ingenieurs 'n geillumineerde oorkonde aan hom oorhandig uit verering vir sy prestasies as die doyen van die professie in die land. Die bewoording lui: *We your fellow engineers whose names appear on the opposite page, wish to congratulate you on the notable achievement of having this day completed fifty years continuous practice in the Engineering Profession in South Africa. During that time you have designed and successfully carried out many works in every part of the country, and in doing so you have worthily upheld the ideals of the profession of which you are a member. We offer you our best wishes for the future and hope that you may long remain the doyen of the Profession in South Africa. December 30th 1932* (Cape Argus 30/12/1932).

3.3.2 Blanke inwoners

Die blanke inwoners van die bergtuiste het bestaan uit geskoolde klipmesselaars, meestal gewerf in Skotland, halfgeskoolde arbeiders van Skotland, Ierland en Cornwall in Engeland en

werkers van Kaapstad. Steenmessel is die enigste nering waarvan die getal beoefenaars vermeld word. Dié getal verskil egter ingrypend in die verskillende bronne. In een bron word vermeld dat altesame 31 gekwalifiseerde steenmesselaars by die Woodhead-dam betrokke was (UK MA BC1430 Timoney Papers:1), terwyl 'n ander bron meld dat dié getal meer as 75 beloop het (NBSA AF.1998-42:11-13).

3.3.2.1 Britse werkers

Stewart het by twee geleenthede redes verstrek waarom hy geskoolde werkers in die Verenigde Koninkryk moes werf om op die berg te werk. Ten eerste het hy in 'n berig in die *Cape Times* van 27 Junie 1899 aangevoer dat die geskoolde werkers nie in Suid-Afrika beskikbaar was nie. Hy het verklaar dat hy 'n hidrologiese ingenieur moes aanstel om 'n verslag op te stel, maar dat hy nie bewus was van enige ingenieurs in die Kolonie wat dieselfde ervaring as hy het wat die bou van betondamwalle betref nie. Stewart het dan name verskaf van ingenieurs in Engeland wat die werk kan doen (UK MA BC1421 J8.4:9).

Die tweede rede was die bedanking van werkers. Stewart het in dié verband in 'n verslag van 7 Oktober 1904 aangevoer dat die residentingenieur wat by die bouwerk aan die Woodhead-dam betrokke was reeds 'n ander betrekking aanvaar het toe die werk aan die Hely-Hutchinson-dam uiteindelik in Augustus 1897 bekragtig is. Hy moes toe reëlings tref om 'n ander residentingenieur in Engeland te werf (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1).

Die name van sommige van die residentingenieurs wat by die dambouery betrokke was, word in argivale bronne vermeld. Op 30 Maart 1900 het Stewart byvoorbeeld volgens 'n koerantberig gesê dat Bishop dié betrekking by die Woodhead-dam beklee het en dat RH Charters in daardie amp by die Hely-Hutchinson-dam aangestel is. Charters het op 12 April 1898 uit Engeland gearriveer (UK MA BC1421 J8.4:14). Op 5 September 1902 het Stewart vermeld dat Charters se kontrak verstryk het en dat Joseph Bent in sy plek aangestel is (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:106,424-425). Nog 'n residentingenieur wat op die berg gewerk het, was William Robson Crabtree van Yorkshire, Engeland (Yeld 1997:15), maar dit word nie vermeld wanneer hy die amp beklee het nie.

Ander werkers van Britse afkoms was onder andere:

- Esdon, Robert - assistentterreiningenieur van Glasgow, Skotland (Yeld 1997:13)
- Nixon, AK - wat volgens 'n verslag van 5 September 1902 in M White se plek aangestel is nadat laasgenoemde se kontrak verstryk het (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:424-425)

- ❑ Robbins, Caleb - wat Engeland op 20 April 1895 per boot verlaat het en op 13 Mei in Kaapstad aangekom het (US JSGB 60/13:80,96)
- ❑ Taylor, Edwin - 'n gereedskapsmid, wat volgens 'n verslag van 18 September 1896 vir 'n tydperk van nege maande van Brittanje na Suid-Afrika gebring is (US JSGB 60/13:340)
- ❑ Turnbull, James William - klipmesselaar van Glasgow, Skotland (Yeld 1997:15)
- ❑ White, M - assistentingenieur, vir wie op 5 September 1902 passasiegeld na Brittanje versoek is (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:424-425).

Nog blanke werkers wie se name in argivale bronne vermeld word, en wat waarskynlik van Kaapstad afkomstig was, was onder andere:

- ❑ Bland, Gordon - tydhouer in 1894 en 1898 (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:167-168, 1/4/4/1/1/2:125)
- ❑ Boosé, F - in beheer van die winkel (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:88)
- ❑ Christien, FJ - opsigter in 1899 (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:254-255)
- ❑ Grant PA - besteller in 1899 (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:293)
- ❑ Herdman, GW - tweede assistent in 1899 (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:263)
- ❑ Lacey, James - personeellid in 1904 (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/4:30)
- ❑ Lugg, C - tydhouer en pakhuismeester in 1895 (US JSGB 60/13:73)
- ❑ McCreary, William - in 1894 in beheer van die winkel (UK MA BC1421 J8.1:14)
- ❑ Minett, John - bouklerk in 1894 (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:236)
- ❑ Thorsen - opsigter in 1903 (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:112-214)
- ❑ Williams, Henry - in 1894 in beheer van die winkel (UK MA BC1421 J8.1:14).

3.3.2.2 Werkers van Kaapstad

Blanke Kapenaars het óf as vakmanne óf as arbeiders op die berg gewerk en gewoon, volgens persadvertensies en –berigte. Vier advertensies in die *Cape Times* werp lig op die tipe ambagte wat op die berg beoefen is. Dit blyk dat gereedskapsmede, hyskraanoperateurs en muurmesselaars in aanvraag was. Een van die advertensies het op 9 Maart 1895 verskyn en 'n gedeelte daarvan lui soos volg: *There are Vacancies on the Table Mountain Reservoir Works for a thoroughly competent Tool Smith and a Driver for a Steam Crane. Only first-rate men need apply* (figuur 33A).

Later in die maand, op die 23ste, verskyn 'n advertensie vir twee gereedskapsmede en op die 29ste vir twee "rough carpenters" (figuur 33B). 'n Advertensie op 30 Julie 1903 lui dat poste vir damwalbouers op die berg bestaan (UK MA BC1421 J8.1:23-24, J8.6:12).

S: g: b- old To in ads ous 50 one tch K's 16 gh red	<p style="text-align: center;">CITY OF CAPE TOWN.</p> <p style="text-align: center;">CORPORATION NOTICE. A</p> <p style="text-align: center;">WANTED.</p> <p>THERE are Vacancies on the Table Mountain Reservoir Works for a thoroughly competent Tool Smith and a Driver for a Steam Crane. Only first-rate men need apply.</p> <p>Applications should be made to the Engineer of the Works, No. 6, St. George's Chambers, Cape Town.</p> <p style="text-align: center;">By order, CHAS. J. BYWORTH, Town Clerk.</p> <p style="text-align: center;">The Town House, Cape Town, March 8, 1895. 670m</p> <p style="text-align: center;">CITY OF CAPE TOWN.</p>	now in time. Specia Sugeri some of are repl America respectfu The London in the Natural and are Speakers the man These T principle System, with th stumps. The a Operati lessly by and over Specia of Child on the A and ent all work A spe Institut one-half
	<p style="text-align: center;">CITY OF CAPE TOWN.</p> <p style="text-align: center;">CORPORATION NOTICE. B</p> <p style="text-align: center;">WANTED.</p> <p>THERE are Vacancies on the Table Mountain Reservoir Works for Two Rough Carpenters. Must be steady and thoroughly competent.</p> <p>Applications should be made to the Engineer of the Works, No. 6, St. George's Chambers, Cape Town.</p> <p style="text-align: center;">By order, CHAS. J. BYWORTH, Town Clerk.</p> <p style="text-align: center;">The Town House, Cape Town, March 27, 1895. 2059m</p> <p style="text-align: center;">TO LET</p>	such is pr exch caler ensu notifi Unsc ing, tion plica for t have 16th 11 o' Office said tions requ inter of su befor in C writi the they

Figur 33: Advertensies in die *Cape Times*: A (09/03/1895:3); B (29/03/1895:2).

Blankes van Kaapstad het tydens die dambouery ook as arbeiders gewerk, volgens gegewens oor 'n perswerwingsveldtog en inligting in werkerslyste. Die werwing is in Julie 1902 met berigte en advertensies van stapel gestuur om blankes as arbeiders te werf (UK MA BC1421 J8.4:72). In die werkerslyste is blanke arbeiders afsonderlik van dié van swart arbeiders aangedui. 'n Voorbeeld hiervan is 'n dokument van 20 Junie 1895 waarin 'n werkspan se lede soos volg beskryf word: *1 carpenter, 1 mason, 1 blacksmith, 1 quarryman, 1 miner, 2 white labourers, 16 natives*. Op 18 Julie 1895 word 'n span só beskryf: *1 carpenter, 2 masons, 1 blacksmith, 1 quarryman, 1 miner, 2 white labourers, 11 Natives* (US JSGB 60/13:98-99,121).

3.3.3 Swart inwoners

Die swart inwoners van die bergwoonplek was almal ongeskoolde arbeiders en die meeste van hulle is in die Oos-Kaap gewerf. Pogings is ook aangewend om swart werkers wat in die Skiereiland woonagtig was vir die dambouprojekte te verkry. Anders as met die blanke werkers is net een verwysing na 'n nie-wit werker se naam in die argivale bronne opgespoor. Dit is die naam "Laurel", 'n swart werker wat in 1902 op die berg vermoor is (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:34).

3.3.3.1 Oos-Kaap

Argivale bronne verwys na verskeie pogings sedert 1900 om swart werkers in die Oos-Kaap te werf. Plekke wat in dié verband vermeld word, is Middeldrift, Mount Fletcher en Butterworth. Stewart het in dié jaar verklaar dat die werwing van werkers oor 'n wyer gebied

uitgebrei moet word. Op 22 Junie 1900 is in 'n verslag vermeld dat Stewart dit nodig gevind het om met die [...] *Native Affairs Office* [...] in verbinding te tree in verband met 'n aantal swart mense wat vanaf die [...] *native territories* [...] gebring is (WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:199).

Voorts is die Waterwerke-komitee op 8 Februarie 1901 ingelig dat Stewart 'n invloedryke swart man met die naam Wanihanke na Middelrdrift gestuur het om honderd swart werkers vir die dambouprojek te werf. Die komitee is op 21 Junie 1901 in kennis gestel dat daar gereël is vir die vervoer van 250 swart werkers vanaf Mount Fletcher en Butterworth na Kaapstad om op Tafelberg te kom werk (WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:378,506).

Sommige voornemende werkers het die pad Kaapstad toe te voet aangepak. In dié verband is op 11 Junie 1894 berig dat 'n Fingo en verskeie metgeselle vanaf St Marks in Temboeland na Kaapstad gestap het om werk te soek. Die Fingo en twee van sy mede-stappers het werk op die berg gekry (UK MA BC1421 J8.1:17) (sien ook 5.5.2).

3.3.3.2 Skiereiland

Plaaslike werwingsaksies dui daarop dat swart inwoners van die Skiereiland ook op die berg gewerk het. Die Waterwerke-komitee is byvoorbeeld op 8 Februarie 1901 ingelig dat Stewart probeer het om plaaslik swart werkers vir die berg te verkry (WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:378). Stewart het voorts op 27 Februarie en 17 Maart 1903 'n personeellid na 'n Skiereilandse swart woonbuurt gestuur om werkers te soek (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:112-214).

3.3.4 'Boys', 'coloured' en 'Hottentots'

Dit is nie moontlik om met sekerheid vas te stel of bruin werkers deel van die berggemeenskap was nie. Die woorde "boys", "coloured" en "Hottentots" word in drie gevalle gebruik om werkers te beskryf. Die woord "boys" kom voor in 'n verwysing op 22 September 1899 wat handel oor [...] *the boys and men on the mountain*. In die konteks van die verwysing blyk dit dat "men" na die blanke werkers verwys en "boys" na die swart werkers (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:16). Nog 'n verwysing na "boys" kom voor in die naam van 'n kloof op Tafelberg. Dié kloof is Boys' Quarters Valley, geleë suid van Ash Valley en ten weste van Vaalkatravyn. Die woord "Boys" in dié naam verwys na swart werkers wat daar gewoon het tydens die bouwerk aan die Victoria-dam (Crump 1941:70-71).

Die woord "coloured" kom voor in 'n verwysing na [...] *coloured employee* [...] op 5 Desember 1902 (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:34) en die woord "Hottentots" in 'n brief met die

aanhaling [...] *Kafirs, Fingoes, Hottentots* [...] (*Cape Times* 09/01/1900:4). Die woord "coloured" kan na bruin of swart werkers verwys, terwyl "Hottentots" sekerlik na bruin mense verwys.

3.3.5 Beskikbaarheid van werkers

Die beskikbaarheid van werkers het 'n belangrike rol gespeel in die konstruksie van die damme omdat dit die voltooiingstyd en dus ook die koste daarvan beïnvloed het. Dit was ook 'n illustrasie van die tevredenheid al dan nie van die werkers ten opsigte van hul werk- en woonomstandighede. Die belangrikheid van die beskikbaarheid van werkers word getoon deur die talle verwysings daarna in bronne. Dit is in dié navorsing bevind dat die beskikbaarheid van werkers in twee duidelik afgebakende tydperke verdeel kan word. Die eerste tydperk, die era van volop werkers, val saam met die bou van die Woodhead-dam. Die tweede tydperk, wat deur 'n tekort aan werkers gekenmerk word, gaan gepaard met die konstruksie van die Hely-Hutchinson-dam. Laasgenoemde gebrek aan werkers was volgens Stewart een van die redes wat daartoe bygedra het dat die dambouery sewe pleks van vier jaar geduur het en dat die koste daarvan hoër was as wat voorsien is (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1).

Genoeg werkers was beskikbaar vir die bou van die Woodhead-dam en die werkerskorps was tevrede en ywerig. Dit blyk in 'n koerantverslag dat dié werkplek baie gewild onder swart werkers was. Wanneer enigeen van hulle bedank het, is geen probleem hoegenaamd ondervind om 'n plaasvervanger te kry nie. Die werkers word ook as 'n merkwaardig bestendige klomp bestempel, gemeet aan die voortreflike manier waarop hulle hulle elke Maandagoggend vir diens aanmeld. Die verslag lui voorts dat 'n opgeruimder groep werkers baie moeilik op 'n ander plek aangetref sal word. Gevalle van astrantheid of slegte gedrag is so skaars soos siekte (UK MA BC1421 J8.1:23).

Die bou van die Hely-Hutchinson-dam is egter erg deur die skaarste aan swart arbeiders gekniehalter. Dit was in 'n stadium, veral tussen Januarie 1901 en September 1902, moeilik om swart arbeiders vir die projek te bekom sodat die werk darem net voortgesit kon word. Op 22 November 1901 is byvoorbeeld vermeld dat die dambouwerk nie goed vorder nie weens die probleme om 'n genoegsame voorsiening van swart arbeid te verkry. In 1903 het die toestand nog nie verbeter nie, want op 6 Februarie van dié jaar het Stewart verklaar dat die voltooiing van die dam van die voorsiening van swart arbeiders afhang. Dié tekort was so erg dat Stewart dit ernstig oorweeg het om by die stadsraad aan te beveel om die werk tydelik te staak tot tyd en wyl normale toestande weer aanbreek (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:271, 1/4/4/2/1/3:82-83, 4/1/1/91:42/1; UK MA BC1421 J8.4:86).

Buiten dat die werkernood die dambouery vertraag het, het dit ook die koste daarvan opgestoot. Stewart het die kosteverhoging toegeskryf aan die gebrekkige voorsiening van swart arbeid en die verhoging in die lone van dié tipe werkers (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1; UK MA BC1421 J8.4:86). Die werkerskaarste het ook tot groot skade aanleiding gegee omdat 'n groot hoeveelheid sement weens die werkertekort opgehoop het. Dit het klam geword en kon dus nie meer vir die dambouery aangewend word nie (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:271, 1/4/4/2/1/2:153).

3.3.5.1 Redes vir tekort

Daar was vier redes waarom swart mense onwillig was om op die berg te gaan werk. Volgens Stewart was die gesondheidsmaatreëls (sien 5.5.2) die grootste rede vir die tekort aan swart arbeiders, want dit het 'n noemenswaardige aantal werkers afgeskrik om verder daar te werk en ook die verkryging van swart arbeiders heeltemal in die wiele gery. 'n Hele groep swart werkers is byvoorbeeld vir inenting na die swart lokasie in Maitland en het toe net nie weer teruggekeer nie (UK MA BC1421 J8.4:67,86). Stewart verwys in 'n ander bron op 15 Oktober 1902 soos volg na dié verlies aan werkers: [...] *as the whole of a batch of natives [...] were never afterwards forthcoming* (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1).

Die eerste verwysing na die tweede rede, die afrokkeling van werkers, was op 11 Junie 1895 toe Stewart ingelig is dat ene Cooney twee van die beste werkers van 'n werkspan saam met hom geneem het. Stewart het na aanleiding hiervan opdrag gegee dat die werkers teruggestuur word en dat Cooney vermaan word om nie weer werkers op die berg weg te lok om elders te gaan werk nie (US JGKB 60/13:87).

Beter lone elders was die derde rede en het sedert 1900 daartoe gelei dat swart werkers die dambouprojek verlaat het. Buitensporige lone is aan swart werkers by die Kaapstadse hawe betaal en dít het van die bergwerkers oorgehaal om daar te gaan werk. In 1901 is ook elders in die stad buitengewoon hoë lone vir swart arbeid betaal. Dit het daartoe gelei dat dit al hoe moeiliker geraak het om swart werkers vir die berg te werf (WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:199,444). Ten einde die verdiensteprobleem hok te slaan, het die owerheid in 1901 en 1902 die lone van die swart werkers verhoog. In April 1901 is dit tot vier sjielings per dag verhoog en in April die volgende jaar tot 4/6. Die verhogings het egter nie die gewenste uitwerking gehad nie (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1; UK MA BC1421 J8.4:86).

Die vierde rede vir die werkerskaarste het in 'n verslag van 19 April 1901 aan die lig gekom. Dié verslag lui onder meer dat swart werkers onwillig was om op die berg te werk as gevolg van die koue wat daar ervaar is (WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:444).

3.3.5.2 Werwingsaksies

Verskeie werwingsaksies is aangepak om die skaarste aan swart arbeiders die hoof te bied. Dié aksies het gewissel van die aanstelling van arbeidsagente tot die werwing van blanke werkers in Kaapstad. Ten opsigte van die arbeidsagente het Stewart aanbeveel dat 'n swart persoon in so 'n pos aangestel word om te verseker dat arbeiders vir die dambouery verkry word. Dit lyk asof so 'n aanstelling toe wel gemaak is, want 'n ander argivale bron verwys na 'n nuwe poging om werkers vir die berg te werf – die gebruikmaking van 'n arbeidsagent. Die agent het tweehonderd werkers gewerf. Soveel vertrou het in die agent bestaan dat die mening uitgespreek is dat daar binne 'n paar dae vyfhonderd werkers in diens kon wees (WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:515-516; UK MA BC1421 J8.4:81).

Dié vertrou in die agent was blykbaar voortydig en nie gegrond nie, want Stewart het op 15 Oktober 1902 in 'n brief aan die stadsraad daarna verwys dat die plan met arbeidsagente nie 'n sukses was nie. Volgens die brief het die agente wel 'n groot aantal swart werkers in die Oos-Kaap gewerf en is hulle op die stadsraad se koste per trein en skip vervoer. Dié groep werkers het wel Kaapstad bereik, maar die buitengewoon hoë lone wat in 'n stadium deur die stad se hawe-owerheid betaal is, het dit feitlik onmoontlik gemaak om die swart werkers op die berg te hou indien hulle ooit daar aangekom het (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1; UK MA BC1421 J8.4:86).

Reëlins is getref vir die betaling van 2/6 as reisgeld aan elke nuwe werker asook vir hul vervoer vanaf Grahamstad tot Port Elizabeth per spoor en van daar in die Union Castle-stoomskip Coy tot Kaapstad. Die Waterwerke-komitee het die besluit oor die terugbetaal of nie van die werkers se vervoerkoste aan Stewart oorgelaat (WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:378).

'n Berig in die *Cape Times* van 24 Junie 1902 lui dat tweehonderd of meer swart werkers binne 'n week vanaf King William's Town in Kaapstad verwag word. In dié stadium het die komitee se standpunt oor die betaling van die werkers se vervoerkoste egter verander. Die komitee het naamlik besluit dat geen reisgeld vir swart arbeiders in die toekoms betaal sou word nie tensy 'n reëling getref kon word wat sou verseker dat hulle vir 'n redelike tyd op die berg sou bly werk. Op 18 Julie 1902 het die komitee in die lig van die vorige besluit verklaar dat die reisgeld van vyftig swart werkers vanaf King William's Town nie vooruitbetaal gaan word nie (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:345-346,374-375; UK MA BC1421 J8.4:69).

Die aksie om blanke werkers as arbeiders te werf, is in die middel van 1902 van stapel gestuur. Die owerheid het besluit om in die algemeen meer blanke werkers op die berg aan te stel en dat 'n standaardadvertensie in die koerante geplaas moes word waardeur blanke werkers vir die dambouery gesoek is. Daar is ook daarvan kennis geneem dat 'n aantal

geskikte mans van die binneland af kom en dat geprobeer moet word om van hulle vir die dambouery te werf. 'n Berig oor die aanstelling van blanke werkers het op 10 Julie 1902 onder die opskrif *White labourers wanted* in die *Cape Argus* verskyn (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:374-375; UK MA BC1421 J8.4:69,72).

Uit 'n koerantberig van 22 Julie 1902 lyk dit asof bogenoemde advertensieveldtog die gewenste uitwerking gehad het, want altesame 204 blanke werkers was in daardie stadium by die dambouery betrokke (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:204). Dit is die hoogste getal blanke werkers wat op een tydstip gelyktydig daar gewerk het.

3.3.5.3 Druk op Stewart

Dit lyk asof die owerheid vanaf 1902 groot druk op Stewart begin uitoefen het om die dambouwerk te bespoedig. So byvoorbeeld het die Waterwerke-komitee op 18 Januarie 1902 sy sorg uitgespreek oor die stadige vordering op die berg. Die komitee het aangevoer dat Stewart die noodsaak daarvan moet beseef om geskikte arbeid te vind sodat die werk so gou as moontlik afgehandel kon word. Op 22 Mei 1903 is hy weer aangemaan (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:191, 1/4/4/2/1/3:176).

Saam met die druk op Stewart het hy gaandeweg ook meer besluitmag ten opsigte van die werkers se lone ontvang om die werk te bespoedig. In April 1901 het hy volmag gekry om met beter lone die afrokkeling van werkers die hoof te bied. Hiervolgens kon hy aan swart arbeiders sodanige lone betaal wat hy beskou het as noodsaaklik om 'n genoegsame getal werkers op die berg te kry om die werk voort te sit. Op 18 Januarie 1902 het die komitee besluit om Stewart nie te beperk wat die lone van die werkers betref nie, ten einde die werkers aan te moedig om te bly. Vier maande later het die komitee besluit dat Stewart absolute onbeperkte magte het wat arbeid en lone betref. Later in 1902 het die komitee gemeld dat Stewart ook algehele besluitmagte ten opsigte van die blanke werkers het. Hy was by magte om soveel blanke werkers aan te stel as waarvoor hy akkommodasie kon voorsien het (WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:402,444, 1/4/4/2/1/2:191,311,374-375).

In 1903 het die komitee aan die hand gedoen dat Stewart dag- en nagskofte instel om die werk te bespoedig. Op 6 Februarie 1903 het hy op die voorstel gereageer deur aan te voer dat daar nog altyd druk toegepas is om die werk so spoedig moontlik af te handel, maar dat dit deur die gebrek aan swart arbeiders vertraag is. Hy het voorts gemeld dat daar nie genoeg werkers vir die instelling van 'n nagskof is nie. Die werk kan deur die dag voltooi word met dien verstande dat genoegsame swart werkers beskikbaar is. Ten opsigte van oortydwerk het hy aangevoer dat dit buite die kwessie is (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:82-83).

Uit Stewart se terugblik op 7 Oktober 1904 na die Hely-Hutchinson-dambouprojek blyk dit dat die skaarste aan werkers tot aan die einde van die Anglo-Boereoorlog voortgeduur het. Dit was egter moontlik om met verhogings in die swart werkers se lone die werk met die ontoereikende getal werkers aan die gang te hou. Ná die oorlog het die werkers egter redelik volop geword (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1).

3.4 INWONERTAL

Die getal werkers op die berg het nooit konstant gebly nie en het dikwels ingrypend van maand tot maand verander. Daarteenoor het die getalverhouding tussen blanke en swart werkers deur die jare baie bestendig gebly – swart werkers het tydens die bou van die Woodhead-dam gemiddeld 83% van die totale getal werkers uitgemaak en met die bou van die Hely-Hutchinson-dam gemiddeld 82%. Dít het aan die lig gekom in die ontleding van Stewart se gereelde verslae oor die werkergetalle. Inligting oor die getalle is ook in enkele argivale bronne opgespoor.

3.4.1 Stewart se verslae

Stewart se verslae oor die getal werkers strek oor 'n tydperk van meer as elf jaar vanaf Oktober 1892 tot Julie 1903. Die tabel in figuur 34 is opgestel op grond van besonderhede in Stewart se verslae wat uit die bronne in die regterkantste kolom verkry is. Uit die verslae blyk dit dat die hoogste totale getal werkers wat ooit by die Woodhead-dambouprojek betrokke was 470 beloop het. Die hoogste getal swart werkers was 400 terwyl 90 die hoogste getal blanke werkers was. Die hoogste totale getal werkers by die Hely-Hutchinson-dambouery, altesame 468, is feitlik presies dieselfde as by die Woodhead-dambouery. Die hoogste getal swart werkers by die Hely-Hutchinson-projek het 405 beloop wat ook omtrent dieselfde is as by die Woodhead-projek. Die hoogste getal blanke werkers by die Hely-Hutchinson-projek, altesame 70, is egter heelwat minder as wat by die Woodhead-projek in diens was.

Die eerste verwysing na werkergetalle by die Woodhead-dambouprojek was op 13 Oktober 1892 toe berig is dat sowat veertig mans reeds aan die werk by die dambouterrein was (UK MA BC1421 J8.1:8). Die werkergetalle het daarna tot Julie 1893 skerp toegeneem, maar in die volgende nege maande weer skerp afgeneem (UK MA BC1430 Timoney Papers:1; UK MA BC1421 J8.1:14). In Februarie 1895 was gemiddeld 416 mans daaglik by die werk betrokke teenoor die 450 van Januarie (UCT MA BC1421 J8.1:24). Volgens 'n verslag van Stewart vir die jaar eindigende Junie 1895 was die laagste gemiddelde getal werkers in die tyd 316 in Julie 1894 (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

Datum	Blankes	Swart mense	Werkertotaal	Bron
Woodhead-dam				
1892 - Oktober			40	UK MA BC1421 J8.1:8
1893 - Julie	70	400	470	UK MA BC1430 Timoney Papers:1
1894 - April			260	UK MA BC1421 J8.1:14
1894 - Julie			316	UK MA BC1421 J8.1:22
1894 – Augustus			382	UK MA BC1421 J8.1:17
1894 - September			403	UK MA BC1421 J8.1:17
1895 - Januarie	90	360	450	UK MA BC1421 J8.1:22
1895 - Februarie			416	UK MA BC1430 Timoney Papers:1
Hely-Hutchinson-dam				
1898 - April	33	72	105	UK MA BC1421 J8.4:4
1900 - Maart	70	350	420	UK MA BC1421 J8.4:14
1901 - Februarie		350		WKAR 3/CT 1/4/4/2/2/1:378
1901 - Maart		400		WKAR MOH-37:UCS
1903 – April/Mei	39	255	294	WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:204
1903 - Junie	63	405	468	UK MA BC1421 J8.6:7-8
1903 - Julie	40	253	293	UK MA BC1421 J8.6:7-8

Figuur 34: Gegewens uit Stewart se verslae oor die werkergetalle op die berg.

Die eerste verwysing na werkergetalle by die Hely-Hutchinson-dambouery waarop in die navorsing afgekom is, is 'n berig op 26 Mei 1898 in die *Cape Times* waarin gemeld word dat die getal werkers by die nuwe projek geleidelik toegeneem het sedert die aanvang daarvan. Gedurende die vorige maand was gemiddeld 33 blanke mans en 72 swart werkers daaglik by die bouery in diens (UK MA BC1421 J8.4:4). Een van die laaste verwysings na werkergetalle was in Julie 1903 toe 40 blanke en 253 swart werkers in diens was (UK MA BC1421 J8.6:7-8).

Stewart het ook in twee verslae inligting verstrekk oor hoeveel werkers op die berg geakkommodeer kon word. In die eerste verslag in Julie 1894 is gemeld dat huisvesting vir sowat tagtig blanke en vierhonderd swart werkers beskikbaar was (UK MA BC1430 Timoney

Papers:1). In die tweede verslag, nege jaar later op 19 Junie 1903, het Stewart verklaar dat dit moontlik sou wees om 45 blanke en 350 swart werkers op die berg in diens te neem (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:204).

3.4.2 Ander bronne

Buiten die verwysing in 3.3.5.2 oor die getal blanke werkers, dui verdere verwysings in ander bronne daarop dat die getal blanke werkers dikwels tussen sewentig en negentig beloop het. Die getal swart werkers word op enkele uitsonderings na as vierhonderd vermeld. Een van dié bronne verwys soos volg na die getalle: *More than 75 stonemasons, most of whom were Scotsmen, and a gang of 300 to 400 labourers* [...] (NBSA AF.1998-42:11-13).

Twee ander bronne meld ooggetuieverslae oor die getal werkers. Die vrou van WH Fox, 'n boswagter wat op die berg gewoon het, het die getal werkers by die Woodhead-dam op negentig blanke en vyfhonderd swart mense geraam (Crump 1941:69). Farmer het in sy vertellings oor sy dae as werker op die berg beweer dat sowat sewentig blankes en vierhonderd swart werkers betrokke was (Crump 1946:10).

3.5 SEWE DEKADES IN VERGETELHEID

Ná die voltooiing van die Hely-Hutchinson-dam het die argivale verwysings na die dambouterrein drasties afgeneem. Van die laaste verwysings was op 4 November 1904 toe besluit is om die tydelike bousels op die berg vir 'n tydperk van ses maande in stand te hou en dan oor die toekoms daarvan te besluit (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/4:319). Meer as 'n jaar later, op 19 Januarie 1906, is die waarde van die geboue en toerusting op die berg soos volg vermeld: masjienerie - £1 140; allerlei - £442; woonplekke - £200; skure - £100. 'n Besluit oor die toekomstige gebruik van die geboue en toerusting is uitgestel (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/5:219).

Die dambousterrein het daarna vinnig in die vergetelheid geraak. Die meeste bouwerke is gesloop, maar baie van die masjienerie het in die son en reën bly staan en is deur bosse toegegroei. So het dit voortgeduur tot die sewentigerjare van die twintigste eeu toe besluit is om iets aan die bewaring te doen voordat [...] *both information and relics of the place would be lost for ever* (WWM Tafelberg, sien hoofstuk 6).

HOOFSTUK 4

BERGLEWE: MATERIËLE KULTUUR

Inligting oor die dambouers se woon- en werkplekervaring is gevind in onder meer foto's en illustrasies, lesersbriewe aan koerante en 'n onderhoud met 'n gewese werker. 'n Bron wat heelwat inligting oor die dambouersgemeenskap se bedrywigheede verstrek, is verslae van joernaliste wat hul ondersoekte ter plaatse met woord en beeld in die koerante verewig het. Een so 'n besoek word in die *Cape Argus Weekly Edition* van 18 April 1894 met twee bladsye vol illustrasies weergegee. Op die een bladsy (figuur 35) lui die byskrifte van bo na onder soos volg: *Lower Terminal of Aerial Ropeway, Site of Dam, Tramway to Reservoir, Shop & Workmens Quarters, Table Mountain Reservoir*.


'n Berig wat na aanleiding van 'n besoek aan die dambouery geskryf is, het in die *Cape Times* van 7 Februarie 1895 verskyn. Gegewens word in dié verslag, onder die opskrif *The Mountain Reservoir, Progress and prospect, A recent visit*, verstrek oor onder meer die werkers se woonplek, hul koopgewoontes en hul kleredrag. Die verslaggewer meld dat hy 'n paar oggende vantevore vroeg te voet in die pad geval het om die dambouterrein te besoek en te inspekteer (UK MA BC1421 J8.1:22-23).

Nog verslae oor joernaliste se besoeke is in die *Cape Argus* van 20 Januarie 1896 en die *Cape Times* van 17 Desember 1900 gepubliseer (UK MA BC1421 J8.1:25, J8.4:14). Die gegewens in die voorafvermelde koerantondersoekte is in die verskillende onderafdelings van dié hoofstuk opgeneem.

4.1 HUISVESTING

Die huisvesting vir die dambouwerkers word op verskeie wyses beskryf, onder meer as "workmen's huts" (UK MA BC1421 J8.1:14) en "living huts" (Crump 1946:10). Inligting is uit verskeie bronne verkry oor hoe die werkers dié huisvesting ervaar het, byvoorbeeld dat sommige by hul tuistes tuingemaak het, dat die swart werkers se akkommodasie smerig was en dat alternatiewe huisvesting opgerig is.

Die huisvesting is gratis aan die dambouers beskikbaar gestel, volgens 'n advertensie en 'n berig in die koerante. Die advertensie het op 30 Julie 1903 verskyn en verwoord die diensvoorwaardes onder meer soos volg: *14s. per diem and quarters* (UK MA BC1421



Figuur 35: Bladsy 16 van die *Cape Argus Weekly Edition* van 18 April 1894.

J8.6:12). 'n Berig in die *Cape Argus* van 10 Julie 1902 lui dat akkommodasie gratis (*with free quarters*) as deel van die werk beskikbaar is (UK MA BC1421 J8.4:72).

4.1.1 Woonplekbelewenis

Die blanke en swart werkers het die huisvesting op die berg heeltemal verskillend beleef. Die akkommodasie van die blanke werkers word beskryf as dalk nie presies soos by die huis nie, maar baie gerieflik vir 'n werkerskamp (UK MA BC1421 J8.1:22). Die blanke werkers was blykbaar in hul skik met hul huisvesting, want in Julie 1893 is vermeld dat hulle hul woonstrukture met groot trots netjies gehou het. Dit is gedoen deur onder meer die aanleg van 'n klein tuin met wilde blomme en groente. Dassiemis is as kunsmis gebruik (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

Die gewese dambouwerker William Farmer het vertel dat sommige van die werkers baie trots op hul woonplekke was, veral in die area wat as Competition Road bekend gestaan het. In dié gebied het elke werker geprobeer om sy woonplek mooier as dié van sy buurmanne te maak (Crump 1946:12). Pogings is blykbaar aangewend om die berghuisvesting vir die blanke werkers so aangenaam as moontlik te maak. Dié afleiding word gemaak uit 'n gesprek tussen die rubriekskrywer WH Crump en hoofingenieur Stewart. Crump het naamlik jeens Stewart opgemerk dat dit seker baie gerieflik in die Stone House moes gewees het waarop Stewart droogweg geantwoord het: "*Well, we would see to that, wouldn't we?*" (Crump 1946:10).

Die toestand van die swart werkers se akkommodasie word in twee briewe in verskillende publikasies toegelig. In die eerste brief in die Oktober/November 1899-uitgawe van die *Cape Church Monthly* word onder meer verwys na die afgesonderdheid van die werkers se huisvesting. Die brief lui onder meer dat vier geestelikes saam met vier swart Christene (*Kafir Christians*) van 'n sendinggenootskap teen Tafelberg uit is om die swart arbeiders (*Kafir Labourers and navvies*) te besoek. Dié werkers het daar in sinkplaatskure en pondokke gewoon, geheel en al afgesny van die wêreld ver daar onder (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

In die tweede brief is ernstige kommer uitgespreek oor die haglike akkommodasie van die swart werkers. Dié brief van Fred Chandler van Kampsbaai het op 9 Januarie 1900 onder die opskrif *Natives on the Mountain* in die *Cape Times* verskyn. Chandler skryf onder meer dat hy namens die blanke bevolking van Kaapstad vertrou dat lig gewerp kan word op 'n situasie wat reg onder die indirekte beheer van die plaaslike owerhede bestaan. Hy sê hy verwys na die huisvesting vir gemiddeld sowat driehonderd swart mense by die Tafelbergse dam-

bouterrein. Volgens Chandler is dit feitlik onmoontlik om 'n beskrywing te gee van die smerige toestand van dié huisvesting wat nooit op enige manier skoongemaak is sedert dit opgerig is nie. Die vloere van die woonplekke is nie met klip of sement uitgelê nie en alle tipes van vullis filtreer natuurlikerwyse in die grond in. Die woonplekke stink erg met die reuke van allerhande soorte vullis in die lug. Volgens Chandler sal die woord hool (*den*) die woonplekke die beste beskryf (*Cape Times* 09/01/1900:4).

Stewart het jare ná die dambouery na die akkommodasie op die berg verwys as goed opgerigte bouwerke met 'n huislike atmosfeer wat daarin geheers het (Crump 1946:10). Indien die positiewe kommentaar van Farmer op die blanke werkers se akkommodasie met die voorafgaande negatiewe siening van Chandler oor die swart werkers se huisvesting vergelyk word, blyk dit duidelik dat Stewart se verwysing net op die blankes se woonplek betrekking gehad het en nie op dié van die swart werkers nie.

4.1.2 Geboubesonderhede

Inligting is verkry oor onder meer die aantal wonings en vertrekke wat opgerig is, die grootte daarvan en die boumateriaal wat gebruik is. Ten opsigte van die aantal bouwerke is gemeld dat sewe strukture opgerig is om 350 swart werkers te huisves. Aan die ander kant is 35 strukture gebou om 72 blanke werkers te akkommodeer (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). In twee ander bronne word die blankes se huisvesting as 35 eenhede ("huts") en sowat 25 kamers beskryf (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:86; UK MA BC1421 J8.1:22). Ten opsigte van die vertrekke word vermeld dat Stewart op 30 Januarie 1903 aansoek gedoen het om 'n bykomende vertrek by 'n woonplek aan te bou, [...] *making it in all 3 rooms & a kitchen* (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/214).

Besonderhede oor die grootte van die strukture is verkry. Een bron beskryf die akkommodasie vir blankes in 1896 as 11 voet 8 duim (3,4 meter) by 7 voet 8 duim (2,4 meter) by 9 voet 6 duim (2,9 meter) (US JSGB 60/13:98-99;261). Die Bergklub-gebou se grootte is volgens 'n verslag van Stewart op 1 Augustus 1893 as 29 x 23 voet (8,8 x 6,9 meter) aangedui. Dit word ook vermeld dat 'n kombuis intussen tot dié gebou toegevoeg is. Aan die Padvindersgebou, 40 x 10 voet (12,2 x 3 meter) groot, is ook in dieselfde jaar 'n kombuis toegevoeg. Die Kaapprovinsie Bergklub-gebou het in 1893 'n kombuis bygekry wat 25 x 8 voet (7,6 x 2,4 meter) groot was (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

Sinkplaat is dikwels as boumateriaal vir die woonplekke gebruik. 'n Beskrywing van 'n woonplek op 16 April 1903 lui onder meer: *The outside is to be corrugated iron & inside linen with matchbox*. Ander beskrywings verwys na 'n sinkhuis (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/214,

1/4/4/1/1/1:169-170), [...] *wood and iron buildings* [...] (UK MA BC1421 J8.1:14,22) en voorafvervaardigde geboue (NBSA AF.1998-42:11). In 1899 is in 'n verslag ten opsigte van die swart werkers se woonplek soos volg berig: [...] *in corrugated iron huts where the Kafir navvies sleep and live* [...] (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

Baie woonplekke was tydelike strukture, soos dit blyk uit 'n verslag van 16 April 1903 waarin verwys word na 'n woonplek wat moontlik binne agtien maande of twee jaar afgebreek gaan word. Stewart het op 24 Desember 1903 verdere lig op die permanensie al dan nie van die geboue op die berg gewerp toe hy verklaar het dat almal behalwe die Opsigtershuis gesloop kan word indien dit nodig is. Op 4 November 1904 is besluit om die tydelike geboue op die berg vir 'n tydperk van ses maande in stand te hou en dan oor die toekoms daarvan te besluit (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:349/383, 1/4/4/2/1/4:319).

Inligting oor die geldwaarde van die wonings is verkry in verslae oor versekering. Die Kaapprovinsie Bergklub-gebou was byvoorbeeld vir £200 verseker, die Bergklub van Suid-Afrika-gebou vir £400 en die Padvindersgebou vir £250 (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:86). Die Opsigtershuis is teen 'n koste van £375 opgerig (Crump 1941:71).

Daar is heelwat gedoen om die bewoonbaarheid van die akkommodasie te verbeter. Die Waterwerke-komitee is op 16 Augustus 1895 ingelig dat 'n werker geakkommodeer moes word in 'n ongebruikte en onvoldoende gebou wat in 'n erg bouvallige toestand was. 'n Besluit is aanvaar om sekere herstelwerk te doen om die woonplek bewoonbaar te maak. In 'n ander geval is Stewart op 30 Januarie 1903 versoek om te verseker dat 'n woonplek gerieflik en waterdig is (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:459-46, 4/2/1/2/112/214). In 'n poging om die bewoonbaarheid te verbeter, is 'n gietysterpyp in 1894 vanaf die Valley of the Red Gods, 'n kloof sowat 500 meter ten noorde van die bo-punt van Kasteelspoort, tot by die huise aan die noordekant van die plato aangelê om watervoorsiening aan die gemeenskap te verseker. 'n Klein inlaatwal is in die kloof gebou om die water vir die pypleiding op te gaar (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). In 'n ondersoek ter plaatse (2010) is bevind dat die inlaatwal en pypleiding steeds in gebruik is (figuur 36).

4.1.3 Bykomende huisvesting

Tente en pondokke is ook vir akkommodasie op die berg aangewend. Nêrens in argivale bronne word na tenthuisvesting verwys nie, maar 'n ontleding van figuur 37 dui daarop dat dit wel gebruik is. Die tente op die foto is waarskynlik as blyplek vir die blanke werkers




Figuur 36: Die inlaatwal in die Valley of the Red Gods.

gebruik. Die onderskrif by die foto lui: *View of building site during construction of Woodhead Reservoir, Table Mountain, Cape Town, C. 1894* (WKAR AG13720).

Van die swart werkers het vir hulself akkommodasie geskep deur pondokke op te rig. Volgens 'n verslag het dié werkers verkies om, pleks van om saam met hul mede-werkers in 'n groot gebou te woon, self vir hulle koddige klein woonplekke (*curious little dwellings*) tussen die rotse op te rig met riete en allerhande ander materiaal wat in die hande gekry kon word (UK MA BC1421 J8.1:23). Figuur 38 toon so 'n woonplek (UK MA BC1430 H32T). Dit blyk dat die materiaal van die woning baie ruweg vasgeheg was (38A). Draad of tou (38B) en klippe (38C) is gebruik om die bousel te anker. Van die bergpondokke word ook in figuur 39



Figuur 37: Tente by die damwal (WKAR AG13720).



Figuur 38: 'n Pondok op Tafelberg (UK MA BC1430 H32T).



Figuur 39: Swart werkers by hul eiegemaakte pondokke (WWM Tafelberg).

aangetoon. Nêrens word vermeld of die pondokke moontlik opgerig is in 'n poging om te ontsnap van die haglike toestande wat in 4.1.1 beskryf is nie.

4.2 DIENSVORWAARDES

Die diensvoorwaardes van die dambouwerkers dien as 'n aanduiding van die omstandighede waarin hulle gewoon en gewerk het. Die kollig val onder meer op werktye, mediese versekering en 'n taakbeskrywing. Dit blyk uit die diensvoorwaardes dat werkers onder meer gratis akkommodasie ontvang het en dat hulle op Saterdag moes gewerk het. Van die inligting oor diensvoorwaardes is verkry uit advertensies oor werkgeleenthede op die berg wat in Kaapstadse koerante verskyn het.

4.2.1 Aansoeke

Voornemende werkers moes in 1902 teen die berg uitstap om hul aansoeke persoonlik op die dambouterrein in te lewer, lui inligting ten opsigte van personeelwerwing wat op 10 Julie 1902 in die *Cape Argus* verskyn het (UK MA BC1421 J8.4:72). Net 'n jaar later was dit egter baie makliker vir werksoekers om hul aansoeke in te lewer, omdat hulle nou volgens 'n advertensie van 30 Julie 1903 in die stad kon aansoek doen. Die advertensie lui onder meer: *Apply Thomas Stewart. M.Inst.C.E., St. George's Chambers* (UK MA BC1421 J8.6:12).

Aanstellings op die berg het in sekere gevalle met 'n waarborgverband gepaardgegaan. Dit blyk uit 'n verslag van Stewart van 30 Maart 1894 waarin hy meld dat hy Gordon Bland as tydhouer op die berg aangestel het en dat Stewart die nodige stappe gedoen het om 'n waarborgverband vir die bedrag van £200 te verkry ten opsigte van die integriteit van Bland (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1:167-168).

4.2.2 Betaling van vergoeding

Werkers se vergoeding is veertiendaaglik op 'n Saterdagmiddag uitbetaal, maar twee dae se vergoeding is altyd teruggehou. Dit beteken dat die vergoeding wat op Saterdag betaal is net gegeld het vir die tydperk tot en met die voorafgaande Donderdag (US JSGB 60/13:70). Die afleiding uit die voorafgaande is dat werkers dus ook op Saterdag moes gewerk het.

Nog inligting oor die wyse van die betaling van vergoeding is uit 'n argivale bron van 9 Julie 1895 verkry. Dié bron handel oor 'n voorval toe die betaalmeester vergoedingsgeld van werkers wat nie teenwoordig was nie aan 'n teenwoordige werker gegee het om aan die afwesiges te oorhandig. Dit blyk dat vergoeding nie voortaan só betaal sou word nie. Die

onbetaalde vergoedingsbedrag moes in die toekoms in die onbetaalde kolom ingeskryf word en die betaalmeester moes die kontant saam met hom terugneem. Die onbetaalde werkers sou 'n bewysstrokie ontvang en hul vergoeding daarmee by die tesourie-departement kon opeis (US JSGB 60/13:113).

'n Diensvoorwaarde ten opsigte van die betaling van vergoeding is blykbaar op versoek van die werkers aanvaar. Die plaaslike werkers het byvoorbeeld daarop aangedring dat hulle met muntstukke betaal word aangesien hulle nie vertrouwe in papiergeld gehad het nie. Daarteenoor het die buitelandse werkers hul vergoeding in goue ponde versoek aangesien die Kaapse pond nie as 'n wetlike betaalmiddel in Brittanje erken is nie (SANB AF.1998-42:11).

4.2.3 Indiensopleiding

Volgens 'n verslag wat op 19 Oktober 1903 gepubliseer is, het van die werkers ook indiensopleiding ontvang. Die verslag lui onder meer dat toe met die bouery aan die nuwe dam begin is dit onmoontlik was om werkers te verkry wat vertrouwd met waterdigtheidswerk was. Werkers moes dus hiervoor opgelei word (UK MA BC1421 J8.6:10).

4.2.4 Mediese versekering

Bronne is dubbelsinnig en vaag oor die feit of werkers op die berg oor mediese versekering beskik het of nie. Dié afleiding spruit uit twee verwysings van Stewart. In die eerste verwysing op 6 Januarie 1899 het Stewart verklaar dat FJ Christien, opsigter op die berg, 'n salarisverhoging gevra het. Stewart het aangevoer dat Christien goeie werk doen, maar dat sy salaris voldoende is. Boonop het Christien 2/- per dag van die mediese fonds ontvang vir dienste wat hy aan die werkers gelewer het (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:254-255). Meer as twee jaar later, op 2 Augustus 1901, het Stewart egter na aanleiding van 'n vraag of die werkgewer gaan betaal vir die werkers se mediese behandeling op die berg, verklaar dat finansiële voorsiening nie daarvoor gemaak is nie (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:21).

4.2.5 Reistoelaag

Britse werkers was ná afloop van hul diens op Tafelberg geregtig op 'n terugvaart na die Verenigde Koninkryk wat deur die werkgewer betaal is. Dié inligting kom voor in 'n mededeling op 18 September 1896 van Stewart aan die stadsklerk. Stewart het aangevoer dat Edwin Taylor, een van die gereedskapsmede, van plan was om op 30 September 1896 met die Dunottar Castle na Engeland terug te keer. Stewart het verklaar dat Taylor ingevolge

sy werkkontrak geregtig was op 'n terugvaart na Engeland, maar nie op 'n salaris tydens dié vaart nie. Stewart het sy mededeling afgesluit met 'n versoek dat 'n kajuit vir Taylor bespreek word. Hy het gevra dat die kaartjie na sy kantoor gestuur word (US JSGB 60/13:340).

4.2.6 Taakbeskrywing

Sommige bergwerkers het blykbaar duidelike taakbeskrywings ontvang. Een so 'n beskrywing is vervat in 'n opdrag ten opsigte van werktjye wat die tydhouer op 29 Mei 1895 ontvang het. Dit lui dat die tydhouer voortdurend by die werk moet wees behalwe as die ingenieur of dié se assistent hom opdrag gee om elders te wees. Die tydhouer moet die werkers se begin- en uitvaltjye notuleer en toesien dat die werktjye nagekom word (US JSGB 60/13:73).

Die taakbeskrywing lui voorts dat twee tydboeke bygewerk moet word, een as 'n sakboek en een om die werktjybesonderhede amptelik te notuleer. Die tydhouer moet die vergoeding bereken, die werktjyregisters opstel en teenwoordig wees om met die betaling van vergoeding te help. Al die inskrywings in die boeke moet versigtig en netjies gemaak word – geen skrapping of deurhaling sal toegelaat word nie (US JSGB 60/13:73). 'n Deel van 'n taakbeskrywing is vervat in 'n foto-byskrif wat lui dat dit een van die hooftake van 'n ystersmid was om die beitels skerp te hou (WWM Tafelberg).

4.2.7 Uitdienstreding

Bronne dui daarop dat werkers op twee wyses uit diens kon tree: óf na die verstryking van 'n kontrak óf na kennisgewing van 'n maand. Ten opsigte van die eerste wyse word op 22 Julie 1902 in 'n berig verwys na werkers wat op die grondslag van 'n kontrak van vier maande aangestel is (UK MA BC1421 J8.4:81).

Wat die tweede wyse betref, word verwys na 'n verslag op 29 Mei 1895 wat lui dat die tydhouer en pakhuismeester, C Lugg, aangestel is op voorwaarde dat hy 'n maand kennis van uitdienstrede moet gee (US JSGB 60/13:73).

4.2.8 Werktyd

Besonderhede oor die werktjy en die duur van die etenstyd kom ook in argivale bronne aan die lig. Die werktjy op die berg was nege uur per dag. Die werkers se middageteverposing is deur 'n joernalis op besoek aan die berg beskryf. In dié berig van 7 Februarie 1895 word die toneel net voor die aanbreek van die middaguitval weergegee. Dit lui dat teen vyf minute voor twaalf elke dag die werkers gesien kan word waar hulle bedrywig soos miere oral op die

dambouterrein flink aan die gang is. Die geluid van die beitels in die steengroewe en die hamers in die smederye weergalm in die berglug. Om vyf minute oor twaalf is die hele terrein egter verlate – die een uur lange etenstyd vir die werkers het om twaalfuur aangebreek (UK MA BC1421 J8.1:22,23).

4.3 KLEREDRAG

Min geskrewe inligting oor die dambouwerkers se kleredrag kon gevind word, maar foto's vanuit daardie tyd bied meer inligting oor dié onderwerp. Dit blyk dat die meeste werkers in hul private klere gewerk het, maar dat klere in sekere gevalle tog aan die werkers voorsien is.

4.3.1 Foto-ontleding

Die foto (figuur 40) wat vir die doeleindes van dié navorsing gebruik word om die kleredrag van die werkers te ontleed, het nie 'n onderskrif nie, maar is verkry uit 'n versameling van foto's met 'n gesamentlike titel wat lui dat dit die tydperk tydens die bouery van die Woodhead- en Hely-Hutchinson-damme dek (UK MA BC1430 H32T). Die persone op die foto is dus van Tafelberg se dambouwerkers.

Op die foto is Stewart (1) by een swart (2) en 22 blanke werkers. Wat opval, is dat Stewart en die drie mans reg agter hom (gemerk 3) almal netjies geklee is in vergelyking met die ander werkers. Die afleiding is dat dié drie se netjieser kleredrag aandui dat hulle Stewart se senior personeellede is. By twee van hulle is horlosiekettings sigbaar. Net een ander werker het so 'n ketting. Twee van hulle dra 'n das. Net by twee ander werkers kan 'n das gesien word.

Al die werkers dra hoofbedekkings, maar dit verskil van mekaar. Die drie werkers gemerk 4 dra byvoorbeeld onderskeidelik van links na regs 'n pet, 'n beret en 'n hoed. Die meeste dra onderbaadjies, maar 'n paar werkers (byvoorbeeld 5) dra 'n baadjie oor die onderbaadjie. Op grond van wat waargeneem kan word, blyk dit dat een werker nie 'n gordel dra nie (6) terwyl 'n ander wel een aan het (7).

4.3.2 Swart werkers se kleredrag

Een bron verskaf inligting oor die kleredrag van die swart werkers. Dit is 'n brief wat in die Oktober/November 1899-uitgawe van die *Cape Church Monthly* gepubliseer is. Dié brief weerspieël 'n baie troostelose beeld van die kleredrag. Nadat die klok vir middagete gelui het, begin die swart figure geluidloos hul verskyning maak vanuit steengroef of smedery. Hul



Figuur 40: Dambouers op Tafelberg (UK MA BC1430 H32T).



Figuur 41: Geklee vir ontspanning (UK MA BC1430 H32T).

koppe is gitswart en hulle het kort, wollerige hare – verflenterde, sombere en ellendige figure, sommige byna skoenloos, party hoedloos, met net 'n vuil sakdoek wat om die kop gebind is. Die brief word afgesluit met die opmerking dat 'n mens nie in Engeland 'n groep arbeiders sal sien wat so vertoingrig en wangevoed lyk nie (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

4.3.3 Uniforme drag

Dit blyk dat die werkgewer in sommige gevalle werkdrag aan werkers verskaf het. Hier word verwys na 'n verslag van 11 Mei 1904 oor 'n werker met die van Wells wat bedank het. Die opsigter Thorsen is na aanleiding hiervan gevra om seker te maak dat Wells sy reënjas en stewels agterlaat (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:349/383). Die afleiding is dus dat laasgenoemde aan die werker uitgereik is. Nog 'n verwysing na werkdrag vanuit owerheidsweë kom voor in 'n brief wat die waarnemende stadsingenieur van 'n werker ontvang het en waarin hy op 'n reënjas en stewels aandrang aangesien hy groot persoonlike uitgawes moet aangaan deur sy eie klere te gebruik. Later herhaal die werker sy versoek omdat sy private klere as gevolg van die aard van sy werk aan omvattende slytasie blootgestel word. Volgens die werker is dit 'n groot uitgawe vir hom in die lig van die vergoeding wat hy ontvang (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/114).

4.3.4 Ontspanningsdrag

Figuur 41 wys 'n aantal werkers tydens hul vrye tyd. Hulle is geskeer en het netjiese ontspandrag aan in vergelyking met figuur 40 waar die werkers in hul werkdrag is. Twee van die werkers wys hul afkoms met hul Skotse drag. Die kieres op die voorgrond is waarskynlik gebruik om die bergstaptog na die stad te vergemaklik (sien ook 5.10.1).

Die ontspandrag van die swart werkers op 'n Sondag word in een bron beskryf. Dit lui dat die werkers op dié dag hul weksdagdrag verruil vir slegs komberse, 'n drag wat baie van hulle ongetwyfeld oneindig meer verkies bo hemde van twyfelagtige tinte (*a costume which many of them no doubt infinitely prefer to the shirt of doubtful hue*) en die wonderlike gelapte broeke waarin hulle daagliks werk. Die werkers het op mooi Sondae aan die bo-punt van Kasteelspoort oral in groepies gesit (UK MA BC1421 J8.1:23).

Figuur 42 toon twee tonele waar die werkers hul komberse aan het. Die foto's dui ook daarop dat van hulle kopdoeke gedra het en drie van die vier mans het pype in die mond.



Figuur 42: Swart werkers ontspan by hul pondokke (UK MA BC1430 H32T).

CITY OF CAPE TOWN.

CORPORATION NOTICE.

TENDERS

For Shop, Reservoir, Table Mountain

THE Council are prepared to receive Tenders for the Right of carrying on the Shop, the Supply of Butcher's Meat, Bread, and Groceries to the Men employed on the Works Reservoir, Table Mountain.

Specifications and Conditions and all information may be obtained on application at the Office of the Engineer, 6, St. George's Chambers, Cape Town.

Tenders, under seal, and endorsed "Tender for Shop," must be delivered to the Undersigned, at the Town House, not later than 4 p.m. on THURSDAY, 31st January, 1895.

The Council do not bind themselves to accept the Lowest or any Tender.

By order,
CHAS. J. BYWORTH,
 Town Clerk.

The Town House,
 Cape Town, Jan. 25, 1895. 1947ja

Figuur 43: Advertensie oor winkel (*Cape Times* 26/01/1895:8).

4.4 LEWENSMIDDELE

Slaghuisvleis, brood en kruideniersware was die lewensmiddele wat aan die berggemeenskap te koop aangebied is, volgens 'n advertensie wat op 26 Januarie 1895 in die *Cape Times* verskyn het. Dié advertensie handel oor tenders wat gevra word vir die bedryf van 'n winkel op die dambousterrein op Tafelberg. Die eerste deel van die advertensie (figuur 43) lui soos volg:

CITY OF CAPE TOWN
CORPORATION NOTICE
TENDERS
For Shop, Reservoir, Table Mountain
The Council are prepared to
receive Tenders for the
Right of carrying od the Shop
[...] Supply of Butcher's Meat
Bread, and Groceries to the
Men employed on the Works
Reservoir, Table Mountain
(Cape Times 26/01/1895:8).

Die owerheid het die instelling van dié winkel blykbaar as baie belangrik beskou, te oordeel na die talle verwysings daarna in bronne. So is byvoorbeeld op 7 Februarie 1895 berig dat die blanke woonterrein op die berg oor 'n winkel beskik waar lewensmiddele teen redelike pryse gekoop kon word. Volgens die verslag verkies baie werkers egter om hul aankope gedurende naweke in die stad te doen (UK MA BC1421 J8.1:22).

Buiten vir die inligting oor die koopware wat in die advertensie in figuur 43 vermeld word, bestaan twee uiteenlopende sienings oor wat wel in die winkel te koop aangebied was. Aan die een kant beskryf Farmer dié instelling as 'n algemene handelaarswinkel en slaghuis met 'n uitgebreide voorraad (Crump 1946:10). Aan die ander kant is verklaar dat die winkel slegs eetware (*food stuffs*) voorsien het (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:175).

Die winkel was 'n afsonderlike struktuur, want op 5 Januarie 1894 kom die volgende inskrywing voor op 'n versekeringslys van die dambouprojek se geboue: *Shop building - £150* (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:86).

4.4.1 Bergwinkeliers

Talle verwysings kom in bronne voor oor die mense wat in die beheer van die winkel was. Dit was nie 'n baie standvastige onderneming nie, want die bestuur is gereeld vervang. Die eerste bergwinkeliers was waarskynlik William McCreary en Henry Newman, want die *Cape Times* het op 28 April 1894 berig dat hulle aan die stuur van sake was en dat hulle in die werkers se verblyfplek op die berg geakkommodeer is (UK MA BC1421 J8.1:14). McCreary en Newman se bestuurstyd het blykbaar nie lank geduur nie, want later in dieselfde jaar is in 'n verslag gesê dat die huurkontrak ten opsigte van die winkel aan F Boosé oorgedra is.

Hoewel Stewart aanvanklik in 'n verslag sê dat Boosé die winkel betreklik bevredigend bestuur het, blyk dit dat dié siening ten opsigte van Boosé later in die jaar ingrypend verander het. Stewart meld naamlik op 21 September 1894 in 'n verslag dat hy baie ontevrede met Boosé se diens is. Volgens Stewart is Boosé onbevoeg en oorskry die aanvraag die voorraad wat in die winkel beskikbaar is. Die Waterwerke-komitee het daarna besluit om die kontrak met Boosé te beëindig so gou as wat ander maniere gevind kon word om die bedryf van die winkel voort te sit (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:88,268).

Die dispuut met Boosé was egter langdurig, want meer as vier maande later, op 1 Februarie 1895, word 'n versoek van hom in 'n verslag vermeld waarin hy vra om die Waterwerke-komitee toe te spreek ten opsigte van die wyse waarop die kontrakbepalings vir die bedryf van die winkel uitgevoer is. Die versoek word toegestaan. Die komitee oorweeg daarna 'n aantal tenders vir die winkel, onder wie dié van Boosé. Die ander tenderaars was H Burn, Macan & Co, Mowbray, WC Cavenagh, RJ Ferguson en C Spreckley. Die kontrak word aan Macan & Co toegeken (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:346-347,351).

Byna twee jaar later, op 2 Oktober 1896, is Macan & Co steeds in beheer van die winkel. Op dié dag ontvang die komitee van Macan & Co 'n brief waarin verwys word na die verdere verhoging in die prys van vleis. Die komitee word versoek om Macan & Co toe te laat om die voorgeskrewe tarief, soos deur die ooreenkoms bepaal is, met een pennie per pond te verhoog. Die versoek is goedgekeur (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:715-716).

Die noodsaaklikheid van 'n winkel op die berg is met die aanvang van die bouery aan die Hely-Hutchinson-dam weer geopper. Stewart stel die komitee naamlik op 19 Augustus 1898 in kennis dat 'n nuwe gebou 'n ruk gelede vir dié doel opgerig is en dat die stadsraad 'n persoon moet aanstel om die winkel in die belang van die raad te bestuur. Stewart voer aan dat geen probleme ondervind behoort te word om tenders vir voedsel, ensovoorts te verkry nie. Die komitee besluit vervolgens om persone te nooi om aansoek te doen vir die bedryf

van 'n winkel vir die voorsiening van eetware aan die dambouwerkers. Dié gebou sal kosteloos beskikbaar gestel word en die winkelier sal 'n jaarlikse subsidie van £20 vir 'n tydperk van drie jaar ontvang (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:175).

Minder as twee maande later, op 7 Oktober 1898, word 'n ander weergawe egter verstrek wat die huurkoste van die winkel betref. Hiervolgens stel Stewart aan die stadsraad voor dat die winkelgebou teen £1 per maand verhuur moet word. Stewart se voorstel lui voorts dat indien die winkel twaalf maande lank op 'n bevredigende manier bestuur word, die stadsraad 'n bonus van £20 aan die kontrakteur moet betaal. Die voorstel word goedgekeur en 'n besluit word geneem om die tersaaklike advertensies te laat plaas (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:198-199).

In November 1898 het die Waterwerke-komitee tenders vir die huur van die winkel oorweeg. Tenders is van die volgende mense en instansies ontvang: (1) Collier & Hill, St Georgestraat; (2) James H Johnstone, Hanoverstraat 39; (3) Cadman & Clarke, Claremont; (4) David Thomson & Frederick McKay, Strandstraat 70; (5) WC Chirguim & Kie, Loopstraat 70. Die stadsklerk het Collier & Hill se tender aanbeveel op grond van die kwotasies vir die artikels wat waarskynlik die meeste in aanvraag deur die werkers op die berg sou wees (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:215-216).

Collier & Hill het die winkel daarna klaarblyklik met welslae bestuur, want meer as 'n jaar later, op 8 Desember 1899, is besluit om die betaling van £20 aan hulle goed te keur. Stewart het verklaar dat hy geen klagtes oor die winkel ontvang het nie (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:75). Twee jaar later was Collier & Hill steeds aan die roer van sake, want op 7 Februarie 1902 het Stewart voorgestel dat die jaarlikse bonus van £20 weer aan hulle betaal word vir die bevredigende wyse waarop hulle die winkel bedryf (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:213).

4.4.2 Middagete

Buiten die inligting oor die winkel, handel die enigste ander verwysings na lewensmiddele in argivale bronne oor die werkers se middagete. 'n Skrilte kontras het volgens dié bronne bestaan tussen hoe die swart en die blanke werkers se middagete verloop het. In die brief in die *Cape Church Monthly* waarna ook in 4.1.1 en 4.3.2 verwys word, is die swart werkers se voorbereiding van middagete onder meer soos volg beskryf: Sommige van hulle het 'n stukkie deeg in 'n pan oor 'n paar stukkie vuurmaakhout gebak (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Figuur 44 dui vier swart werkers op die berg aan wat kos in 'n houer (met pyl aangedui) op 'n vuur gaarmaak.



Figuur 44: Kos word op die berg voorberei (UK MA BC1430 H32T).

Aan die ander kant is die blanke werkers (*Europeans*) se middagete volgens Farmer deur 'n aantal kokke (*cook-boys*) voorberei. Voordat hulle soggens vir werk vertrek het, het elke blanke werker 'n nota op sy tafel gelaat met voorskrifte oor wat vir middagete aan hom voorgesit moes word. Die kokke het die bestellings versamel en die middagmaal volgens elke versoek voorberei. Volgens Farmer het die kokke nooit verwar geraak oor die verskillende bestellings nie. Middagete was, soos versoek, gereed vir elke blanke werker as hy van die werk gekom het (Crump 1946:10).

4.5 VERGOEDING

In verskeie bronne word beweer dat die dambouers se vergoeding baie gunstig vergelyk het met dié van hul eweknieë in Kaapstad. Stewart verwys byvoorbeeld na 'n amptenaar wat 'n betreklik hoë salaris ontvang (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:125). Nog 'n mening oor die vergoeding lui dat die salarisse en lone op die berg goed was vir daardie dae (Crump 1946:9-10). In 'n ander bron word aangevoer dat die blanke werkers se vergoeding minder sou gewees het indien hulle hul beroepe onder die berg pleks van bo-op beoefen het (UK MA BC1421 J8.1:23). Ten einde dié bewerings te toets, word die kollig vervolgens ten eerste laat val op individuele bergwerkers se vergoeding en ten tweede op 'n vergelyking met die buitewêreld.

4.5.1 Individue se verdienste

Verskeie verwysings na die dambouers se salarisse en lone is opgespoor. Die eerste verwysing is 'n memorandum van 6 Julie 1894 wat lui dat John Minett, bouklerk, se salaris tot £400 per jaar verhoog is (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:236). Op 7 Februarie 1895 is berig dat die swart werkers op die berg tussen 3/- en 3/6 per dag verdien (UK MA BC1421 J8.1:23). C Lugg is volgens 'n verslag van 29 Mei 1895 as tydhouer en pakhuismeester aangestel met 'n salaris van £10 per maand. Stewart het op 11 Junie 1896 vermeld dat die loon van swart werkers tot 3/6 per dag verhoog is (US JSGB 60/13:73,300).

Stewart se voorafvermelde verwysing na die betreklik hoë salaris het betrekking op HF Peet wat op 13 Mei 1898 as projekassistent teen £400 per jaar aangestel is. Gordon Bland is dieselfde dag as tydhouer teen £180 per jaar aangestel. Op 21 Oktober 1898 is verklaar dat Peet nog nie diens aanvaar het nie en die pos van residentingenieur van Bloemfontein aangebied is. Stewart sê in dié verband dat tot tyd en wyl die klipmesselwerk begin die dienste van 'n betreklik hoog betaalde projekassistent vir 'n tyd lank nie nodig sal wees nie en dat die huidige reëlings ten opsigte van 'n junior assistent intussen voldoende sal wees. Peet het toe waarskynlik die pos in Bloemfontein aanvaar, want op 20 Januarie 1899 is berig dat GW Herdman as projekassistent aangestel is teen £400 per jaar (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:125,209,263).

Later die jaar, op 7 April 1899, verklaar Stewart dat hy ter wille van groter doeltreffendheid dit nodig gevind het om 'n hoër gekwalifiseerde man in verband met die bestel en aflewering van voorraad aan te stel. PA Grant aanvaar dié pos teen £200 per jaar. Volgens 'n verslag van 10 Julie 1902 blyk dit dat blanke arbeiders op die berg ses sjelings per dag verdien het. In 1902 is AK Nixon teen £180 per jaar as tweede ingenieur aangestel (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:293, 1/4/4/2/1/2:425; UK MA BC1421 J8.4:72).

Die laaste verwysing na vergoeding is die kompensasie van Stewart. Volgens 'n brief van 7 Oktober 1904 het Stewart se kontrak vir die bou van die Hely-Hutchinson-dam altesaam £7 770 sonder bonus beloop. Laasgenoemde bedrag bestaan uit £2 520 vir Stewart se planne, ensovoorts en £5 250 vir sy toesighouding (WKAR 3/CT 4/1/1/91:E42/1).

As dit in aanmerking geneem word dat die bouery aan die Hely-Hutchinson-dam sowat ses en 'n halfjaar geduur het, was Stewart se verdienste dus sowat £1 195 per jaar. Hieruit blyk dus dat Stewart baie meer as sy personeellede op die berg verdien het. Sy vergoeding was sowat 200% meer as die naashoogste vergoeding van £400 per jaar wat vermeld is.

4.5.2 Vergelyking

Figuur 45 is opgestel op grond van die voorafgaande besonderhede oor die bergwerkers se vergoeding asook inligting oor salarisse en lone van Kaapstadse werkers ten einde 'n vergelyking te tref. Wat die stad se werkers betref, word byvoorbeeld op 15 Julie 1903 vermeld dat 'n verpleegster teen £6 per maand aangestel is en 'n bode teen 2/6 per dag. Volgens 'n advertensie het onderwysers in 1903 tussen £80 en £150 per jaar verdien met gratis huisvesting (WKAR MOH-37:975; *Cape Times* 07/01/1903:22).

Uit die besonderhede in figuur 45 kan dus afgelei word dat senior personeel op die berg aansienlik meer as byvoorbeeld 'n onderwyser verdien het. Laasgenoemde se maksimum salaris word op £150 per jaar gestel, wat daarop neerkom dat byvoorbeeld die bouklerk op die berg sowat 156% meer verdien het.

Ten tweede het blanke en swart arbeiders onderskeidelik meer verdien as 'n verpleegster en 'n bode in die stad. As 'n blanke arbeider 21 dae per maand gewerk het, het hy sonder inagneming van naweekwerk £74 per jaar verdien. Dit is £2 meer as dié van 'n verpleegster. Swart arbeiders het sowat 38% meer as 'n bode verdien.

Vergoeding op die berg			Vergoeding in Kaapstad		
1904	Stewart	±£1 195 per jaar			
1894	Bouklerk	£400 per jaar			
1898	Projekassistent	£400 per jaar			
1899	Voorraadbeheerder	£200 per jaar	1903	Onderwyser	£80 tot £150 per jaar
1898	Tydhouer	£120 tot £150 per jaar	1903	Verpleegster	£72 per jaar
1902	Blanke arbeiders	6/- per dag			
1896	Swart werkers	3/6 per dag	1903	Bode	2/6 per dag

Figuur 45: 'n Vergelyking van vergoeding.

4.5.3 Koopkrag

Die koste van 'n aantal items word vervolgens aangehaal ten einde die werkers se koopkrag in perspektief te bring. So byvoorbeeld was 'n huis met 'n groot tuin aan Buitenkantstraat, Kaapstad vir £1 360 in die mark of te huur teen £240 per jaar (*Cape Argus* 08/03/1895:8). 'n Huis met ses vertrekke in Seepunt was te huur teen £6 per week. 'n Losieshuis in

Strandstraat, Kaapstad het akkommodasie gebied teen £1 1 0 per week of 4/- per dag (*Cape Times* 29/03/1895:2). Perde is op 'n veiling vir tussen £5 tot £10 10 0 verkoop en 'n oop kar en tuig vir £7, lui 'n berig in die *Cape Times* van 29 Februarie 1892 (UK MA BC1421 J8.1:3).

4.6 VERVOER

Dit lyk of die bergwerkers weens 'n gebrek aan vervoer maar moes voetslaan om in die stad en weer terug te kom. Farmer vertel van 'n kollega wat feitlik elke aand die pad na die stad te voet aangedurf het. Dit is nie bekend of werkers op die kabellugspoor toegelaat is nie, maar hulle het wel die trein se dienste gebruik. Volgens Farmer het die werkers met uitvaltyd die trein se laaste rit van die dag benut om tuis te kom (Crump 1946:11-12). Minstens twee werkers het perde as vervoermiddels gebruik (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:113,127-128, 1/4/4/2/1/3:429). Daar word dikwels na muile by die konstruksieterrein verwys (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:625), maar dit is nie bekend of dié diere vir die werkers se vervoer aangewend is nie. Vervoer by die werkplek is onder meer met trollies uitgevoer, soos figuur 47A aandui.

4.7 WEER

Die weersomstandighede het 'n groot rol in die lewe van die werkers op die berg gespeel, veral gedurende Julie 1894 en Junie 1903. Wat die eersgenoemde maand betref, is op 22 Augustus 1894 berig dat daar vir sowat ses dae tydens die vorige maand nie gewerk kon word nie weens reën (UK MA BC1421 J8.1:19). Wat die tweede maand betref, is daar op 4 Junie 1903 verslag gedoen oor 'n geweldige wind- en reënstorm op die berg. Een van die tydelike geboue is heeltemal verwoes. Stukke daarvan is meer as 100 meter ver deur die wind gewaai (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/214:257/383). Stewart wei later in 'n verslag oor die storm uit en sê dat in die hele Junie 1903 as gevolg van die weer net twee dae gewerk kon word. Dit het 'n invloed op die getal werkers gehad, want Stewart verklaar soos volg: Sedert die storm is die mans nog nie weer byeengeroep nie en dit is moontlik dat sommige van hulle die diens verlaat het (UK MA BC1421 J8.6:7).



Figuur 46: 'n Weerhaan op die berg (*Cape Argus Weekly Edition* 19/03/1902:17).

Farmer vertel dat die werk tydens swaar reën gestaak is. Daarby was die suidoostewind gereeld verantwoordelik vir twee of drie dae se ledigheid. Sement kon nie in die stormwind gemeng word nie en die hyskrane kon nie werk nie. Farmer onthou een September toe weens die ongunstige weer net drie en 'n kwartdae in die hele maand gewerk is (Crump 1946:10). (Sien 5.4.1 oor die betaling van werkers tydens gure weer.) Die bergwerkers kon darem altyd weet hoe die wind waai, want in 'n ontleding van 'n foto van die Opsigtershuis is vasgestel dat dit 'n weerhaan (figuur 46) op die dak gehad het. Dit is sedertdien verwyder.

4.8 WERKPLEKOMSTANDIGHEDE

Die omstandighede waarin die personeel op die berg gewerk het, is waarskynlik die element wat die grootste invloed op hul daaglikse lewe gehad het. Dié aanname word gemaak na aanleiding van die groot klem wat in verslae en berigte oor die dambouery op die vordering van die projek geplaas is. Dit moes noodgedwonge druk op die werkers geplaas en hul leefwyse geraak het. Voorbeelde van die klem op vordering kom voor in Stewart se verslae asook in koerantberigte.

4.8.1 Stewart se verslae

Stewart het as projekteier 'n maandelikse verslag aan die Waterwerke-komitee oor die bedrywighede op die berg voorgelê. Ter illustrasie word Stewart se verslag oor September 1894 in die *Cape Times* van 24 Oktober 1894 aangehaal. Behalwe vir 'n terloopse verwysing na kliniekgeriewe is die verslag geheel en al aan die fisieke vordering van die dambouprojek gewy:

Vordering is gemaak met die uitgrawingswerk ten opsigte van die verlenging van die damwal. 'n Verdere 6½ voet (1,8 meter) se steenwerk is gevoeg tot die hoogte van die wal en die hoogte van die wal bokant die uitlaat is nou 46 voet (14 meter). Die volume steenwerk en beton in die wal is gedurende die maand met 1 260 kubieke jaart (963 kubieke meter) aangevul en beloop nou 7 735 kubieke jaart (5 913 kubieke meter) in totaal, wat 'n beduidende toename sedert die vorige maand is. Die dam is die grootste deel van die maand vol water gehou en baie bevredigende uitslae is verkry ten opsigte van deursyfering. Sommige probleme word nou ondervind om genoegsame klip te verskaf om in pas te bly met die vordering van die werk. Eenduisend en vyftig houers met sement is gedurende die maand gebruik. 'n Bykomende gebou is opgerig waarvan 'n deel vir 'n kliniek geormerk is. Die 5-ton-stoomhyskraan en 3-ton-hyskraan is opgerig en word voortdurend gebruik. Die hyskraan se stoomketel met 'n gewig van 2 800 pond (1 273 kilogram) is teen Kasteelspoort uit

gekarwei. Die klipbreker is ook in gebruik. Vir drie en 'n driekwartdag kon weens gure weer nie gewerk word nie (UK MA BC1421 J8.1:20).

4.8.2 Koerantverslae

Buiten vir die klem op vordering blyk dit ook uit koerantberigte dat die werkers in baie moeilike en uitputtende toestande gewerk het. 'n Berig wat op 20 Januarie 1896 in die *Cape Argus* verskyn, beskryf die werkery soos volg: Die omliggende area is in 'n reusagtige steengroef omskep waar die geluid van beitels, hamers en stemme die lug vul. Dit word afgewissel deur die geproes van die stoomhyskrane, die gegons van die masjinerie wat die groot sandsteenblokke op lig en dit in die aangewese plek in die enorme wal plaas. Dan is daar ook 'n dinamietontploffing af en toe om nog meer materiaal vir die bouery beskikbaar te stel (UK MA BC1421 J8.1:25).

Die aktiwiteite op die berg word in die *Cape Times* van 17 Desember 1900 as 'n groot bedryf in volle gang beskryf: In die eens afgesonderde plek weerklink tans die slag van die steengroefwerker se pik, die rammel van die hyskraan se kettings en die blaas van die stoomfluite. Hier is vierhonderd man – van wie driehonderd swart mense – hard aan die werk om die pragtige Tafelberg-graniet los te kap, dit op die waens te laai en te vervoer tot by die plek waar die groot wal gebou word (UK MA BC1421 J8.4:15).

In 'n koerantberig van 18 Januarie 1902 word die bedrywighede soos volg beskryf: Reusagtige klipblokke word in hul ruwe vorm vanaf die steengroef in waens vervoer na die uitgrawings wat vyftien meter diep is. Hier word die blokke deur die ysterkake van 'n hyskraan gegryp en na die vloer van die fondament laat sak waar dit in plek geplaas word. Dan volg 'n groot houer met sement wat rondom en oor die blok uitgegooi word. Alle openinge word deur die sement gevul om gewig en stewigheid aan die hele struktuur te bied (UK MA BC1421 J8.4:67).

Die begin van die Woodhead-dambouery het met inspannende werk gepaardgegaan toe die gekraakte en gebreekte rots weggewerk is om 'n basis van soliede bergsandsteen bloot te lê. Dié uitgrawings was plek-plek tot ses meter diep. Die waterdigte verseëling wat daardeur verkry is, was egter die goeie gevolg van die harde werk. Hoewel plofstof gebruik is om die klip los te skiet, is hamers en beitels aangewend om gate vir die ladings te kap. In 'n berig op 7 Februarie 1895 is uitgewei oor hoe die klippe vir die damwal gekap is. Die losgeskiete klippe is met die hand tot byna perfekte gelyksydigheid verwerk voordat dit in posisie in die voor- en die agteraansig van die wal gelig is (UK MA BC1421 J8.1:21).



Figuur 47: Harde arbeid op die berg (WWM Tafelberg).

Die masjinerie op die dambouterrein is voorts ook 'n weerspieëling van die harde werk wat verrig is. Volgens 'n opname in Januarie 1904 het die masjinerie uit onder meer die volgende bestaan: 2-, 3- en 5-ton-stoomhyskrane, hysmasjien en stoomketel, betonmenger, klipbreker, pompe en weegbrug (WKAR 3/CT 4/2/1/2/111:385).

Farmer het ook na die harde werk verwys en aangevoer dat die swart werkers baie sterk was. Hulle het stukke masjinerie teen die berg uitgedra wat te swaar was vir die relatief ligte kabellugspoor. Die masjinerie is op 'n groot houtraamwerk vasgebind. In die geval van baie swaar masjinerie het dit tot drie dae geduur om dit bo te kry (Crump 1946:10). Die foto's in figuur 47 illustreer die harde arbeid. In figuur 47A sit werkers in rye op die grond en klippe kap. Regs is twee werkers besig om 'n trollie te stoot. In figuur 47B staan arbeiders met hul grawe.

4.8.3 Werkpret

Ondanks die swaar werk was daar tog ook opgeruimdheid en selfs soms pretmakery op die werkerrein. 'n Positiewe ooggetuieberig lui dat die lewendige bedrywighede aan die hele terrein 'n gees van besieling gegee het. Daarby was die fris berglug bevorderlik vir arbeid en gevolglike goedgehumeurdheid (UK MA BC1421 J8.1:25). Farmer het verskeie geleenthede onthou waar die werkers tydens werkyd pret met die lokomotief en waens gemaak het. Hy verwys byvoorbeeld na wat soms gebeur het as skietwerk naby die spoorlyn plaasgevind het. Die lokomotief en waens het tydens sulke skietwerk gereedgestaan. As die sein gegee is dat die lading ontsteek het, het die mans in die waens gespring waarna die lokomotief hulle na 'n veilige afstand vanaf die skietery getrek het. Dit was egter nie uitsonderlik vir diegene in die laaste wa om te sien hoe die res van die trein wegtrek en hulle agterlaat nie. Iemand het vir die pret ongesiens die laaste wa ontkoppel ... (Crump 1946:11).

Nog so 'n pretgeleentheid was wanneer die klok gelui het om die einde van die dag se werk aan te kondig en die lokomotief op die laaste rit vertrek het. Die mans het na die waens gestroom en opgeklim. Die gevolg was oorlaaide waens. Hulle was nie juis besonder haastig om by hul woonplekke uit te kom nie en het volgens Farmer sekerlik die verontwaardiging op die drywer se gesig geniet as hy agtergekom het dat die trein as gevolg van die oorlading nie kon beweeg nie (Crump 1946:12).

Farmer het ook met 'n vonkel in die oog vertel van wat partykeer gebeur het as die lokomotief die waens by die Kasteelspoort-stasie reggestoot het. Dit het soms gebeur dat die waens tydens die rangeerwerk nie behoorlik aan die lokomotief gekoppel was nie. By 'n geleentheid of wat het hulle dan van die lokomotief losgeglip en teen die helling af in die

rigting van die dambouterrein begin spoed. Hulle het met 'n groter snelheid beweeg as wat die lokomotief kon. 'n Nuttelose jaagtog met die lokomotief het gevolg met die fluit wat voluit gegier het. Die werkers het agtergekom wat aan die gang was en verseker dat niks die spoorlyn versper het nie. Die waens het teen die lang helling by die halfvoltooide damwal afgeskiet en teen die anderkant uit. Die lokomotief het altyd 'n paar minute later opgedaag en in 'n duidelik verontwaardige toon gefluit (Crump 1946:11).

HOOFSTUK 5

BERGLEWE: DIE NIE-TASBARE

5.1 BUITEWÊRELD BESKOURING

Uit die siening van die inwoners van Kaapstad jeens die dambouersgemeenskap én die beskouing van die bergowerheid ten opsigte van die buitewêreld, kom heelwat inligting na vore oor hul uiteenlopende lewensuitkyk. Die inwoners van Kaapstad se opvatting gaan gepaard met 'n gebrek aan belangstelling in die doen en late op die berg. Daarteenoor word die siening van die bergowerheid jeens die stadsinwoners met bedekte spot en 'n vermaning uitgebeeld.

Die buitewêreld se siening jeens die dambouprojekte is waarskynlik beïnvloed deur maatreëls wat op die berg ingestel is ten opsigte van die neem van foto's by die Woodhead-dambouterrein asook besoedeling. Wat die fotonemery betref, het Stewart gesag gehad om kwessies daarvoor op eie houtjie te hanteer. In verband hiermee is die Waterwerke-komitee op 22 November 1895 in kennis gestel van die bewering van HL Harris, eresekretaris van die Bergklub, dat Stewart opdrag gegee het dat geen foto's naby die dambouery geneem mag word nie. Die persoon in beheer by die bouprojek het in die uitvoering van sy taak op twee fotoplate beslag gelê wat in die proses aan lig blootgestel is (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:518-519).

Stewart ontken Harris se bewering en voer aan dat hy beslis nie opdrag gegee het dat foto's nie naby die projek geneem mag word nie, maar dat foto's nie sonder verlof geneem mag word nie. Stewart voer voorts aan dat die persoon in beheer nie opdrag gehad het om die plate te konfiskeer nie en dat hy ontken dat hy dit gedoen het. Kennisgewings by die hekke na die dambouprojek is aangebring wat lui dat mense verbied word om die terrein te betree. Desondanks oortree ongemagtigdes dikwels in die gebied. Die komitee besluit om Harris in te lig dat hulle nie in enige sake van die dambouprojek gaan inmeng nie en dat Stewart kwessies daarvoor sal behartig (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:518-519).

Ten opsigte van besoedeling is oortreders van die buitewêreld aan ernstige strafmaatreëls onderwerp. Buitestaanders is op geen onsekere wyse nie oor die strawwe ingelig. 'n Munisipale advertensie in die *Cape Times* van 30 Desember 1897 lui dat 'n beloning van £20 uitgereik word ten opsigte van enigeen wat inligting oor sodanige waterbesoedeling verskaf.

Die advertensie lui soos volg: *Notice is hereby given that any person or persons bathing or washing in any Dam or Reservoir belonging to the Council, or in any Stream flowing into any such Dam or Reservoir, or washing therein any dog or any other animal, or placing or throwing any rubbish, dirt, filth or any other noisome thing [...] are liable to the severe penalties provided for in that behalf* (UK MA BC1421 J8.4:25). In September 1903 het die stadsklerk goedkeuring verleen aan die plasing van 'n kennisgewingbord by die reservoirs waarin oortreders met 'n boete van £5 gedreig word (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:305/383).

5.1.1 Buitewêreld se siening

5.1.1.1 Ongeërgdheid

Die ongeërgdheid van die inwoners van Kaapstad ten opsigte van die dambouers was tot die gewone mense beperk. Inwoners in gesagsposisies het laat blyk dat die damwerkers onder meer groter erkenning verdien. Hulle positiewe houding jeens die dambouery word geïllustreer deur hul ywerigheid om die bouterreine te besoek.

Die inwoners van die stad is minstens twee keer in koerantberigte oor hul belangeloosheid aangespreek. In die eerste berig, op 7 Februarie 1895 in die *Cape Times*, spreek die verslaggewer die mening uit dat inwoners van Kaapstad in die algemeen hulle nie veel steur aan waterverskaffing aan die stad nie. Wanneer 'n inwoner egter een mooi oggend opstaan en vasstel dat geen water by sy badkraan uitloop nie weens 'n swak watertoevoer en hy dus die dag op 'n waterrantsoen moet oorleef, begin die kwessie van watervoorsiening belangrik raak. Die berig meld voorts dat Kapenaars egter gerus kan wees, want omvattende werk is op Tafelberg aan die gang. Wanneer dit voltooi is, sal dit verhinder dat waterkwessies soos die voorafvermelde beskrywing oor die probleem met die badwater plaasvind (UK MA BC1421 J8.1:22).

Die tweede koerantregwysing is vervat in 'n verslag in die *Cape Times* van 17 Desember 1900 wat lui dat die boonste valleie en klowe van Tafelberg vir alle praktiese doeleindes vir die oorgrote meerderheid van Kaapstad se inwoners onbekende terrein is. Min inwoners is waarskynlik daarvan bewus dat konstruksiewerk van groot belang aan die ander kant van die grootse tafelrif wat oor die stad troon aan die gang is (UK MA BC1421 J8.4:15).

5.1.1.2 Erkenning / negering

Verwysings na erkenning vir hul werk aan die damboupersoneel of die gebrek daaraan kom in bronne voor. Ten opsigte van die erkenning kan verwys word na 'n brief in die *Cape Times*

van 6 Mei 1897 waarin 'n leser beswaar gemaak het daarteen dat daar nie 'n spesiale heildronk op die ingenieur en personeel ingestel is tydens die lê van die laaste steen van die Woodhead-dam nie (UK MA BC1421 J8.1:35). Dié siening ten opsigte van die personeel se belangrike rol in die dambouery word verder in 'n berig in die *Cape Times* van 17 Desember 1900 geïllustreer waar daar na die dam verwys word as een van die voortreflikste bronne van watervoorsiening in die wêreld (UK MA BC1421 J8.4:15). Aansluitend daarby word die dam ook bestempel as 'n vertoonstuk en een van die "wonderwerke" wat deur die ingenieurs van daardie tyd verrig is (SANB AF.1998-42:1).

Dit lyk asof die bergwerkers dankbaar was oor die erkenning wat hulle van die buitewêreld ontvang het, want by twee geleenthede het hulle hul dank op 'n tasbare wyse uitgespreek. Die eerste geleentheid word vermeld in 'n verslag oor die plegtigheid op 2 Junie 1894 tydens die gedenksteenlegging in die wal van die Woodhead-dam. Dit lui dat burgemeester John Woodhead 'n silwertroffel wat deur Stewart se personeel, blankes en swart mense, geskenk is, gebruik het om die steen vas te messel (UK MA BC1421 J8.1:15).

Ook in die verslag op 29 Maart 1900 oor die hoeksteenlegging van die Hely-Hutchinson-dam is vermeld dat Stewart namens sy personeel 'n silwertroffel as geskenk aan burgemeester Thomas Ball oorhandig het (UK MA BC1421 J8.4:14).

'n Verwysing na die negering van die dambouers se rol kom ook in die voorafvermelde verslag voor. Dit lui dat die werkers ook genooi is, maar hulle kon nie soos die hooggeplaastes die plegtigheid op die damwal bywoon nie. Meer as driehonderd van hulle het in rye (*tier upon tier*) op die kloof se rant gestaan, van waar hulle die seremonie dopgehou het (figuur 48).

5.1.1.3 Ywerige bergbesoekers

Kaapstadse hooggeplaastes het blykbaar hul besoeke aan die dambouterreine as baie aangenaam en opwindend beleef. Dié berguitstappies het met die lê van hoek- en gedenkstone in die damwalle asook inspeksies gepaardgegaan. Koerantberigte verskaf inligting oor onder meer hoe die gaste bo-op die berg gekom het, hoe die plegtighede verloop het en die kos wat voorgesit is.

So byvoorbeeld het talle hooggeplaastes, onder andere parlaments- en stadsraadslede, die oggend van 2 Junie 1894 in 'n prosesie van die stadshuis na Kloofnek vertrek vir die hoeksteenleggingsplegtigheid in die halfvoltooide wal van die Woodhead-dam. Vanaf Kloofnek moes diegene wat van rytuie gebruik gemaak het, die Pipe Track te voet aandurf.



Figuur 48: Werkers staan op die kloof se rant (*Cape Times Weekly Edition* 06/06/1894:4).

Diegene te perd kon tot aan die voet van Kasteelspoort ry. Party het die poort uitgestap, maar dié met baie moed, maar min asem het die kabellugspoor aangedurf. Teen elfuur die oggend was almal bo. Die gaste by die hoeksteenlegging op die damwal (figuur 49C) is beskryf as 'n voortreflike versameling, gekraag met mansjette, asof hulle 'n geselligheid ver onder in die stad bygewoon het. Talle manelle, swart satynhoede en wit hoede is opgemerk. Daar was ook twee vroue wat net soos die ander gaste geen tekens getoon het dat die uitstappie hulle vermoei het nie. Teen twaalfuur het doedelsakspelers van die Black Watch Highland Regiment musiek gemaak (figuur 49A). Daarna het Woodhead, gekleed in sy burgemeesterlike gewaad en omring deur die stadsraadslede ook in hul gewade, die gaste toegesprek (UK MA BC1421 J8.1:15). 'n Aantal deftige gaste het ook die geleentheid gebruik om die boonste kabellugspoorstasie te besoek (figuur 49B).

Byna drie jaar later, op 3 Mei 1897, is burgemeester Woodhead op die rug van 'n muil teen die berg uit om die lê van die laaste steen van die dam te behartig. Dié plegtigheid is afgeskop met die optrede van die orkes van die First Leicester Regiment. Drie hartlike hoera's is ná Woodhead se toespraak uitgeroep waarna 'n noenmaal op die berg aangebied is. Niteenstaande die hoogte bo seespieël en die probleme om die lewensmiddele na bo te



Figuur 49:
A: Vermaak
tydens die
seremonie
(WKAR
AG13711);
B: By die
boonste
kabellugspoor-
stasie (WKAR
AG13722);
C: Die
plegtigheid
(WKAR
J6276).



vervoer, is 'n uitstaande noenmaal in 'n groot markiestent naby die nuwe dam aangebied. Sowat 150 mense het aangesit en het danksy die berglug behoorlik van die spyseniering gebruik gemaak. Die volledige omvattende spyskaart - van "Potage-tortue clair" en "poisson-saumon" tot onder meer "quartier d'Agnean" en "sauce menthe" - word in 'n koerantberig vermeld. Die noenmaal kry groot lof in die berig en word bestempel as gelykstaande met die allerbeste wat in die puikste hotels in Kaapstad voorgesit kan word (UK MA BC1421 J8.1:32-33).

Die hoeksteenlegging van die Hely-Hutchinson-dam is op 29 Maart 1900 onder die opskrif *New Reservoir. On Table Mountain. Laying of foundation stone. An interesting ceremony* in die *Cape Times* gerapporteer. Stewart het saam met die hooggeplaaste genooies per trein vanaf Kaapstad tot Wynberg gery en met rytuie tot op Constantianek. Van daar is die res van die uitstappie te voet aangepak. Die staptog tot by die dam het sowat twee uur geduur. Desondanks die taamlike steiltes op 'n paar plekke, was dit duidelik dat almal die tog terdeë geniet het, danksy die koel lug en die reën wat die vorige nag alles in die omgewing verfris het (UK MA BC1421 J8.4:14).

Aan die einde van die jaar is die stadsraadslede weer die berg uit om die bouery te inspekteer. Dié keer is hulle benewens te voet ook te muil vanaf Constantianek of per kbellugspoor boontoe (UK MA BC1421 J8.4:15). Die stadsraadslede wat op 9 Oktober 1903 die dam geïnspekteer het, is op die rug van sewentien muile en een perd vanaf Constantia-



Figuur 50: Gaste sit aan vir die noenmaal by die Hely-Hutchinson-dam (1904) (Picard 1969:112).

nek die berg uit. 'n Munisipale amptenaar het saamgery en was in beheer van die middagetemandjie (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58).

Die *Cape Times* het op 7 Maart 1904 in 'n berig oor die Hely-Hutchinson-dam se gedenksteenlegging vermeld dat buiten vir 'n staptog teen Kasteelspoort uit of vanaf Constantianek gaste dié keer ook deur die Woodhead-tonnel kon loop om bo te kom. Goewerneur Walter Hely-Hutchinson is met 'n muil boontoe (UK MA BC1421 J8.6:72). Figuur 50 toon welgeklede gaste wat tydens die plegtigheid by die Hely-Hutchinson-dam vir ete aansit. Dié toneel is in skrilte kontras met figuur 48 wat wys hoe die werkers die Woodhead-seremonie vanaf 'n afstand beskou.

5.1.2 Beskouing jeens die buitewêreld

Stewart meld op 3 Februarie 1904 in 'n verslag dat 'n aansienlike aantal permitte die laaste tyd aan munisipale amptenare uitgereik is om met die kabellugspoor op die berg te kom. Aangesien die kabelspoor in daardie stadium nie baie gebruik is vir die doel waarvoor dit opgerig is nie, sê Stewart dat hy ook nie te liberaal te werk wil gaan met die uitreiking van permitte nie. Die vermaning is daarin geleë dat hy dit noem dat hy self dan en wan teen die berg op- en afstap en dat hy dit baie goed vir sy gesondheid vind (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:319/138).

In drie verslae word Stewart se fyn gespot met die buitewêreld blootgelê. In die eerste verslag verwys hy op 5 Desember 1895 na 'n klagte oor 'n sloot van 'n bietjie dieper as 'n meter wat sy werkers gegrawe het. Sy reaksie is dat dit nie gevaarlik vir buitestaanders is nie behalwe as iemand opsetlik daardeur loop. Selfs dan sou so 'n persoon net teen die steil wal – nie 'n afgrond nie – afrol en nie veel oorkom nie (US JSGB 60/13:223).

In die tweede geval word op 7 Augustus 1895 verwys na 'n klagte oor hoe Stewart se werkers pype gelê het. Perde het glo vir die pype geskrik en byna die kar omgeruk. Stewart se reaksie op die klagte was bloot dat die pype met bosse toegegooi word om dit minder opvallend te maak. Die derde geval het oor die diefstal van eiendom van die waterwerkeprojek gehandel. Stewart het naamlik die hoof van die polisie in Kaapstad op 8 Desember 1895 ingelig dat tweehonderd ontstekers asook dinamiet die vorige Saterdagand gesteel is. Hy voeg by dat dit heel moontlik is dat wie ook al dit gesteel het binnekort daarmee sal begin eksperimenteer (US JSGB 60/13:137,221).

5.2 NATUURSKENDING

Old boy, we have conquered you. Só het 'n spreker na Tafelberg verwys tydens die gedenksteenlegging in die Woodhead-damwal op 2 Junie 1894. Dié woorde is met 'n groot toejuiging begroet (UK MA BC1421 J8.1:16). Dit illustreer die mensdom van daardie tyd se gevoel jeens die natuur – dit moes in die naam van die mens se vooruitgang onderwerp word.

Dié siening het daartoe gelei dat groot skade tydens die bou van die twee damme aan die natuur aangerig is, omdat die klippe vir die damwalle uit die rantjies in die omgewing losgeskiet is. Die klip vir die bou van die Woodhead-damwal is verkry uit twee steengroewe, een aan elke kant van die kloof (UK MA BC1421 J8.1:21). Figuur 51 toon die werkers besig in die steengroef aan die oostelike kant van die dam. Die Hely-Hutchinson-dam se klip is verkry van een steengroef aan die westekant (UK MA BC1421 J8.4:4). Figuur 52 wys die bedrywighede in dié steengroef.

Die letsels van die klipbrekery is vandag nog duidelik op die berg sigbaar, soos dit in figuur 53 geïllustreer word. Figuur 53A toon die gewese steengroef wes van die Woodhead-dam. Ongebruikte klippe lê oral teen die rantjie. Figuur 53B wys die voormalige klipbrekery ten weste van die Hely-Hutchinson-dam. Agter kan gesien word waar die klip losgekap is en voor lê 'n hoop klip wat nie gebruik is nie. Figuur 53D toon die gebied waar die klippe aan die oostekant van die Woodhead-dam gebreek is. Figuur 53C wys dat die letsels van die klipbrekerye op 'n lugfoto sigbaar is. Die pyl dui aan waar die littekens te sien is. Die pyl vanaf figuur 53A wys hoe die hang van die kloof weggeskiet is. Figuur 53B se pyl toon die gat wat in die berghang geskiet is. Die pyl vanaf figuur 53D wys die hang waar die klip verkry is.


Kommentaar van buitestaanders tydens die dambouery oor die natuurskending het van goedkeuring tot afkeuring gewissel. 'n Voorbeeld van goedkeuring ten opsigte van die losskiet van Tafelberg-rotse vir die damwalle is vervat in 'n berig in die *Cape Times* van 17 Desember 1900. Dit is 'n wonderlike gesig, lui die berig onder meer, om af te kyk in die ontsaglike kloof en te sien hoe die mans daar onder soos miere bedrywig is. Dan dink 'n mens daaraan dat dié wonderlike verandering aan die natuur deur die mensdom bewerkstellig is (UK MA BC1421 J8.4:15).



Figuur 51: Die steengroef aan die oostekant van die Woodhead-dam (UK MA BC1430 H32T).



Figuur 52: Die klipbrekery ten weste van die Hely-Hutchinson-dam (WWM Tafelberg).



Figuur 53: A: Die steengroef wes van die Woodhead-dam; B: Rotsblokke ten weste van die Hely-Hutchinson-dam; C: Die ligging van die steengroewe (Google Earth Cape Town Map: 1998-2010); D: Die klipbrekery aan die oostekant van die Woodhead-dam.

In 'n verslag in die *Cape Times* van 4 Junie 1894 word wel na die natuurskending verwys, maar word uiteindelik tog goedkeuring aan die projek gegee. Volgens dié verslag het die uitgrawings, die geboutjies, die hyskrane en die talle ander blyke van 'n ingenieursprojek uit die aard van die saak die natuurlike skoonheid van die kloof tydelik ietwat verniel. Die voorafgaande waarneming is egter beuselagtig in die lig van die belang en uiteindelijke gebruikswaarde van die projek. Daar is in elk geval genoegsame onbeskadigde natuurskoon oral in die omgewing om diegene tegemoet te kom wat daarin belang stel (UK MA BC1421 J8.1:15).

Die standpunt teen die natuurskending is sterk verwoord in 'n lesers se brief wat op 22 November 1892 in die *Cape Argus* gepubliseer is. In die brief word gesê dat die terrein en omgewing 'n jaar gelede die pragtigste plek op Tafelberg was. Dit kan egter nie meer so beskryf word nie omdat die opmars na die menslike bruikbaarheid daarvan reeds gevorder het. Die gewese skilderagtige oewer van die stroom is deur 'n ruwe spoorlyn geskend en ander tekens van werkvandalisme is duidelik te sien (UK MA BC1421 J8.1:10).

5.3 PERSONEELSAKE

Stewart het in 'n verslag in Julie 1895 verklaar dat behalwe vir 'n paar uitsonderings in die voorafgaande jaar dit nie nodig was om ernstig teen die werkers op te tree nie. Dit is vir hom 'n bron van bevrediging om te sien met watter bereidwilligheid die werk altyd gedoen word (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Stewart het dié mening egter voortydig uitgespreek, want verskeie verwysings na werkers se misstappe word later gemeld. Dié oortredings het gepaardgegaan met onder meer die diefstal van 'n kollega se loon, die ongemagtigde aankoop van 'n muil en die verswyging van die besering aan 'n perd.

5.3.1 Onbetroubaarheid

Die onbetroubaarheid van twee personeellede kom aan die lig in verskeie verwysings wat oor 'n tydperk van veertien maande tussen Desember 1902 tot Januarie 1904 aangeteken is. In dié verslae ontvou die verhaal van hoe ou soldatevriende en drank uiteindelik 'n werker sy pos op die berg gekos het en hoe laasgenoemde aan dieselfde oortreding skuldig bevind is as dit waarvoor hy vroeër 'n kollega afgedank het.

Die verhaal het op 19 Desember 1902 begin toe die Kaapstadse munisipaliteit 'n advertensie geplaas het vir 'n [...] *Caretaker, Woodhead Reservoir, Table Mountain* [...] met 'n salaris van £2.12.6 per week met inwoning. Die stadsklerk is by navraag ingelig dat 'n bergwerker met die naam Thorsen al sewe jaar op die berg in diens is waartydens hy onder meer

opsigterverpligtinge nagekom het. Hy het egter nie vir die opsigterpos aansoek gedoen nie omdat hy reken dat die salaris te ondoeltreffend is. Hy het in sy sewe jaar geen salarisverhoging ontvang nie. Thorsen se salariseis van £150 per jaar is toe aanvaar, want hy is op 22 Januarie 1903 aangestel (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/214:257/383).

Thorsen is vier maande later ernstig beseer (sien 5.6). Arthur Dearden is as waarnemende opsigter in sy plek aangestel. Op 14 Junie 1903 het Dearden gekla oor sy uitgebreide werkverpligtinge en gevra of 'n kollega, Marshall, as sy assistent by hom kan kom werk totdat Thorsen terugkeer (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/214:257/383).

Die versoek van Dearden is goedgekeur, maar dit het gou geblyk dat dit nie die regte besluit was nie. Skaars twee weke later, op 1 Julie 1903, het Dearden verklaar dat Marshall 'n paar dae vantevore stad toe gegaan het vir private besigheid en nog nie teruggekeer het nie. Marshall het ook geen boodskappe oor sy doen en late gestuur nie. Op 23 Julie 1903, net 'n bietjie meer as 'n maand ná Dearden se versoek oor Marshall, het Dearden in 'n verslag verklaar dat Marshall nie betroubaar is nie. Volgens Dearden was Marshall juis in daardie stadium al weer 'n paar dae afwesig van die werk. Dearden het voorts aangevoer dat hy Marshall gaan terugstuur as hy wel by die werk opdaag. Hy meld verder dat hy in geen opsig verantwoordelikheid vir Marshall se gedrag in die toekoms aanvaar nie en dat Marshall nie in enige verantwoordelike posisie aangestel kan word nie (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58: 251/383, 257/383).

Marshall se naam word nie verder gemeld nie en die afleiding is dus dat hy óf afgedank is óf nooit weer sy opwagting gemaak het nie. Stewart is op 4 Augustus 1903 in kennis gestel dat Thorsen so herstel het van sy beenbesering dat hy sy werk as opsigter kon hervat. Met Marshall nou nie meer deel van die verhaal nie, handel die res van die storie oor die werkverhouding tussen Thorsen en Dearden. Thorsen het in dié verhouding 'n fout begaan wat Dearden benadeel het en Dearden het hom later aan dieselfde onbetroubaarheid skuldig gemaak as waarvan hy Marshall beskuldig het. Thorsen se fout is op 13 Augustus 1903 genotuleer en lui dat laasgenoemde erken het dat hy die verkeerde opdragbrief aan Dearden oorhandig het. Volgens Thorsen moes hy die brief op sy tafel aan Dearden gegee het, maar hy het dit in sy sak gesteek onder die indruk dat dit 'n private brief was (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:80/138, 305/383).

Dearden se misstap waarby ou vriende en drank betrokke was, kom op 21 November 1903 in 'n brief van die waarnemende wateringenieur op die lappe. Dit word in die brief gemeld dat Dearden die vorige Saterdag stad toe gegaan het om sy en Thorsen se salaris in ontvangs te neem. Hy het Thorsen vooraf ingelig dat hy die Maandag terugkeer, maar was egter eers die

Vrydag terug op die berg. Hy het boonop nie Thorsen se geld by hom gehad nie omdat hy dit in die stad uitgegee het. Die waarnemende wateringenieur eis vervolgens 'n verduideliking van Dearden ten opsigte van sy afwesigheid van die werk asook die feit dat hy geld vir homself geneem het wat aan 'n ander persoon behoort (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:349/383).

Dearden beantwoord die brief die volgende dag en sê hy is jammer oor wat die vorige week gebeur het. Volgens hom het hy 'n aantal vriende raakgeloop wat hy nie sedert sy ontslag uit die weermag gesien het nie. Hy het heeltemal kop verloor (*so far forgot myself*) en tot Vrydag in die stad gebly sonder om dit aan te meld of om 'n telefoonoproep na Thorsen op die berg te maak. Dearden verklaar voorts dat hy met sy terugkoms op die berg vasgestel het dat sy en Thorsen se bankboeke en geld weg was. Hy sê so iets sal nooit weer gebeur nie en dat hy in die toekoms 'n geheelonthouër sal wees soos hy tot 'n paar maande gelede was. Op 25 November 1903 laat weet die waarnemende wateringenieur dat hy nie tevrede is met die verduideliking nie, maar dat hy Dearden nog een kans gee. Dearden het waarskynlik nie dié kans aangegryp nie, want op 6 Januarie 1904 het hy 'n brief ontvang waarin gesê is dat sy dienste vanaf 14 Januarie 1904 nie meer nodig sal wees nie. Op 16 Januarie 1904 het Dearden 'n brief van die wateringenieur ontvang waarin vermeld is dat hy tot 13 Januarie 1904 die assistent-opsigter op die berg was (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/58:349/383). Ses maande het dus verloop sedert Dearden vir Marshall van onbetroubaarheid aangekla het en hyself sy werk weens dieselfde misstap kwyt was.

5.3.2 Ongemagtigde optrede

'n Geval van ongemagtigde optrede deur 'n personeellid is in Mei 1896 aangeteken. Dit handel oor die aankoop van 'n muil sonder dat goedkeuring daarvoor ontvang is. Volgens verslae van 21 en 22 Mei 1896 blyk dit dat H Robbins, die werkvoorman, in Desember 1895 'n muil vir die bouwerk nodig gehad het. Robbins kon 'n goeie winskoop maak deur dadelik sonder magtiging 'n muil te koop. Hy het self daarvoor betaal. Stewart se verslag hieroor lui onder meer dat hy die uitbetaling van Robbins se rekening uitgestel het as straf vir laasgenoemde se ongemagtigde optrede deur nie eers goedkeuring vir die koop van die muil te verkry nie. Stewart het gevolglik aanbeveel dat die bedrag van £12 in die lig van die voorafvermelde straf aan Robbins uitbetaal kan word (US JSGB 60/13:289; WKAR 3/CT 1/4/4/1/1:625).

5.3.3 Pligsversuim

Talle voorbeelde van pligsversuim deur personeellede is aangeteken. Dié versuim handel oor onder meer die nie-nakoming van opdragte en die verswyging van inligting. Stewart se vermanings aan personeellede verskaf besonderhede oor afwesigheid en agterstalligheid.

Een van die gevalle van die nie-nakoming van opdragte is op 30 Augustus 1895 ter sprake gebring toe Stewart verslag gedoen het oor die bedanking van John Minett, klerk van werke. Die verslag lui onder meer dat Stewart gereeld gekla het oor Minett se bevoegdheid ten opsigte van die reëlings om die werk te laat voortgaan. Die onmiddellike rede vir Minett se bedanking is daaraan te wyte dat 'n deel van die damwal nie vir werk gereed gemaak is soos die vorige dag in 'n opdrag uiteengesit is nie (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:466).

Nog 'n geval is op 25 Oktober 1895 in 'n brief van Stewart aan die werkvoorman aan die lig gebring. Stewart skryf onder meer dat hy weer verwys na sy opdragte van 21 Oktober wat klaarblyklik deur die werkvoorman vergeet is. Stewart meld daarna dat sekere take nieteenstaande sy opdragte nie uitgevoer is nie (US JSGB 60/13:198). 'n Derde geval handel oor 'n werker se geestestoestand wat tot die nie-nakoming van pligte gelei het. In dié verslag in Junie 1900 aan die Waterwerke-komitee word aangevoer dat die werker snaakse gedrag toon. Dit word voorgestel dat die werker deur 'n mediese amptenaar ondersoek word ten einde besonderhede oor sy geestesgesondheid te verkry. Die voorstel word goedgekeur en daar word besluit om 'n werker aan te stel om saam met die vermoedelik geestesieke man te werk (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:201-202).

Die verswyging van besonderhede het in 1894 daartoe gelei dat die betaalmeester, WB Lucas, geroskam is. Lucas se misstap het op 29 Februarie 1894 aan die lig gekom toe die Waterwerke-komitee ingelig is oor 'n eis van £12 van ene Murison vir beserings aan sy perd. Die perd is op 18 Desember 1893 deur Lucas gebruik om geld na die dambouprojek op Tafelberg te vervoer en die voorval het op die terugtog gebeur. Die komitee spreek sy afkeur daarvoor uit dat Lucas in gebreke gebly het om die ongeluk aan te meld en dat hy dit eers gedoen het toe hy daarvoor uitgevra is. 'n Besluit is geneem om £12 aan Murison te betaal in volle nakoming en sonder benadeling (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:113,127-128).

Dié misstap was waarskynlik die begin van die einde van Lucas se loopbaan op die berg, want skaars 'n week later kla Stewart oor die manier waarop hy sy pligte as betaalmeester uitvoer. Dit word voorts in die Waterwerke-komitee se notule vermeld dat die stadsklerk met ene Hill van die tesourie-departement gereël het om daardie dag die lone op die berg te betaal aangesien dit baie ongewens is dat Lucas verder as betaalmeester optree.

Laasgenoemde is gevolglik van sy pligte by die dambouprojek onthef. Op 27 April 1894 is berig dat Hill nou die taak as betaalmeester op die berg verrig, bykomend tot sy gewone pligte as boekhouer (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:152-153,197).

Net soos Lucas, was die tydhouer, C Lugg, ook in die moeilikheid oor die weerhouding van inligting. Stewart het in dié geval vir Lugg daaraan herinner dat hy te enige tyd die werkstate aan die betaalmeester moet voorsien indien laasgenoemde dit versoek. Op 15 Augustus 1895 het Stewart nog 'n werker, GW Smith, voor stok gekry omdat laasgenoemde sekere inligting nie verstrek het nie. Stewart stel dit dat hy Smith se brief en 'n dr Douglas se sertifikaat ontvang het en vra wanneer Smith verwag dat hy weer gereed sal wees om sy pligte te hervat. In 'n verwysing na die weerhouding meld Stewart voorts dat Smith nie die inligting aan hom gestuur het wat hy aan sy kollegas verstrek het nie (US JSGB 60/13:144,202).

Stewart se skriftelike vermanings het ook die kollig op afwesigheid en agterstalligheid laat val. Ten opsigte van afwesigheid skryf Stewart op 12 Junie 1895 aan Lugg dat van hom verwag word om soggens betyds by die werk te wees om die aanvang van die werkdag glad te laat verloop. Die vermaning lui voorts dat Lugg die hele dag op die bouterrein moet bly tensy dit totaal onvermydelik is dat hy die stad vir rekeninge of voorraad moet besoek. Stewart sluit sy brief af met die teregwysing dat sy (Stewart se) kantoor nie vir Lugg se werk gebruik moet word nie. Lugg se tydhouding is 'n week later, op 19 Junie 1895, weer onder die loep, dié keer oor agterstalligheid. Lugg se verweer op die vraag oor hoekom die tydboeke nog nie gereed is nie is ook geboekstaaf: Hy het aangevoer dat hy nie ink het nie (US JSGB 60/13:89,95).

5.3.4 Werkers se diere

Werkers op die berg is verbied om diere aan te hou, maar in sommige gevalle is toegelaat dat dié reël oortree word. Dit het aan die lig gekom in 'n brief wat Stewart op 18 April 1895 aan die stadsklerk geskryf het. Daarin meld hy dat werkers van die dambouprojek nie toegelaat word om honde en pluimvee aan te hou nie. Stewart se brief handel oor die higiëniese toestand van die terrein by die inlaatkant van die Woodhead-tonnel. Hy sê die opsigter daar hou honde en hoenders aan en dat dié diere nie op enige wyse hoegenaamd beheer word nie. Stewart spreek die mening uit dat die diere 'n gevaar vir die suiwerheid van die water inhou (US JSGB 60/13:44). Die Waterwerke-komitee besluit om die opsigter te versoek om sy honde en pluimvee behoorlik te beheer ten einde te verhinder dat die water besoedel word (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:389).

5.3.5 Werkersdispute

Die bewering in 'n brosjure oor die dambouery dat geen arbeidsdispute aangemeld is nie (SANB AF.1998-42:11), strook nie met inligting in ander bronne nie. Die stadsklerk het op 19 Februarie 1897 'n brief van Stewart ontvang ten opsigte van 'n versoekskrif wat die blanke werkers aan hom oorhandig het. Stewart meld dat hy in die lig van die werkers se dringende versoek saamgestem het dat die versoekskrif ter insae aan die Waterwerke-komitee voorgelê moet word. Die komitee het die versoekskrif bespreek, maar geen besonderhede word oor die inhoud daarvan verstrek nie (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1:822-823).

Nog 'n werkersdispuut is op 21 Desember 1900 te berde gebring insake 'n spesiale vakansiedag wat deur die stadsraad geproklameer is. Die bergwerkers het op dié vakansiedag gewerk en versoek nou in die lig daarvan 'n halwe dag se vakansie. Die versoek is na Stewart verwys (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:352).

5.4 RASSISME

Die talle verwysings na werkers se ras dui daarop dat die betrokkenes se lewensuitkyk in 'n groot mate ook deur hul rassebeskouing beïnvloed is. Die rasverwysings is feitlik deurgaans 'n weerspieëling van rassisme of rassevooroordeel. Die rassisme is in die werkplek en vanaf die buitewêreld ervaar. Talle voorvalle van rassisme het voorgekom, maar 'n voorval in Kloofstraat kan as 'n uitstaande illustrasie van die rassegevoel beskou word.

5.4.1 Rassisme in die werkplek

Buiten vir die rassevooroordele wat reeds in dié tesis in onder meer akkommodasie (sien 4.1) onder die loep gekom het, het rassisme ook in die werkplek voorgekom (sien ook 5.5 aangaande gesondheid).

Inligting oor werkerstaksering het op 21 Mei 1895 aan die lig gekom toe aan die werkvoorman Caleb Robbins opdrag gegee is oor die beoordeling van moontlike werkers. Die opdrag het gelui dat geskoolde of blanke werkers getakseer moes word. Geen melding is egter gemaak oor die beoordeling van swart werkers nie. In laasgenoemdes se geval is net genoem dat hulle nie meer as 3/- per dag moet ontvang nie, behalwe in spesiale gevalle (US JSGB 60/13:70).

Nog 'n voorbeeld van amptelike rassediskriminasie kom voor in dokumente waarin daar na blanke werkers op hul van verwys word, maar na swart werkers op 'n nommer. Sodanige verwysing in 'n dokument van 8 November 1895 lui onder meer soos volg: [...] *Bowman and*

Copeland [...] and natives 1 and 3. In 'n verslag van 9 Julie 1895 word vermeld watter inligting van die werkers nodig is vir administrasiedoeleindes. Ten opsigte van die swart werkers is in die verslag bygevoeg dat hulle aangeteken moet word deur middel van die nommer waarvolgens hulle bekend was (*the number by which he was known*) (US JSGB 60/13:113, 202).

Die gewese bergwerker, William Farmer, se diskriminerende siening van swart kollegas word in sy vertellings blootgelê. Volgens hom was die beskikbaarheid van swart werkers somtyds 'n probleem. Hy het die rede vir dié kwessie soos volg opgesom: Sodra die tyd vir die oes van mielies aangebreek het, het die swart werkers van die berg gedros na hul krale waar hulle hulle in hul ledigheid dik geëet het (*to eat their fill in idleness*) (Crump 1946:10).

'n Geval van rassevooroordeel in die diensvoorwaardes van die bergwerkers is geleë in die betaling al dan nie van salarisse en lone aan die werkers indien dit weens gure weersomstandighede nie moontlik was om te werk nie. Swart werkers is nie in sulke omstandighede betaal nie, maar 'n waarborg is aan blanke werkers gegee dat hulle wel betaal sal word. Die voorafgaande inligting is vervat in 'n dokument van 22 September 1899 waarin Stewart besonderhede verstrek oor reëlings ten opsigte van die betaling van die werkers tydens ongunstige weer. Stewart stel dit dat die swart werkers nie betaal word as hulle nie gewerk het nie. Die blanke werkers is egter geregtig op nie minder nie as drie dae se loon per week (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:16).

Die voorafgaande word bevestig in 'n advertensie van 30 Julie 1903 waarin damwalbouers daarvan verseker word dat hulle nie benadeel sal word as hulle nie kan werk nie (UK MA BC1421 J8.6:12). Farmer vertel dat wanneer gure weer dit onmoontlik gemaak het om te werk, die mans na hul beste vermoë die tyd probeer verwyd het. Hulle was egter daarvan verseker dat hul salaris nie in die gedrang was nie (Crump 1946:10).

5.4.2 Buitewêreld se beskouing

Die buitewêreld se rassitiese siening word blootgelê in onder meer die amptelike beskouing dat Italiaanse arbeiders intelligenter as swart arbeiders is. 'n Aantal Italiaanse arbeiders is op die berg aangestel ten einde die tekort aan swart werkers die hoof te bied. 'n Verslag hieroor lui onder meer dat dit die koste werd is om die Italianers 'n sjieling meer per dag te betaal as die swart werkers aangesien eersgenoemdes intelligenter is en dus begryp hoe om klippe vir die maak van beton te keur. Die bestuur van die dam is deur die stadsraad aangemoedig om so veel moontlik Italianers aan te stel (UK MA BC1421 J8.4:69).

Die vraagstuk van blanke toesig oor swart werkers word bespreek in 'n dokument van 30 Augustus 1895 wat oor die werwing van swart werkers in die Oos-Kaap handel. Die stelling word gemaak dat die potensiële swart werkers hulle in elk geval beskikbaar sal stel as die weerstoestand warmer word. Daarom word dit nie nodig geag om die koste aan te gaan om 'n blanke te stuur om hulle te begelei nie (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:465-466).

Die siening jeens swart werkers aan die bo-punt van Kasteelspoort is in 'n koerantverslag van 7 Februarie 1895 verwoord. In dié berig word gemeld dat die werkers se woonplek geleë is naby die stroom wat in die poort afloop. Volgens die berig was die stroom vroeër 'n bron van verkwikking vir die moeë stapper, maar dat dit nou liefs vermy moet word (UK MA BC1421 J8.1:23).


5.4.3 Die Kloofstraat-voorval

Die geval van uiterste rassediskriminasie wat blykbaar 'n groot geskarrel in owerheidsweë veroorsaak het, het op 2 Januarie 1896 plaasgevind. Stewart beskryf die voorval in 'n brief (figuur 54) aan die stadsklerk, gedateer 6 Januarie 1896. Die brief is getik, maar die woord "Urgent" is links bo met die hand geskryf.

Die brief lui dat die voorman Caleb Robbins dit by Stewart aangemeld het dat 'n polisieman die vorige Donderdagaand die swart werkers se woonterrein betree het sonder om Robbins of enigiemand anders in te lig. Die polisieman het toe 'n entjie in die pad geloop, teruggekeer en 'n swart werker – [...] *a Kaffir who was sleeping peacefully in his hut* [...] – in hegtenis geneem. Die man is gedwing om nakend na die tronk te stap. 'n Aantal mense op pad het dit gagedeslaan. Die man het die Vrydag in die polisiehof verskyn op 'n aanklag dat hy nakend in Kloofstraat aangetref is. Robbins het getuienis gelewer en as gevolg daarvan is die saak vir verdere getuienis uitgestel. Die swart werkers voer volgens die brief aan dat hulle gaan bedank indien die situasie voortduur dat hulle sommer op die ingewing van die oomblik deur 'n skurkagtige polisieman in die tronk gegooi kan word. Stewart sluit die brief af deur te vra of die stadsraad bereid is om enigiets in die verband te doen of, indien nie, wat die beste optrede in die omstandighede sal wees (US JSGB 60/13:239).

Die volgende dag het Stewart in 'n brief Robbins versoek om dadelik die betrokke swart werker na die polisiekantoor te stuur om die borgakte te onderteken indien hy dit nog nie gedoen het nie. Stewart sê voorts dat Robbins eerder in die eerste plek die swart werker na sy (Stewart se) kantoor moes gestuur het (US JSGB 60/13:241).

Op 10 Januarie 1896 het die Waterwerke-komitee genotuleer dat die stadsklerk die kommunikasie oor die voorval van Stewart ontvang het. Die notule lui dat Stewart in sy brief daarna verwys dat die onregverdige inhegtenisneming die swart werkers in diens van Waterwerke baie ontstel het. Hulle dreig om te bedank tensy hulle verseker word dat so iets nie weer sal gebeur nie. Die stadsklerk het onmiddellik ná die ontvangs van die brief met 'n inspekteur Clarke oor die voorval in verbinding getree. Die gevolg was dat die werker dadelik vrygelaat is omdat daar geen getuienis was om die aanklag te staaf nie. Die inspekteur het die konstabel wat vir die onregmatige arrestasie verantwoordelik was deur 'n meer betroubare man vervang. Voorvalle van dié aard behoort dus nie weer in die toekoms plaas te vind nie (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1:552-553).



Figuur 54: Stewart se brief aan die stadsklerk (US JSGB 60/13:239).

5.5 GESONDHEID

Die berggemeenskap is by twee geleenthede deur siekteplae geteister. Die eerste plaag was in 1894 toe pokkies uitgebreek het en die tweede in 1901 toe builepes sy tol geëis het. Laasgenoemde plaag was nie net tot Tafelberg beperk nie, want op 26 Februarie 1901 is die hele Kaapkolonie as gevaarlik verklaar vanweë dié siekte (WKAR GH1/469:74).

Die eerste amptelike verwysing na siekte onder die bergwerkers was volgens dié navorsing op 16 Junie 1894 toe in die notule van die munisipaliteit se Sanitêre Komitee daarvan gewag gemaak is dat 'n mediese gesondheidsbeampte dienste gelewer het tydens die voorafgaande geval van pokkies op die Tafelberg-dambouterrein (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:307).

Die berginwoners is intensief geraak deur die behandeling en die inperking wat met die plaag gepaardgegaan het. Een van die talle voorbeelde van hoe die siektetoestande die inwoners beïnvloed het, is vervat in 'n verslag van Julie 1894 waarin vermeld is dat die swart werkers se woonkwartiere na 'n nuwe gebied verskuif is nadat pokkies by hul vorige woonterrein aangemeld is (UK MA BC1430 Timoney Papers:1).

In 1894 is daar kommer uitgespreek oor die onvermoë van die owerheid om die siekte-inperkingsmaatreëls ten opsigte van die werkers op die berg behoorlik toe te pas en in 1901 is planne aan die hand gedoen om die werkers gereeld medies te ondersoek (UK MA BC1421 J8.1:17; WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:402-403, MOH-37:G391).

5.5.1 Botsende sienings

'n Uitstaande kenmerk van die navorsing in verband met die higiëniese toestande waarin die werkers op die berg gewoon het en die beskikbare mediese bystand is die uiteenlopende standpunte daaroor in bronne. Aan die een kant is beweer dat die higiëniese situasie onder die werkers benard was en mediese bystand feitlik heeltemal ontbreek het. Aan die ander kant is onder meer aangevoer dat 'n baie omvattende higiëniese stelsel toegepas is, dat 'n dokter permanent op die terrein beskikbaar was en dat 'n aantal werkers gereeld die terrein skoongemaak het (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:425,434; *Cape Times* 09/01/1900:4; SANB AF.1998-42:11; UK MA BC1421 J8.1:23).

In die brief van Chandler waarna in 4.1.1 verwys word, word ook die standpunt oor die haglike gesondheidstoestand verwoord. Die brief lui dat dit nie so lank gelede was nie dat pokkies by die Woodhead-dam uitgebreek het. Die skrywer meen dat indien iets nie gedoen gaan word nie, nog uitbrekings van soortgelyke siektes kort voor lank sal plaasvind. Die

skrwyer is tydens sy vorige besoek aan die dambouterrein deur 'n werker daar ingelig dat ses pennies elke veertien dae van elke swart werker se loon vir 'n mediese fonds afgetrek word. Desnieteenstaande het die werkers geen behoorlik gekwalifiseerde mediese of ambulansamptenaar tot hul beskikking nie. 'n Dokter van Kaapstad besoek die dambouterrein slegs elke veertien dae en dan net indien die weer dit toelaat.

Die skrywer vra hoe op aarde dit reg kan wees dat so 'n toestand binne 'n paar honderd meter vanaf die dreineringsgebied van die Woodhead-dam kan bestaan. Verder besoek die meeste van daardie swart werkers Kaapstad elke betaaldag of minstens een keer per maand en meng met die stad se bevolking. Die skrywer spreek hom dan sterk uit oor behoorlike huisvesting vir swart mense. Hy meen dat hoewel almal in niks anders as die verskriklike Anglo-Boereoorlog belang stel nie, inwoners van Kaapstad tog nie die gesondheidsveiligheid van die inwoners moet versak nie. Die skrywer sê hy verwys in dié verband na die behoorlike huisvesting van die stad se swart bevolking, 'n kwessie waarvoor reeds in die koerant gewaarsku is. Ten slotte vra hy hoe dit moontlik kan wees dat die owerhede nie behoorlike sanitêre en mediese beheer kan instel by die plek waar Kaapstad se drinkwater vandaan kom nie (*Cape Times* 09/01/1900:4).

In die lig van die briëfskrwyer se stelling dat geen mediese dokter of amptenaar permanent na die werkers omgesien het nie, is spesifiek in hierdie studie probeer vasstel of argivale bronne inligting daarvoor het. Uit een bron blyk dit dat 'n dokter wel permanent op die terrein was (SANB AF.1998-42:11). Aan die ander kant blyk dit uit voorstelle wat in 1901 tydens die uitbreek van builepes aan die hand gedoen is om swart werkers op die berg te behandel, dat 'n dokter nie heeltyds beskikbaar was nie. Dié afleiding is gemaak uit 'n voorstel op 7 Maart 1901 dat die swart werkers daaglik byeengebring moet word om deur 'n mediese amptenaar ondersoek te word. Stewart het egter aan die hand gedoen dat 'n dokter die berg moet besoek om die swart werkers minstens drie keer per week te ondersoek ten einde enige simptome van die pes op te spoor (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:402-403, MOH-37:UCS). Op 13 Maart 1901 is verklaar dat reëlings getref sal word om die swart werkers op die berg gereeld te ondersoek (WKAR MOH-37:G391).

Stewart bevestig self op 2 April 1901 ootenseglik dat 'n mediese dokter nie permanent op die berg teenwoordig was nie. Hy verklaar naamlik dat 'n mediese helper (*medical attendant*) by die projek aanwesig is en dat dié helper in staat is om eerstepulp toe te pas en eenvoudige medisyne voor te skryf (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:425,434).


Ten opsigte van die teenoorgestelde siening is aangevoer dat 'n baie streng en omvattende higiëniese stelsel op die berg gehandhaaf is waarvolgens vullis daaglik na buite die

dreineringsarea verwyder is. Enige ernstige oortredings van die higiëniese regulasies het volgens 'n koerantverslag van 7 Februarie 1895 met onmiddellike afdanking gepaardgegaan (UK MA BC1421 J8.1:23).

Tydens die builepes van 1901 het Stewart meer besonderhede verskaf oor die higiëniese toestand op die berg. Hy het naamlik op 2 April 1901 die Waterwerke-komitee in kennis gestel dat al die woonstrukture van die swart werkers buite die opvanggebied van die reservoir geleë is. Volgens hom word higiëniese maatreëls toegepas en dat 'n groep mans aangesê is om die kamp gereeld skoon te maak. Stewart het voorts daarop gewys dat dit nie die uitbreek van die pes was wat tot die instelling van sanitêre voorsorgmaatreëls gelei het nie. Die komitee word op 19 April 1901 ingelig dat dr JA Alston op 5 April 1901 altesame 198 werkers op Tafelberg ingeënt het (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:425,434).

Die builepes-pasiënte is in 'n spesifieke gebou by die dambouterrein behandel, blyk uit 'n verklaring van Stewart op 30 Januarie 1903. Die gebou gaan voortaan gebruik word vir die akkommodasie van vier arbeiders wat as algemene instandhouders op die berg gaan werk (WKAR 3/CT 4/2/1/2/112/214).

Sover vasgestel kon word, word nêrens in enige bronne oor higiëne op die berg na toiletgeriewe verwys nie. In hierdie navorsing is egter afgekome op 'n foto (figuur 55) waarop 'n toiletgebou is. Die foto is volgens die onderskrif by die Woodhead-dambouterrein geneem. Dit blyk dat die toilet volgens die emmerstelsel gewerk het. Die emmer word op die foto met 'n pyl aangedui.



Figuur 55: 'n Toiletstruktuur by die Woodhead-damwal (WKAR AG13720).

5.5.2 Inperking

Die swart werkers is tydens die pokkies- en builepes-tydperke óf op die berg ingeperk óf na 'n plek van afsondering gebring. Die Fingo na wie in 3.3.3.1 verwys word wat in 1894 vanaf die Oos-Kaap na Kaapstad geloop het, is waarskynlik die eerste inwoner op die berg wat met pokkies gediagnoseer is. Hy is dadelik na 'n plek van genesing gebring. Sy klere is op die berg vernietig en sy woonplek ontsmet. Twee van die mans wat saamgestap het en ook op die berg werk gekry het, is ook in afsondering geplaas.

Die swart werkers op die berg is in kwarantyn geplaas. Verskeie polisiemanne is op die Pipe Track - die gereelde roete van die bergwerkers na die stad - by Kloofnek geplaas met die opdrag om niemand te laat verbykom nie. Volgens 'n berig van 11 Junie 1894 het die swart werkers hulle sonder moeilikheid by dié reëling berus. 'n Maand later is berig dat die werkers in kwarantyn gesond verklaar is en weer op die berg werk. Die Fingo is ook ontslaan, maar dit word nie gemeld of hy weer berg toe is nie (UK MA BC1421 J8.1:17,18).

Met die uitbreek van die builepes is talle stappe gedoen om die swart werkers op die berg in te perk sodat die siekte nie versprei nie. Op 7 Maart 1901 het die mediese hoofbeampte verklaar dat onmiddellike stappe sover as moontlik gedoen word om te verhinder dat hulle Kaapstad besoek (WKAR MOH-37:UCS). Die Waterwerke-komitee het op 11 Maart 1901 'n brief van dr R Marloth aangehaal waarin verwys word na die ernstige gevaar wat bestaan as die bergwerkers toegelaat word om die stad te besoek en terug te keer na die berg. Dr Marloth het voorgestel dat swart werkers wat die stad besoek, nie toegelaat moet word om na die werkplek op die berg terug te keer nie. Hy het ook aanbeveel dat geen bykomende swart werkers in diens geneem moet word nie. Stewart kry terselfdertyd opdrag om nie nuwe werkers aan te stel nie behalwe as dit die goedkeuring van die koloniale regering of die Natives Affairs Office wegdra (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:403-404).

Die komitee besluit op dieselfde dag om die swart werkers op die berg te verbied om die stad te besoek. Die koloniale sekretaris word versoek om die gebied waarbinne die swart werkers in diens is af te baken as 'n area waarbuite inheemse swart mense (*aboriginal natives*) nie toegelaat word nie. Op dieselfde dag meld die waarnemende stadsklerk, Robert Finch, dat die inperking ingestel is ten einde te verhinder dat die swart werkers op die berg die stad tydens die pes kan besoek. Twee dae later het Finch verklaar dat die inperking daarop gemik was om te keer dat hulle hul vriende in die stad besoek. Die swart werkers sou nie toegelaat word om die afgebakende gebied sonder die toestemming van RH Charters, residentingenieur van die waterwerke, te verlaat nie (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:402-403, MOH-37:G391,UCS).

Finch het die inperkingsgebied op Tafelberg waarbinne die swart arbeiders werk soos volg omskryf: Daardie deel van die opvangsgebied begrens aan die noorde deur 'n reguit lyn van die bo-punt van Skeletonkloof tot 'n punt sowat 'n kwartmyl noord van Kasteelspoort, aan die weste deur die bergwand wat deel van die Twaalf Apostels is, aan die suide deur 'n lyn van die eerste koppie suid van Kasteelspoort tot die mees noordelike punt van die Wynberg-opvangsgebied en aan die ooste deur die reeks koppies tussen laasgenoemde opvangsgebied en die bo-punt van Skeletonkloof (WKAR MOH-37:N5).

Die behandeling van die werkers teen builepes het later in die jaar 'n nadraai gehad toe 'n skadevergoedingseis ingestel is. J McDonald het 'n eis ingedien vir die bedrag van £6 17 0 ten opsigte van 'n verlies gelyk toe sy klerasie vernietig is op grond van die vermoede dat hy builepes onder lede het. Die komitee het besluit om £5 aan McDonald te betaal (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:504).

Teen Julie 1901 het die builepesplaag tot die verlede behoort, want op 2 Augustus van dié jaar is kennis geneem van 'n besluit dat die mediese inspeksie van die swart werkers op die berg gestaak word (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/2:21). Nog 'n aanduiding dat die gevaar van die pes verby was, word gevind in 'n verslag van 1 Januarie 1902 wat lui dat dertig swart werkers sedertdien aangestel is (WKAR NA518:A.409).

5.5.3 Vrees in Kaapstad

Die uitbreek van plaag onder die werkers op die berg het vrees by inwoners van Kaapstad verwek oor die verspreiding van die siektes. Dié vrees het in hoofsaak oor die doeltreffendheid van die kwarantynmaatreëls op die berg gehandel. Op 11 Junie 1894 is berig oor die verontrustende nuus dat pokkies onder die swart werkers uitbreek het. In die berig word twyfel uitgespreek oor die effektiwiteit daarvan om as 'n kwarantynmaatreël polisiemanne op die Pipe Track te plaas ten einde swart bergwerkers uit die stad te hou. Die werkers kan ander roetes na die stad gebruik as hulle wil, selfs al word 'n kordon van vyfhonderd man rondom die berg gespan, lui die berig. Daar word aan die hand gedoen dat 'n paar polisiemanne reg rondom die swart werkers se woonplek geplaas word om doeltreffende beheer te verseker (UK MA BC1421 J8.1:17).

'n Week later, op 18 Junie 1894, word in 'n berig weer eens met kommer verwys na die voorafvermelde kwarantynmaatreëls. Die berig lui dat 'n mens jou skaars meer ongeloofwaardige maatreëls kan indink. 'n Handjievol polisiemanne is op die Pipe Track en op die Platteklip-roete geplaas met die opdrag om mense te keer wat van die berg af kom. Die aanwesigheid van swart mense in diens van die Tafelberg-dambouprojek die afgelope Saterdag in die stad, is volgens 'n tong-in-die-kies aanmerking in die berig "'n aanduiding van

hoe uitstekend die maatreëls gewerk het". Die gedagte dat sulke bedrewe bergklimmers soos swart mense (*such expert mountaineers as Kafirs*) tot die berg beperk kan word deur 'n klomp polisiemanne is vir die beriggewer verskriklik snaaks. Indien 'n swart werker op die berg besluit om die stad te besoek, sal hy verby vyfhonderd polisiemanne glip. Die oplossing is weer eens om 'n kordon reg om die woonplek te span (UK MA BC1421 J8.1:17).

5.6 ONGEVALLE

Die gevaarlike werkomgewing en -omstandighede het waarskynlik daartoe gelei dat die moontlikheid van ongevallen voortdurend in die onderbewussyn van die dambouers was. Geen sterfgevallen of ernstige beserings is tydens die bou van die Woodhead-dam aangemeld nie (SANB AF.1998-42:11). 'n Aantal ongevallen het wel ten tyde van die konstruksie van die Hely-Hutchinson-dam plaasgevind.

Op 5 Desember 1902 is die Waterwerke-komitee deur middel van 'n polisie- en mediese verslag ingelig oor 'n voorval op 10 November op die berg toe 'n gekleurde werknemer (*coloured employee*) met die naam Laurel gesterf het as gevolg van 'n steekwond wat deur 'n ander werker veroorsaak is. Die komitee meen die verslae dui daarop dat alles wat moontlik is gedoen is om die gewonde man se lewe te probeer red (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:34).

Die opsigter, Thorsen, het op 19 Mei 1903 sy been ernstig beseer toe hy in Skeletonkloof afgestap het (WKAR 3/CT 4/2/1/2:112/214). Die komitee keur op 7 Augustus 1903 die betaling van Thorsen se mediese koste van £7 10 0 goed (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:264).


Op 5 Februarie 1904 is vermeld dat ene James Lacey op 26 Januarie in 'n ongeluk betrokke was en beseer is terwyl hy by die dambouprojek aan diens was. Die komitee besluit om £50 aan Lacey te betaal vir die volle vereffening van enige eis. Geen verdere besonderhede word verstrek nie (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/4:30). Die komitee is ook oor dierevrektes ingelig. Op 18 Desember 1903 is kennis gegee dat die reservoir-inspekteur se perd daardie oggend skielik dood is. Die komitee besluit dat 'n ander dier aangekoop moet word (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/3:429).

5.7 KOMMUNIKASIE

Buiten vir Stewart se gereelde verslae, het die dambouersgemeenskap se kommunikasie met die buitewêreld bestaan uit 'n telefoondiens, 'n poskantoor op die berg en 'n posbus in Kaapstad. Dit blyk dat daar ook kommunikasiegapings was.

5.7.1 Telefoondiens

Die eerste verwysing na die telefoniese kommunikasie tussen die Tafelbergse dambouterrein en Kaapstad is opgespoor in 'n verslag van 9 Maart 1894 waarvolgens daar besluit is om die koste van sodanige kommunikasie te ondersoek. Op 12 Junie 1894 is in die *Cape Times* berig dat besluit is om die telefoonlyn aan te lê. Die ligging daarvan word beskryf as 'n kabellyn al met die ou Kloofpad oor Kloofnek. Van daar strek dit al met die Pipe Track en op teen Kasteelspoort tot by die dambouterrein (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:154,215; UK MA BC1421 J8.1:14). Die telefoniese verbinding met die buitewêreld was nie altyd 'n sukses nie. Stewart het verskeie kere gekla oor die probleme wat hy ondervind om met die telefoonlyn te kommunikeer (WKAR 3/CT 1/4/4/2/1/1:349, 4/2/1/2/112/214).



Figuur 56: Die poskantoorstempel op Tafelberg (Bergklub-jaarblad 2008:111).

5.7.2 Poskantoor

In hierdie studie is afgekem op 'n posstempel wat daarop dui dat die berggemeenskap oor 'n poskantoor beskik het. Die stempel (figuur 56) bevat die woorde Table Mountain en Post Office en die datum 2 Junie 1893. Die poskantoor is waarskynlik in 1893 as 'n subkantoor van die Kaapstadse poskantoor geopen. Vanaf 1895 het dit ook as 'n spaarbank gedien en in Mei

1896 is dit tot 'n volwaardige poskantoor opgegradeer. Dit is in April 1897 gesluit. Die poskantoor was waarskynlik verantwoordelik vir die betaling van die werkers se lone (Visser 2009:109-110). Buiten vir die poskantoor, het die berggemeenskap ook oor 'n spesiale posbus by stad se poskantoor beskik (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:236-237).

5.7.3 Kommunikasiegapings

Kommunikasie misverstande het blykbaar gereeld tussen die berggemeenskap en die buitewêreld plaasgevind. Stewart het op 4 Januarie 1896 in verband met so 'n misverstand aan die munisipale pakhuismeester geskryf. Die brief lui dat wanneer die drywer van die Kloofnek-wa vra of voorraad opgelaaï moet word en geen voorraad beskikbaar is nie, moet die wa nie leeg teruggestuur word voordat eers met Stewart gekommunikeer is nie (US JSGB 60/13:238).

Gedurende Julie 1904 het onvoldoende kommunikasie tot probleme gelei. Stewart het op die 15de van dié maand 'n brief ontvang wat onder meer soos volg lui: *I sent up a waggon this morning to Camps Bay to bring in some tools etc. which I had sent down from the Mountain to be conveyed to Bree St. but it appears that [...].* Dit blyk dat dit 'n kommunikasie misverstand was, want die volgende dag het Stewart soos volg geantwoord: *There seems to have been some slight confusion with regard to the loading of the waggons at Camp's Bay. A waggon was ordered by this office through the Municipal Storekeeper on Wednesday last to be sent out to Camp's Bay on Friday to bring back the articles enumerated in your letter. It appears that you had also ordered a waggon to be sent out on the same day, but by mistake the articles which should have been sent in by your waggon were sent in by ours, and those which should have been sent in by ours were sent by yours.* Stewart het op 18 Julie die volgende reaksie ontvang: [...] *none of our goods were brought away by your waggon & I have to sent up another for this purpose. The waggon in question returned quite empty* (WKAR 3/CT 4/2/1/2/111/385:488).

5.8 TAAL

Engels was die owerheidstaal tydens die dambouprojekte en al die amptelike verslae daarvoor was in daardie taal. Die koerantberigte oor die bedrywighede op die berg was in Engels omdat Kaapstad in daardie stadium net oor twee Engelstalige dagblaie beskik het. Die eentaligheid van die era word geïllustreer met die bewoording op die kennisgewingbord wat in 1903 by die reservoirs geplaas is en wat in 5.1 vermeld is. Die taal van die blanke werkers was waarskynlik deurgaans Engels, te oordeel na die lyste van name wat in 3.3.2.1 verskyn. Al dié vanne word gewoonlik met Engelssprekendes geassosieer. Nêrens word na die swart

werkers se taalgebruik verwys nie. Die enigste woorde anders as Engels wat in al die bronne gevind is, is die woorde "een bietjie naar" wat op 4 Junie 1894 in die *Cape Times* gebruik is om 'n ervaring met die kabellugspoor te beskryf.


Die dambouprojekte het aan Kaapstadse verslaggewers die geleentheid gebied om hul skeppende vermoë te toon wat die woordkuns betref. Die volgende skerp verwysings na oorgewig, Skotse rokkies en hoogtevrees het uit hul penne gevloei:

- *Some of the gentlemen [...] having an eye on their own avourdupois, anxiously inquired about the stability of the wire-ropes [...].*
- *Several of the country members of Parliament, despite the fact that in some cases they possessed not only the weight of years but weight of another character [...].*
- *Kilts, by the way, seem admirable for climbing, judging by the agile way the pipers reached the mountain summit.*
- *[...] did not altogether enjoy the sensation of swinging some fifteen hundred feet above the ground with nothing between them and futurity but a half-inch rope [...]*
(UK MA BC1421 J8.1:15, J8.4:15).

5.9 GODSDIENS

Geen verwysing na godsdiensbeoefening deur die blanke werkers kon gevind word nie, maar melding word gemaak van gebede wat tydens amptelike steenleggings gedoen is. Tydens die gedenksteenlegging van die Woodhead-dam op 2 Junie 1894 is die gebedsplegtigheid deur ds Van Velden van Smithfield waargeneem. 'n Gebed is ook gedoen tydens die lê van die laaste steen van die dam op 1 Mei 1897 (UK MA BC1421 J8.1:15,32).

Godsdiensbeoefening kom wel sterk in die kollig met teenstrydige weergawes in bronne oor die toelating al dan nie van sendingwerkers onder die bergpersoneel. Aan die een kant word verklaar dat sendelinge op die berg toegelaat is. Aan die ander kant word dit vermeld dat die owerheid nie 'n sendingwerker daar wou toelaat nie. 'n Aantal bronne bevestig dat sendelinge by die berggemeenskap betrokke was. Die eerste verwysing daarna het gehandel oor 'n kategeet, James Latches, van die Anglikaanse gemeente St Philip in Distrik Ses, ook bekend as die Cowley Father's Mission, wat in 1894 gestuur is om die swart werkers op Tafelberg van die Christendom te leer (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Dié sendingwerk word bevestig



Figuur 57: Die brief van die Anglikaanse Kerk (WWM Tafelberg).

in 'n brief van die Anglikaanse Kerk onder die opskrif *Religious instruction for workers at the Woodhead Dam* (figuur 57).

Voorts blyk dit dat 'n werker in die swart gemeenskap op die berg as 'n prediker opgetree het. Dié inligting is vervat in 'n kerkbrief van 1899 waarin onder meer gesê word dat die swart bergwerkers geen god ken nie. Hulle word bestempel as woestelinge van die binneland (*wild Kafirs from up country*) wat die koers gekies het na die beskawing om te kyk of hulle nie werk kan kry nie. Sendelinge het die swart werkers aangespoor om toegewyd aandag te gee aan een van hul medewerkers wat as 'n prediker werk. Daar was ook Christelike swart mense wat as kokke vir die blanke werkers op die berg gewerk het (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Dit blyk dat aansoek ook gedoen is vir die omskepping van 'n gebou op die berg as 'n kerk. Dié aansoek is volgens die Waterwerke-komitee se verslag van 18 Mei 1894 gedoen in 'n brief wat ontvang is van 'n geestelike, eerwaarde Vader Osborne, waarin die stadsraad versoek is om 'n gebou op die berg beskikbaar stel vir die gebruik van sendingwerk onder die werkers (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/1:214). Dit word nie vermeld of die aansoek goedgekeur is nie.

Dit lyk of die dambou-owerheid se houding jeens die toelating van sendelinge gaandeweg verander het. Dit word byvoorbeeld gemeld dat 'n aansoek op 7 April 1899 van ds D Bosman van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Kaapstadse ring ontvang is om sendingwerk te doen. In die aansoek word verwys na die geestelike behoeftes van die swart werkers wat by die dambouery betrokke is. Stewart het na aanleiding van Bosman se aansoek aangevoer dat hy nog nie 'n kans gehad het om dit te oorweeg nie (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:293-294).

Op die komitee se volgende vergadering, twee weke later op 21 April 1899, blyk dit dat Bosman se aansoek gehandel het oor die plasing van 'n swart sendeling onder die swart dambouwerkers op die berg. Die stadsklerk het in reaksie op die aansoek verklaar dat hy mondelings deur Stewart ingelig is dat laasgenoemde nie ten gunste is van 'n swart sendeling op die berg nie. Die komitee het gevolglik besluit om Bosman in kennis te stel dat daar nie aan sy versoek voldoen kan word nie (WKAR 3/CT 1/4/4/1/1/2:296).

5.10 VRYETYDSBESTEDING

5.10.1 Algemene ontspanning

Die lede van die berggemeenskap het hul vrye tyd behoorlik bestee en hulle het daarvan gehou om saam te sing. Die vryetydsbesteding word in die Timoney Papers soos volg beskryf: *The staff boasted a football team, a mandolin band that won competitions in Cape Town and chess club. They had sing song parties [...]* (UK MA BC1430 Timoney Papers:1). Geen verwysing kon in enige ander bron verkry word ten opsigte van die sokkerspan, mandolienorkes en skaakklub nie, maar Farmer het bevestig dat konserte soms in die blankes se ontspanningsvertrek gehou is. Volgens hom was daar heelwat talent onder die mans. 'n Klavier was in die Stone House beskikbaar. Dit is geleen en 'n vrolike aand het gevolg (Crump 1946:10,11; NBSA AF.1998-42:11).

Die bergwerkers het in hul vrye tyd Kaapstad besoek. Die groot rede vir die blanke werkers se besoeke was omdat daar nie 'n kroeg op die berg was nie: [...] *the temptations to spend their earnings wastefully only occur when they came down to Cape Town*. Die meeste swart werkers het die stad op betaaldag of aan die einde van die maand besoek (UK MA BC1421 J8.1:22-23, J8.4:14).

5.10.2 Whiskey

Die bergbewoners was blykbaar ywerige whiskeydrinkers in hul vrye tyd en talle verwysings daarna kom voor. Tydens die eeufees van die opening van die Woodhead-dam in 1997 is vermeld dat die bergwerkers milddadig van whiskey voorsien is. 'n Bewys daarvan is geleë in die feit dat daar 'n honderd jaar later nog steeds leë whiskeybottels op die terrein opgetel is. 'n Familielid van een van die bergwerkers, James William Turnbull, het die drinkgerugte bevestig. Pam Wormser, kleinkind van Turnbull, het naamlik aangevoer dat haar oupa baie graag whiskey gedrink het (Yeld 1997:15). Daar was nie 'n kantien op die berg nie en die enigste keer wanneer die werkers in die versoeking was om hul geld verkwistend uit te gee, was wanneer hulle afgekomp het na Kaapstad (UK MA BC1421 J8.1:23). Wormser het dié besoeke soos volg beskryf: Hulle het blykbaar gereeld afgestap na die Foresters Arms ... en het dan teruggerol (Yeld 1997:15).

Farmer het vertel dat whiskey in daardie dae baie goedkoop was. Volgens hom was die whiskeydrinkery een manier om die tyd te verwyf. Buiten vir besoeke aan die stad het hulle ook swart werkers gestuur om whiskey te gaan koop: 'n goeie swartman (*a good native*) was in staat om tien bottels teen Kasteelspoort uit te dra (Crump 1946:10). Figuur 41 toon 'n groep bergwerkers wat hul vrye tyd geniet. Die foto bevestig die whiskeyverbruik. Vier mans is aktief by die drinkery betrokke. Dit blyk dat die drankhouers in verskillende groottes en vorm was. Die manier waarop dit gedrink word, verskil ook. 'n Beker en 'n koppie word gebruik, terwyl een persoon sommer uit die houer drink.

5.10.3 Farmer se vertellings

Farmer het twee humoristiese gebeurtenisse onthou wat tydens die werkers se vrye tyd plaasgevind het. Die een was van 'n werker wat soms saans nie sy woonplek op die berg kon bereik nie en die ander een gaan oor moleste met 'n wildekat.

5.10.3.1 Faithful Brookes

Farmer vertel dat baie van die mans selde die berg verlaat het omdat hulle geen belang in Kaapstad gehad het nie. Een van die bergwerkers wat gaandeweg as Faithful Brookes bekend begin staan het, is egter omtrent elke aand berg-af. En dikwels laatnag, ná sluitingstyd, was Brookes op pad terug op die Pipe Track. Hy het egter soms net gevorder tot wat vandag as Blinkwaterkloof bekend staan. Daar is 'n groot rots waarvan 'n stuk onder uitgekalk is. Dit is hier waar Brookes gereeld die res van die nag deurgebring het.

Die volgende oggend is hy dan voort teen Kasteelspoort uit. Brookes het altyd betyds vir werk opgedaag. Een oggend het een van sy mede-werkers, Tommy Stewart, by die bo-punt van die kabelspoor gewaar dat Brookes nog nie opgedaag het nie en gevra: *Where is Faithful Brookes this morning?* Net toe het Brookes sy verskyning gemaak en sy bynaam gestand gedoen (Crump 1946:11).

5.10.3.2 Wildekat

Farmer het met 'n glimlag vertel van 'n wildekat wat die gemoedere onder die bergwerkers hoog laat loop het met sy strooptogte in hul woonplekke. 'n Vanghok is in een van die woonplekke opgestel en een dag is die wildekat daarin gevang. Ná werk daardie aand het 'n groep mans in die woonplek byeengekom om na die dier te kyk en om te besluit hoe om daarvan ontslae te raak.

Gedagtig daaraan dat dit amusant sal wees om die kat buite die hok te sien, het hulle die deur van binne af toegemaak. Dit lyk of hulle verwag het dat 'n ineengekrimpde en bang dier uit die hok te voorskyn sou kom. Pleks daarvan is hulle bestorm deur 'n spuwende en krappende orkaan. Die mans het hulle paniekbevange na die deur gehaas. In die geharwar het die deurhandvatsel in een van hulle se hande afgebreek. Pandemonium het in die skemerwordende vertrek losgebreek. Die handvatsel is uiteindelik ná 'n rondsoekery opgespoor. Die deur is oopgemaak waarna die mans en die wildekat na veiligheid laat spaander het (Crump 1946:12).

HOOFSTUK 6

EVALUERING

Die geslaagdheid van dié studieprojek hang daarvan af of voldoende inligting versamel en ontleed is om grondige antwoorde te verskaf op die navorsingsvrae wat aan die begin gestel is en om te bepaal of die doel van die ondersoek bereik is.

Die gebrek aan kennis oor Tafelberg se watervoorsiening aan Kaapstad en die bestaan van die bergdorpie is nie net hedendaagse verskynsels nie, want dit is reeds tydens die dambouprojekte aangespreek. Inwoners van die stad is in 1895 in 'n koerantartikel voor stok gekry omdat hulle so min hiervan weet (UK MA BC1421 J8.1:22). Die stad se mense is waarskynlik so bestook met inligting oor die groot gebeurtenis van die tyd – die Anglo-Boereoorlog – dat enige ander nuus heeltemal oorskadu is. Verskeie verwysings na die invloed van die oorlog is opgespoor. Nuus ten opsigte van siektes onder die bergwerkers en maatreëls om hulle uit Kaapstad te hou, het waarskynlik 'n negatiewe beeld van die dambouprojekte by die stadsinwoners geskep en daartoe aanleiding gegee dat hulle hulle daarvan gedistansieer het. Hierdie tendens van onkunde is meer as 'n eeu later nog aan die orde van die dag, want baie mense wat al jare in die stad woon, het in die jaar 2010 hul gebrek aan kennis bely. Die rede vir die onkunde wat hedendaags ervaar word, is waarskynlik daaraan te wyte dat baie min inligting oor die onderwerp al gepubliseer is.

Die koms van onder andere die Britse vakmanne en die Oos-Kaapse Xhosa-werkers het beslis 'n blywende invloed op die Kaap gehad. Thomas Stewart, die hoof van die dambouprojekte, het 'n baie groot bydrae tot watervoorsiening nie net in die Kaapse Skiereiland nie, maar ook op baie dorpe in die res van die destydse Kaapkolonie gemaak. Sommige van Stewart se Britse kollegas het hulle ná die konstruksiewerk in die Kaap gevestig en sou sekerlik voortgegaan het om met hul kundigheid 'n bydrae tot hul onderskeie gemeenskappe te lewer. Wat die werkers van die Oos-Kaap betref, kan die afleiding gemaak word dat baie van hulle hulle mettertyd in die Skiereiland gevestig het. Die rede vir dié aanname is dat terwyl verskeie pogings vanuit owerheidsweë aangewend is om die mense van die Oos-Kaap in die Skiereiland te kry, geen melding gemaak word van planne om hulle weer terug te vervoer nie. Dié werkers kan dus beskou word as die voorgangers van die omvattende migrasie van Xhosa-sprekendes van die Oos-Kaap na die Skiereiland.


'n Redelik goeie voorstelling kan gemaak word van hoe die blanke dambouers bo-op die berg geleef het uit inligting oor onder meer hul huisvesting, kleredrag en vergoeding. Wat sekere kultuurhistoriese aspekte soos lewensmiddele, taal en godsdiensbeoefening betref, is te min besonderhede opgespoor om 'n volledige beeld te skets. Baie min inligting is bekend oor die swart werkers se lewe op die berg.

Dit is waarskynlik redelik om af te lei dat die twee rasgroepe mekaar se kulture negatief ervaar het. Die swart werkers is vanuit owerheidsweë aan rassisme onderwerp en streng maatreëls is tydens siekte op hulle toegepas. Die blanke werkers se neerhalende siening van die swart werkers word by talle geleenthede toegelig.

Van die grootste probleme waarmee op die berg te doen gekry is – siekte en die gebrek aan genoegsame werkers – is blykbaar nie goed opgelos nie. Ten opsigte van siekte lyk dit asof die owerheid nie voldoende maatreëls vir behandeling ingestel het nie. In plaas daarvan is die betrokke siek werkers aan streng inperkingsmaatreëls blootgestel. Die probleem van 'n skaarste aan werkers tydens die bou van die Hely-Hutchinson-dam het 'n paar jaar voortgeduur sonder dat dit opgelos is.

Spesifieke aandag is daaraan gegee om vas te stel of die dambouerswoonplek 'n naam gehad het. So 'n blyplek op 'n beroemde berg was immers tog 'n naam waardig, sou aanvaar kon word. Die blyplek word op verskeie wyses in bronne beskryf, soos onder meer *camp* (UK MA BC1421 J8.1:17), *encampment* (UK MA BC1421 J8.1:23), *private village* (NBSA AF.1998-42:11), *small hamlet* (UK MA BC1421 J8.1:22), *viable community* (NBSA AF.1998-42:6), *a minor township* (Burman 1991:41) en *village* (UK MA BC1421 J8.1:25). Nêrens kon egter 'n verwysing na 'n naam opgespoor word nie. In 'n groepgesprek op 10 Mei 2010 by die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddienste in Kaapstad is die kwessie teenoor vier ander navorsers geopper. Een van hulle het terstond met 'n voorstel vir 'n naam vorendag gekom: Dorpsondernaam. Dié naam het bly vassteek.

Dit blyk uit die voorafgaande dat deeglike antwoorde op die oorgrote meerderheid van die navorsingsvrae verkry is. Die gegewens in dié antwoorde dui ook daarop dat die oorkoepelende en besondere doelwitte van die studie bereik is.




Figuur 58: Die lokomotief in die museum.



Figuur 59: Buite-uitstalling verwaarloos.

Die uitkoms van die studieprojek kan tot voordeel van kultuurhistoriese bewaring en die bevordering van toerisme in die Kaapse Skiereiland beskikbaar gestel word. Besonderhede ten opsigte hiervan is vervat in 'n brief wat op 23 September 2010 deur die navorser aan Arne Singels, raadgewende ingenieur, Grootmaatwatervoorsiening van die Kaapstadse munisipaliteit, gerig is. Die brief lui dat 'n groot hoeveelheid inligting oor die dambouersgemeenskap nou vir die eerste keer in 'n studie blootgelê is en daar word voorgestel dat dié besonderhede in die vorm van 'n brosjure of pamflet aan die inwoners van Kaapstad en ander belangstellendes beskikbaar gestel word.

Voorts word verwys na die Waterwerke Museum waarin die lokomotief wat tydens die damboukonstruksie gebruik is (figuur 58) asook implemente en toerusting uitgestal word. Dit



Figuur 60: Dorpsondernaam-roete (Google Earth Cape Town Map: 1998-2010).

word vermeld dat dié gebou te klein is om 'n behoorlike uitstalling aan te bied. Die uitstalling van implemente en toerusting is ongeorden en die voorwerpe in die buitelig-uitstalling (figuur 59) langs die museum is verwaarloos en aan die verval. Die bewoording op die inligtingsbordjies is in die meeste gevalle onleesbaar as gevolg van natuurlike beskadiging en vandalisme. Dan word voorgestel dat die Opsigtershuis met sy groter spasie en sentrale ligging vir die vestiging van die museum omskep word.

Die laaste voorstel in die brief is dat 'n staproete op die terrein van die gewese bergdorpie uitgelê word wat spesifiek op die kultuurgeskiedenis van die dambouers fokus. Die naam van die roete word voorgestel as die Dorpsondernaam-staproete / Town Without Name Hiking Trail. Die roete word in figuur 60 uiteengesit. Die verklaring vir die nommers is soos volg: 1 – Begin- en eindpunt op die Pipe Track; 2 – Klein Kasteel, 3 – Boonste kabellugstasie; 4 – Shelter; 5 – Akkommodasie vir swart werkers; 6, 8 en 12 – Natuurskendings; 7 – Woodhead-dam; 9 – Stone House; 10 – Hely-Hutchinson-dam; 11 – Enigste bestaande werksgebou; 13 – Opsigtershuis; 14 – Akkommodasie vir blanke werkers.

Die verwerking van die dambouersinligting in 'n dokument, die verskuiwing van die museum en die uitlê van die staproete sal bydra tot die bekendstelling en bewaring van 'n belangrike deeltjie van Kaapstad se kultuurhistoriese verlede en ook toerisme na een van die bekendste natuurbakens op aarde laat toeneem.

BRONNELYS

AFKORTINGS

NBSA	Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika
UK MA	Universiteit van Kaapstad: Manuscripts and Archives
US JSGB	Universiteit van Stellenbosch: JS Gericke Biblioteek
WKAR	Wes-Kaapse Argief- en Rekorddienste
WWM	Waterwerke Museum, Tafelberg

LITERATUUR

Anson-Cook, RE	1965	Seventy-Five Years (<i>The Journal of the Mountain Club of South Africa</i> , No 68)
Boerneef	1965	<i>Stad en Land</i> , Nasionale Boekhandel: Kaapstad
Boerneef	1977	<i>Versamelde poësie</i> , Tafelberg: Kaapstad
Böeseken, AJ	1974	<i>Jan van Riebeeck en sy gesin</i> , Tafelberg: Kaapstad
Bonthuys, J	2004	Bewaring: Wes-Kaap kosbaar vir wêreld (<i>Die Burger</i> , 2 Julie)
Breytenbach, J	2010a	Mense in buiteland stem ook vir Tafelberg as 'n natuurwonder (<i>Die Burger</i> , 18 September)
Breytenbach, J	2010b	Twee notas by lyk op Tafelberg gevind (<i>Die Burger</i> , 19 Januarie)
Breytenbach, J & M Potgieter	2010	Duitser sterf in hitte langs Platteklip-ravyn (<i>Die Burger</i> , 22 Februarie)
Burman, J	1991	<i>The Table Mountain Book</i> , Human & Rousseau: Kaapstad
Butchart, D	1996	<i>Wild about Cape Town</i> , Southern Book Publishers: Halfweghuis
Cloete, J	2010	Sweefspoor kry 20 miljoenste besoeker (<i>Die Burger</i> , 26 Maart)
Compton, RH	1930	<i>Kirstenbosch and the Public Gardens of Cape Town</i> , Kaapse Skiereiland

Publisiteitsvereniging: Kaapstad

- Crump, WH 1941 Those early Rangers (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 44)
- Crump, WH 1945 Blinkwater Johnny (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 47)
- Crump, WH 1946 The Lower Plateau in the Nineties (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 49)
- Crump, WH 1958 'A cavern which secured me from storms' (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 61)
- De Beer, M 1987 *The Lion Mountain*, AA Balkema: Kaapstad
- De Villiers, D ea 1961 *Nuwe FAK-Sangbundel*, Nasionale Boekhandel: Kaapstad
- Diesel-Reynolds, L 1926 The early days of mountaineering at the Cape (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 29)
- Du Plessis, EJ 1973 *'n Ondersoek na die oorsprong en betekenis van Suid-Afrikaanse berg- en riviername*, Tafelberg: Kaapstad
- Du Plessis, ID 1972 *The Cape Malays*, AA Balkema: Kaapstad
- Du Plessis, M ea 2005 *Pharos Afrikaans-Engels English-Afrikaans Woordeboek Dictionary*, Pharos Woordeboeke: Kaapstad
- Fairall, A 2002 *Starwatching – a Southern Hemisphere guide to the galaxy*, Struik: Kaapstad
- Forbes, VS 1975 *Anders Sparrman – A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic Polar Circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffres from the year 1772 – 1776*, Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad
- Grobbelaar, PW 1981 *Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans* (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch)

- Hampton, C & A 2006 *Table Mountain to Cape Point*, Struik: Kaapstad
McIlleron
- Harrison, J ea 1997 *ABSA Table Mountain*, Jacana: Houghton
- Hey, D 1994 *The Mountain*, Tafelberg: Kaapstad
- Katz, C 1963 Rock Climbing Accidents (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 66)
- Kench, J 1988 *Know Table Mountain*, Chameleon Press: Dieprivier
- Lückhoff, CA 1951 *Table Mountain – our national heritage after three hundred years*, AA Balkema: Kaapstad
- Lourens, T 1998 *Table Mountain Classics*, Blue Mountain Adventures: Kaapstad
- Muir, J 1975 *Know your Cape*, Howard Timmins: Kaapstad
- Murray, M 1964 *Under Lion's Head*, AA Balkema: Kaapstad
- Oberholster, JJ 1972 *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika*, Natuurstigting Rembrandt van Rijn: Stellenbosch
- Oosthuizen, N 2008 Op 'n goeie eerste dekade (*Die Burger*, 16 Augustus)
- Pauw A & S 1999 *Table Mountain – a natural history*, Fernwood Press: Kaapstad
Johnson
- Picard, HWJ 1969 *Grand Parade – the birth of greater Cape Town 1850 – 1913*, Struik: Kaapstad
- Power, GW 1981 75th Anniversary of the Table Mountain Hut (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 83)
- Rolston, T 2010 Exploring a new hiking path (*Cape Argus*, 31 Januarie)
- Rosenthal, E gd *The Story of Table Mountain*, Rustica Press: Kaapstad
- Ross, C 1919 Snow on Table Mountain (*The Journal of the Mountain Club of South*

Africa, No 23)

- Schoeman, A 2009 Raaisel op Tafelberg (*Die Burger*, 11 Desember)
- Schrire, G 2003 *Camps Bay: an illustrated history*, Tricolor Press: Kaapstad
- Shorten, JR 1963 *Cape Town – a record of the Mother City from the earliest days to the present*, Shorten & Smith: Kaapstad
- Smuts, JC 1952 *Jan Christiaan Smuts*, Cassell & Company: Kaapstad
- Solomon, V 1998 The 'Public Shelters' – a lost chapter of Table Mountain history (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 100)
- Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel IV (1981), Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Pretoria
- Travers-Jackson, 1909/
GF 1910 Two new routes up Table Mountain (*The Mountain Club Annual*, No 13)
- Van der Heever, 2009
V Tafelberg 'bied standvastigheid, nes Mandela' (*Die Burger*, 2 Junie)
- Van Zyl, B 1997 Stap maklik na die disas wat op Tafelberg blom (*Buite-Burger*, 18 Februarie)
- Visser, A 2009 The curious case of the reservoirs and Table Mountain's postal services (*The Journal of the Mountain Club of South Africa*, No 110)
- Weerts, F & C 1909/
Robertson 1910 Account of Survey of Wynberg Caves (*The Mountain Club Annual*, No 13)
- Woods, CR 1894 The meteorology of Table Mountain (*The Mountain Club Annual*, No 2)
- Yeld, J 1997 (True) story behind the building of the Woodhead dam (*Cape Argus*, 2 Mei).

PERIODIEKE PUBLIKASIES

Cape Church Monthly - Oktober/November 1899

Die Burger - 12/05/1997

Mail & Guardian - 06/12/2009

Cape Argus - 1895 - 1904, 16/01/1912, 30/12/1932, 14/12/2009

Cape Argus Weekly Edition - 18/04/1894, 19/03/1902

Cape Times - 1892 - 1904, 05/10/1929

Cape Times Weekly Edition - 06/06/1894, 21/10/1903

The Engineer - 20/05/1938

The Journal of the Mountain Club of South Africa – No 100, 1997; No 111, 2008

The Mountain Club Annual - No 3, 1895; No 8, 1903; No 10, 1905; No 11, 1907; No 13, 1909/1910

PAMFLETTE

Drie Pieke	2010	Posbus 2822, Clareinch 7740 RSA
Ou Mutual Twee Oseane-marathon	2010	Posbus 2276, Clareinch 7740 RSA
Stad Kaapstad	2010	Posbus 4214, Kaapstad 8000 RSA

ARGIVALE BRONNE

(NBSA) Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika

AF.1998-42 - *Woodhead Dam centenary; one hundred years*, Munisipaliteit van Kaapstad

(UK MA) Universiteit van Kaapstad: Manuscripts and Archives

BC1421

J8 – *Newspaper clippings on water supply*

J8.1 – *Cape Town water supply, Table Mountain reservoir, Cape Town sewage and drainage, water boring. Simonstown water scheme, irrigation, rainfall: Cape Peninsula 1891-1897.*

J8.4 – *Newspaper Cuttings 1898-1902. General Book. Cape Town, Wynberg, Kalk Bay, Port Elizabeth, Oudtshoorn, Cape Town Districts water works, Somerset East, Caledon, Burghersdorp, etc.*

J8.6 – *Cape Town cuttings 1903/1904*

BC1430

Terence Timoney Papers, File 1 (Cape Town Water Supply)

Mountain Club of SA, H32T Stewart (work engineer), Collection of photographs. Construction of Woodhead and Hely Hutchinson reservoirs (Table Mountain), 1892 onwards.

(US JSGB) Universiteit van Stellenbosch: JS Gericke Biblioteek

Dokumentsentrum MS60, Kode 3005292663. 60/13 Stewart (Th.), Dokumente, *Letter Book, Capetown, Service Reservoir en Lining Tunnel*. Briewe van Stewart; 08/11/1894 tot 26/10/1896.

(WKAR) Wes-Kaapse Argief- en Rekorddienste

Colonial Office (CO)

3873:250 – *Application to sell land at foot of Devils Mountain (1809)*

Foto's

AG13711, AG13720, AG13722, AG13729, DRJ393, J6276

Medical Officer of Health (MOH)

37 - *Folios 335-438; Plague Records; 1901-1905*

Government House (GH)

1/469:74

Grondsake (LND)

1/373:L5801 – *Table Mountain Club: Erection of beacon at Platteklip (1892)*

- 1/437:L4423 – *Bridle Path, Table Mountain (1893 – 1897)*
 1/466:L6792 – *Erection of landmarks on Table Mountain (1893)*
 1/495:L7636 – *Cape Municipality: Table Mountain: catchment area (1894 – 1895)*

Kaarte

- M4/859 – *Plan illustrating proposed water scheme to Cape Town*

Landbou (AGR)

- 29:G74 – *Permit to shoot rock-rabbits on Table Mountain regiment (1892)*
 131:F553 – *Kings Blockhouse & Erection of Stable, Shed etc. (1893 – 1895)*
 201:F1398 – *Kloof Nek Block House, use of by Cape Town Council (1893)*
 747:B2705 – *Plan & Specifications of Devils Peak Forester's Cottage (1894)*

Munisipaliteit van Kaapstad (3/CT)

- 1/4/4/1/1/1 - *Index to Water Works, No. 1, from 21st. Oct. 1892 to 1st. Oct 1897*
 1/4/4/1/1/2 – *The Corporation of the City of Cape Town Water Works & Fire Brigade Committee Minute Book no. 2 (22 October 1897 to 18 August 1899)*
 1/4/4/2/1/1, 1/4/4/2/1/2, 1/4/4/2/1/3, 1/4/4/2/1/4, 1/4/4/2/1/5 - *The Corporation of the City of Cape Town. The Electric and Water Works & Fire Brigade Minutes Books No 1 - 5*
 4/1/1/91:E42/1 – *Hely-Hutchinson Reservoir; Remuneration to mr. Stewart*
 4/1/1/117:E202/1 – *Paths on Table Mountain (1910)*
 4/1/5/121:B536/5 – *Table Mountain (1925)*
 4/1/11/104:G5/47/15 – *Celebrations, exhibitions, shows, etc. (1960)*
 4/1/11/207:G7/1/28 – *Conferences and congresses; preservation of Table Mountain (1947)*
 4/1/11/477:G23/20 – *Rhodes Memorial, Grootte Schuur (1960)*
 4/1/11/482:G23/39 – *General Smuts memorial plaque (1952 - 1955)*
 4/1/11/487:G23/46/1 – *Table Mountain [...] proclaimed as a national monument (1961)*
 4/1/11/490:G23/63 – *Memorials, Monuments Etc. Table Mountain – steam locomotive*
 4/2/1/1/2:1312/5 – *Inspection of the Table Mountain Reservoir Works*
 4/2/1/1/47:1173/9 – *City Engineer's Department*
 4/2/1/1/123:1032/111 – *Chain on Lion's Head (1912)*
 4/2/1/1/123:1043/1 – *City Engineer's Department*
 4/2/1/2/111:385 – *Table Mountain Matters (1904 - 1905)*
 4/2/1/2/112/58 – *Table Mountain Matters (1903-1904)*
 4/2/1/2/112/214 – *Table Mountain Matters (1903)*

Native Affairs

NA518:A.409 - *Figures relating to Native Labourers, Cape Town 1902*

Visserybeheer (PAN)

83:K18/9 – *Cape Town: trout fishing Table Mountain reservoirs (1907)*

(WWM Tafelberg) Waterwerke Museum, Tafelberg

Uitstalling van implemente, toerusting en foto's

VISUELE BRONNE**Foto's**

Versameling foto's in die besit van WJ Beukes, Visagiestraat 8, Monte Vista 7460 RSA

Kaart

Google Earth: Satellite View and Map of Cape Town, South Africa: 1998 - 2010

ONDERSOEKE TER PLAATSE

Al die ondersoeke ter plaatse is gedurende die jare 2009 en 2010 uitgevoer